
# HOOFSTUK 9



*Terrein- en gebou-ontwikkeling*




*Grafiese voorstelling van die PUK soos teen 2004*
*(Bron: Lugfoto oorgeneem uit jaarboek, 1951 aangepas tot 2004 deur Marlize van Rooyen, Grafiese Dienste)*

***Gert van den Bergh***

'n Vraag wat vóór die selfstandigwording van die Universiteit sekerlik deur veral PUK-akademici geopper is, was of die geboue-infrastruktuur voldoende was. Genoeg studente en darem meubels, is in 1923 gesê, maar geen geboue – alles "onder die blote hemel".[1] Sowat 28 jaar later, na 'n kampusmetamorfose vanaf kerkbuitekamers, sinkbarakke en sinkgeboue was die voorkoms van die Universiteit aansienlik meer aanvaarbaar, maar toe was dit nog net die begin.





***Sommige van die sinkgeboue op die PUK-kampus voor 1951 (Bron: Me. M. Coetzee {neé Van Rooy})***

Die aspekte wat in hierdie hoofstuk behandel word, val uiteen in beplanning en uitvoering. Beplanning behels sowel die strukture as die benutting van die terrein. Onder uitvoering word verstaan sowel die oprigting en verbouing van geboue en strukture as die verandering van die terrein ter wille van nuwe uitbreiding en die vernuwing van universiteitsfasiliteite. Ook sal die volgende aspekte in hierdie hoofstuk bespreek word: die eise wat groeiende studentegetalle aan kampusuitbreiding gestel het, die akkommodering van studierigtings wat gekom en gegaan het en alle aspekte wat verband hou met die totale leef- en gebruiksruimte van die kampus.

## 9.1 Beplanning, komitees en departemente

### 9.1.1 Beplanningsbeheer

Onder die baie faktore wat beplanning beïnvloed het, is die aandeel wat opeenvolgende rektore op ontwikkeling uitgeoefen het. Gedurende die kort rektorstermyn van J.C. van Rooy vanaf 1951 is vordering gemaak met onder andere gebou-ontwikkeling, en hy het self kort voor sy dood in 1954 nog die hoeksteenlegging van die Studentesaal waargeneem.



***Die hoeksteenlegging van die Studentesaal, 1954 (Bron: Me. M. Coetzee)***

Die tienjaartermyn van prof. J. Chris Coetzee (1953-1963) is gekenmerk deur die standpunt van die "maksimum ruimte, maksimum gerief, so mooi en sierlik as dit kan, maar vir tierlantyntjies is daar geen geld nie" – 'n uitspraak wat gedui het op die onderliggende finansiële beperkinge waardeur die ontwikkeling van alle aspekte van die terrein steeds geknel sou bly. Ten spyte daarvan is aan die einde van sy termyn 25 groot akademiese, verblyf- en administratiewe bouprojekte en talle kleineres aangepak of afgehandel.[2]

Na prof. Coetzee het die 13 jaar van die H.J.J. Binglerektorskap gevolg – 'n periode wat gekenmerk is deur 'n staatsbedeling van ruimer finansiële bydraes aan universiteite. Vir die PUK het die groter finansiële ondersteuning die geleentheid geskep om die gevestigde konserwatiewe groeibeleid te verruim: daar kon wegbeweeg word van die klem slegs op nuttigheid, essensiële strukture en eenvoudige ontwerpe na 'n vertrekpunt van "sigbaar groter en sterker". Hierdie verandering in voorkoms en grootte was ook in ooreenstemming met die drievoudige groei in studentegetalle en die meer as verdubbeling van die dosentekorps. Gedurende sy termyn moes ruimte vir 16 nuwe departemente voorsien word. Die kapitale bates van die PUK het in dié tyd agtvoudig vermeerder, terwyl bouwerk ter waarde van R20 000 000 aan die einde van prof. Chris se termyn nog aan die gang was.[3] Naas die funksionele aspek sou in toekomstige gebou-ontwerpe ook vir die estetiese in eie reg voorsien word. Hierdie dimensie is bevestig deur die gebruikmaking van 'n nuwe geslag argitekte. Sommige van hulle het soms gelyktydig aan verskillende geboue gewerk. Ten einde harmonie in die geboubeplanning en terreinuitleg te verseker, is 'n holistiese boubeleid voortaan gevolg wat in pas was met 'n vernuwende beplanningsbenadering.

Die vérsiende bouprogram gedurende prof. Bingle se termyn het, in sy eie woorde, die volgende geïmpliseer: "ge-

boue en nog eens geboue". Die gebrek aan omvattende langtermynterreinbeplanning was egter met die aanvang van sy rektorskap steeds opvallend. Dit blyk nêrens beter as uit sy aanvanklike gedagtes rondom die enigsins lukraak plasing van nuwe geboue en komplekse en die herbenutting van bestaande geboue nie. Hoewel vyf van die agt projekte wat hy in 'n beleidsverklaring in 1956 gevisualiseer het, nie verwesenlik sou word nie, het hy die ontwikkeling van die Oude Molen as sportveld en die "Spinnekop"-kompleks by die Departement Natuurwetenskappe voorsien.[4]

Die rektorskap van prof. T. van der Walt, die opvolger van prof. Bingle, die bouer, is gekenmerk deur 'n beleid van minder bouwerk, maar met 'n toegespitstheid om 'n eie karakter aan die kampusterrein te gee. Sy termyn is gevolglik gekenmerk deur essensiële nuwe en omvattende terreinbeplanning; bouwerk is grootliks beperk tot die aanbouing van bestaande strukture.[5] Uit hierdie benadering sou 'n sterk terreinpatroon ontwikkel wat ook die verskeidenheid boustyle op die kampus moes versoen. Die omvattende bouprogram van sy voorganger het inderdaad 'n toespitsing op die estetiese noodsaaklik gemaak.

Die voortgesette fisiese ontwikkeling van die Universiteit gedurende die dertienjaarlange rektorstermyn van prof. C.J. Reinecke is, veral in die negentigerjare, grootliks bepaal deur die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, die gepaardgaande akademiese klemverskuiwings en die rasionalisering van studieprogramme. 'n Onderliggende faktor in dié ontwikkelingsfase was prof. Reinecke se aandrang op akademiese voortreflikheid. Gesamentlik het hierdie elemente onvermydelik 'n neerslag op kampusontwikkeling gehad. 'n Ingrypende verskuiwing van die PUK se akademiese organisasie en die sluiting van 'n aantal akademiese departemente weens 'n afname in aanvraag het 'n ongeëwenaarde fisiese verskuiwing van akademiese en administratiewe departemente tot gevolg gehad. Hierdie verskuiwings het weer gelei tot 'n omvattende verbouingsprogram van bestaande strukture. 'n Verdere faktor wat die bouprogram beïnvloed het, was die inkorporering van die Onderwyskollegekampus met sy aansienlike aantal geboue by die PUK. Uiteindelik het die voortdurende groei in studentegetalle en die fasiliteite vir studente wat voorsien moes word, hierdie tipe ontwikkeling geraak.

Naas die inset van rektore is kampusontwikkeling deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed. Intern wissel hulle van die ligging, grootte en vorm van die kampus tot studentegetalle, -behoeftes en -voorkeure, die invloed van senior persoonlikhede, die behoefte aan modernisering en opgradering, estetiese oorwegings en akademiese uitbreiding en inkrimping. Onder buitefaktore tel in die eerste plek die beheer wat 'n aantal staatsdepartemente oor die bouprogram uitgeoefen het. Die belangrikste onder hulle was die Departemente van Onderwys en Kultuur, Ekonomiese Sake, Openbare Werke, Gemeenskapsbou, asook Nieblanke Sake en die latere eweknieë van hierdie departemente. Daarnaas geld die invloed van die Potchefstroomse Stadsraad en die dorpsamelewing in die onmiddellike omgewing van die Universiteit. Ook boukundig-tegniese vooruitgang en argitektoniese stylveranderings en die invloed van nasionale en buitelandse universiteite het 'n rol gespeel.

Die persoonlike ywer van die rektore was altyd 'n bepalende invloed in die ontwikkeling van die kampus, maar sedert die vyftigerjare het verskeie argitekte 'n eiesoortige stempel op die kampusontwikkeling afgedruk. Namate die bouprogram versnel is, is soms gelyktydig van verskillende argitekte se dienste gebruik gemaak. Waar die rektore se invloed om die doelmatigheid van beplanning gewentel het, was dié van die argitekte toegespits op die voorkoms van sowel die afsonderlike geboue as die uitleg en harmonie van die kampus as geheel. Die rol van argitekte het betekenisvol toegeneem: van 'n enkele persoon tot die gebruikmaking van gespesialiseerde boukundiges soos bourekenaars, kampusbeplanners, ingenieurs en landskapsargitekte.

## 9.1.2 Die Komitee vir Terreine en Geboue

Met die aanvang van die tydperk na selfstandigwording was die terreinbeplanningsmeganisme in die hande van die Komitee vir Terrein(e) en Geboue[6] (KTG) wat die Raad van die PUK geadviseer het oor alle terreinaangeleenthede. Die belangrike rol wat die Komitee reeds teen 1950 gespeel het, is daarin weerspieël dat dit uit nie minder nie as agt permanente lede bestaan het. Naas die registrateur as sekretaris was ses van die Komiteelede senior lede van die dosentekorps en die ander is deur die Raad benoem. Die rektor het, ex officio, vergaderings periodiek bygewoon. Waar nodig, is kundiges, meestal in diens van die PUK, by vergaderings betrek. Soos dit nodig geag is, is ad hoc-komitees vir bepaalde ondersoeke aangewys. Die klerk wat gefunksioneer het as hoof van Werke, bygestaan deur 'n aantal ondersteunende werkeklerke, was die professionele amptenaar op die Komitee. Dié samestelling het periodieke wysigings en aanpassings ondergaan namate die belangrikheid daarvan toegeneem het. Teen die einde van die eeu was die rektor self voorsitter en het die vier viserektore daarop sitting gehad. Onder die 16 lede was toe ook die rektor en die registrateur van die Onderwyskollege, 'n verteenwoordiger van die Minister van Nasionale Opvoeding en 'n studenteraadsverteenwoordiger.[7] Die behoefte aan finansiële en tegniese kundigheid het daartoe gelei dat die Raad in 1954 nog twee permanente lede op die Komitee benoem het: die assistentregistrateur en die superintendent vir Terreine en Geboue.[8]



*Mnr. M.G.L. Bosman, bekend as "prof. Bossie", die jarelange terreinopsigter van die PUK*
*(Bron: PUK-Argief {Fotografiese Dienste})*

Omdat die KTG-verslae op die Raadsagenda gedien het, het die Komitee telkens kort voor Raadsvergaderings vergader. Die verslae het oor die jare heen langs verskillende weë by die Raad uitgekom, hetsy as deel van die rektorsverslag, as deel van die verslag van Finansiële Beheer (Finansies en Eiendomme), of deur die Uitvoerende Komitee.[9] Teen 1954 was die Komitee 'n subkomitee van die Raadskomitee vir Finansies en Eiendomme. Die algemene taakomskrywing van die KTG in daardie stadium was om die Raad van advies te voorsien oor die fisiese ontwikkeling van die PUK, maar die werksaamhede van die Komitee dui daarop dat dit die Raad ook moes bedien met voorstelle oor alle aspekte van die terreinbeplanning, die benutting van ander eiendom, onderhoudsbeplanning en die finansiële aspekte daaraan verbonde.

Die fisiese groeiversnelling van die PUK gedurende die Bingle-jare is weerspieël in wysigings in die beheeropset van terreinontwikkeling en in die samestelling en take van die Komitee. Onder prof. Bingle is die funksie van die KTG nader omskryf as "om in die lig van bestaande behoeftes sowel as die verwagte toekomstige ontwikkeling en uitbreiding van akademiese behoeftes beplanning van die terrein en geboue te doen". Hierdie funksie het ook die fisiese en onderhoudsbeplanning ingesluit (in daardie stadium ook van die Vaalrivierkampus), die voorlê van die algehele kapitaalbehoeftes van Universiteit aan die Raad en alle sake in verband met bestaande eiendom.[10]

Eers in 1992, tydens die rektorskap van prof. Reinecke, is die aard van die funksies van die KTG soos volg heromskryf:

- beleidmakend en beherend ten opsigte van die beplanning en oprigting van nuwe strukture;
- evaluerend ten opsigte van die verandering aan bestaande strukture en
- beplannend ten opsigte van die meesteruitleg van albei kampusterreine.[11]

Die funksies van die Komitee was steeds die beplanning, oprigting en instandhouding van nuwe strukture, die aankoop en verkoop van vaste eiendom, die wysiging van bestaande strukture en die ontwikkeling van die terrein. Daarby is gevoeg 'n jaarlikse prioriteitsbeplanning op grond van beskikbare fondse. Vanweë hierdie vergrote verantwoordelikhede is die voorsitterskap aan die rektor toevertrou.

## 9.1.3 Die Departement Kampusbeplanning

'n Nuwe stap was die daarstelling van die Departement Kampusbeplanning as subkomitee van die TGK. Verskeie oorwegings het daartoe gelei.

Die groei wat die Bingle-tydperk getipeer het, was aanvanklik enigsins gekortwiek deur vrese van die Komitee dat die bestaande skuldlas aan bouwerk wat reeds afgehandel of aan die gang was, verdere nuwe bouwerk riskant sou maak. Die vraag is gevra of die bestaande skuld nie eers afgewerk moes word nie en die bewering is selfs gemaak dat die PUK reeds in al sy fisiese behoeftes voorsien het. Op grond van sulke aannames is 'n benadering van "markeer die pas" gevolg, en die beplanningswerksaamhede in verband met nuwe bouwerk het vir 'n tyd tot stilstand gekom. Daarna is egter weer met ywer weggespring om 'n ongeëwenaarde bouprogram aan te pak.[12] Teen 1986 is besef dat die uitbreiding van die PUK 'n nuwe pasversnelling noodsaak. In 'n beplanningsverslag is beweer dat die PUK 10 000 studente kon akkommodeer terwyl die Universiteit net huisvestiging vir 2 500 gehad het. Vir 1985 is vir 7 400 koshuisinwoners voorsiening gemaak, terwyl die destydse bestaande ruimte vir slegs twee derdes van hierdie getal studente verblyf en onderrig kon bied.[13] Hierdie statistiek was so ontstellend dat daar aan die stigting van 'n aparte universiteit of satellietkampusse gedink is. Ook nuwe, ruimer en hoër geboue is beplan. Vergesigte soos dié het tydige en deeglike langtermynbeplanning geverg. Toenemende studentegetalle vanaf die sestigerjare het akademiese langtermynstrategie, en op sy beurt, fisiese langtermyn-




*Die kampus in die vyftigerjare en 'n ongeteerde Hoffmanstraat met die vooruitsig vir meer gestruktureerde beplanning deur die Departement Kampusbeplanning*
*(Bron: PUK-Argief)*

projeksies genoodsaak. Die vereiste vir nuwe geboue was so groot dat teen die einde van die sestigerjare besef is dat sekere geboue wat vir sloping aangewys is, so nuut was dat hulle nog nie ten volle afbetaal was nie.[14]

In plaas daarvan dat uitbreiding gekeer is, het dit versnel. 'n Oogmerk met die nuwe Departement was om dit te beheer. Daarvoor is kundiges van buite gebruik vir die oorhoofse beplanning van alle aspekte van die Universiteitsterrein. Onder hulle was twee argiteksfirmas, Daan Kesting, Brandt en vennote en W.O. Meyer en J. van Wijk. As raadgewende ingenieurs is Bruinette, Kruger, Stofberg en Hugo benoem.[15] Hulle moes enersyds die terreinbeplanning doen[16] en andersyds breë riglyne oor stylpatrone aan die uitvoerende argitekte deurgee om te verseker dat die boustyle op die kampus met mekaar versoenbaar sou wees. Ook moes hierdie raadgewende ingenieurs kosteberekenings maak.[17] Later is 'n konsortium van argitekte benoem.[18] Dieselfde prosedure is daarna gevolg vir die daarstelling van 'n meesterplan vir terreinontwikkeling, 'n saak wat 'n chroniese bekommernis vir die KTG sou bly.[19]

*Prof. Bingle by die argitekte van Johannesburg saam met*



*mnr. Schwellnus, burgemeester, Potchefstroom*
*(Bron: H.J.J. Bingle)*

Sulke omvattende projeksies is op grond van behoefte en beskikbare fondse periodiek gewysig, agterweë gelaat of geskrap sodat die KTG telkens weer en ten spyte van die moeilike uitvoerbaarheid daarvan, die herinstel-ling van 'n oorhoofse plan vir die ontwikkeling van die kampus aangeroer het. Aan die einde van die eeu het versnelde akademiese aanpassings, vergroot deur die inkrimping van die ruimtelike kapasiteit van die kampus, die KTG laat besluit om weer eens 'n meesterplan vir ontwikkeling te oorweeg. Dit is aan prof. Manie Geyer van die Departement Stads- en Streeksbeplanning, wat die voorspraakmaker vir so 'n plan was, opgedra om 'n ontwerpplan voor te lê.[20]

In 'n omvattende verslag is al die elemente wat vir vorige meesterplanne gegeld het, weer stapsgewyse deurgetrap en die akademiese herstrukturering van die PUK is uitgelig. Geen nuwe visie of werkswyse ten opsigte van die uitvoering van die plan het na vore gekom nie en die Werkkomitee het heelwat voorbehoude daaroor uitgespreek.[21] Slegs 'n raadgewende subkomitee van die Werkkomitee is genader om bystand te verleen met die toekomstige kampusbeplanning.[22]

Nog 'n faktor wat tot die daarstelling van die Departement Kampusbeplanning aanleiding gegee het, was die besparingsmaatreëls van staatsweë wat vir universiteite op die SANSO-stelsel uitgeloop het.

As hoof van die Departement is in 1978 'n direkteur vir Kampusdienste aangestel om sowel die fisiese beplanning as die instandhouding van die kampus te beheer. Die direkteur (later Hoof: Kampusbeplanning) was sedert 1982 verantwoordelik aan die Registrateur: Finansies en Beplanning (later Hoofdirekteur: Beplanning en Inligting). 'n Vername taak van die direkteur was die beheer oor besteding ten opsigte van ruimtebenutting en bouwerk. Voortaan het die beplanning in noue samewerking met dekane en belanghebbende departementshoofde geskied.[23] Verder is in 1985 ook 'n langtermynonderhoudsprogram ontwerp vir begrotings- en finansieringsdoeleindes.[24] In 1963 het die staat die oprigtingskoste van koshuise beperk tot R1 600 (sedert 1969 R2 828) per student en R51 500 per m$^2$ lesingsaalruimte. In albei gevalle het hierdie beperking gelei tot die wysiging van bouplanne vir koshuise.[25] Die SANSO-voorwaardes was 'n verdere beperking op die besteding aan addisionele lokale. Daarvolgens was die PUK-vloerruimte 18% meer as wat sy studentetal geregverdig het.[26] Hierdie toedrag van sake het die opstel van 'n gesistematiseerde voorkeurlys vir verbouings genoodsaak.[27]

'n Mindere taak van die Departement Kampusbeplanning was die beheer oor die personeel van Tegniese Dienste. Van die vernaamste posbekleërs gedurende hierdie tyd was 'n superintendent vir konstruksiewerk en drie werkeklerke. Met die daarstelling van die Departement Kampusbeplanning is die KTG weer eens gelas om 'n beleidskrif op te stel oor die fisiese langtermynbeplanning vir die Universiteit. Oorwegings wat in aanmerking geneem moes word, was steeds toenemende studentegetalle, beperkings wat uit

die SANSO-bepalinge gespruit het, die ruimtelike beperkings van die PUK-terreine (ook die Vaaldriehoekkampus) en die herbenutting van bestaande geboue wat ontruim is nadat nuwe geboue betrek is. 'n Nuwe opdrag was die aankoop van bestaande geboue buite die kampus.

Die Komitee het bevind dat die PUK redelik goed daaraan toe was wat die plasing van geboue betref, maar dit het nie die nadeel van geleidelike ontwikkeling sonder 'n langtermynontwikkelingsplan ontkom nie. Die SANSO-bepalings het beplanning genoodsaak. Vir die toekoms is deeglik na die benutting van bestaande geboue gekyk voordat nuwes opgerig is. As vertrekpunt is 'n breë raadplegingsprosedure met dekane gevolg, aangesien verskuiwings van departemente voorsien is[28] om te verseker dat bestaande ruimtes optimaal benut word.[29]

Die toenemende finansiële bestuurslas van die PUK het in dié tyd daartoe aanleiding gegee dat die notules van die KTG aan die Finansiële Komitee voorgelê moes word vir kommentaar en dat relevante sake van daar af na die Bestuurskomitee en die Raad deurgegee moes word.[30]

In 1992 het verantwoordelikhede rondom terreinontwikkeling enersyds, en die toenemende kompleksiteit van die pligte van die rektor en die Raad andersyds, sodanig toegeneem dat 'n verdere herorganisasie van die beheer daaroor noodsaaklik geword het. Besluitnemingsbevoegdhede is gevolglik van die Raad na die KTG afgewentel. Dit het 'n herevaluering van die pligte van die Bestuurskomitee, die KTG en die nuwe Werkkomitee meegebring. 'n Uitloper hiervan was dat die volgorde vir bouprosedures in 1994 soos volg vasgestel is: die benoeming van die argitek en struktuuringenieur, akoestiese konsultant, elektriese ingenieur, ensovoorts; die opstel van sketsplanne; die voorlegging van argiteksplanne; die aanvra en sluiting van tenders; die aanvaarding van 'n tender en die vasstelling van die voltooiingsdatum.[31] In 1996 is bepaal dat konsultante aangewys moes word vir nuwe geboue en die opgradering van bestaandes. By sulke benoemings sou die Werkkomitee bepaal watter graad van kundigheid nodig was. Na die benoeming van 'n argitek moes 'n werkspan benoem word om hom by te staan.[32] Aan die begin van 2001 het die Werkkomitee bepaal dat hoeveelheidslyste voorsien moes word aan persone wat wou tender vir alle ondernemings wat meer as R100 000 sou kos.[33] In dié tyd is besluit om bourekenaarsgelde te bespaar deur dié werk voortaan rekenaarmatig deur die beplanningsafdeling te laat doen.[34]

## 9.1.4 Die Werkkomitee

Vroeg in die negentigerjare is die Bedryfskomitee, ook die Werkkomitee genoem, as subkomitee van die KTG aangestel. Die taak van die Werkkomitee was om die besluite wat reeds goedgekeur was, uit te voer.[35] Later is ook 'n beplanningsafdeling van die Komitee in die lewe geroep.[36] Die aanstel van albei subkomitees was genoodsaak deur die toenemende werkslas van die Raad en rektor wat daartoe gelei het dat besluitneming na die komitees afgewentel moes word.

Die Werkkomitee moes die TGK oor terreinaangeleenthede adviseer deur "verantwoordbaar, visioenêr en missiegerig ooreenkomstig sakebeginsels ... binne sy verwysingsraamwerk te funksioneer". Hierdie doelstelling het die volgende behels: die investering en prioritisering van kapitaalprojekte op 'n wyse wat die Universiteitsvisie sou bevorder. Hierdie benadering het 'n balans tussen instandhouding en die oprig van nuwe geboue geverg. In meer besonderhede is die taak omskryf as die verantwoordelikheid vir die uitvoering van alle strukturele projekte, die jaarlikse evaluering van aansoeke vir kleiner bouwerk en veranderings aan strukture, asook die opstel van 'n voorkeurlys vir die verdeling van beskikbare fondse.

Dit moes ook aanbevelings maak oor die hertoedeling van ruimtes. Die aanbevelings van die Werkkomitee het via die TGK voor die Bestuurskomitee gedien; die finale besluit is deur die Raad geneem. Die voorsitter van die Komitee was die Registrateur: Finansies.[37] In beginsel is besluit dat op die jaarlikse Maart-vergadering gefokus sou word op beplanning en op die Oktober-vergadering op die daaruit voortspruitende besluite vir voorlegging.[38] Die daarstelling van hierdie subkomitees het die werkslading van die KTG aansienlik verlig totdat dit laat gedurende die negentigerjare weinig meer was as 'n skakel tussen die Werkkomitee en die Raad. Terwyl die Werkkomitee teen die laaste jare van die eeu maandeliks tot agt ure lank vergader het, het die KTG steeds met twee vergaderings per jaar volstaan.[39] Reeds sedert die begin van die tagtigerjare het die vinnige uitbreiding en vermeerdering van geboue vir Natuurwetenskappe op die Potchefstroom- en Vanderbijlparkterrein die afsonderlike Advieskomitee Beplanning vir die Fakulteit Natuurwetenskappe tot gevolg gehad. Dié komitee kon jaarliks vir die Natuurwetenskappe aparte begrotingsaanbevelings aan die Raad voorlê.[40]

## 9.1.5 Die Departement

### • Universiteitsbeplanning en die Tenderkomitee

Waar die KTG en sy subkomitees teen die middel van die tagtigerjare verantwoordelik was vir die beplanning van terreine en strukture vir onmiddellike benutting sou fisiese langtermynbeplanning sedert 1987 deur die Departement Universiteitsbeplanning hanteer word. Die Registrateur: Finansies, en na hom die Hoofdirekteur: Beplanning en

Inligting, was daarvan hoof. Anders as die KTG, wat 'n adviesliggaam van die Raad was, was die Departement Universiteitsbeplanning meer 'n uitvoerende liggaam, verantwoordelik vir die beplan en toeken van bestaande lokale en vir fisiese fasiliteite en die uitvoer van bouwerk. Die motivering daarvoor was dat akademiese langtermynbeplanning met fisiese langtermynbeplanning gepaard moes gaan. Daarnaas was die Departement verantwoordelik vir die implementering van SANSO-voorskrifte.[41]

In Junie 1992 is die Tenderkomitee ingestel[42] – ook onder voorsitterskap van die rektor. Die Tenderkomitee het tenders vir groter projekte wat R1 000 000 oorskry het, hanteer[43] terwyl tenders vir kleiner strukture en verbouings steeds deur die KTG behartig is.[44]

### 9.1.6 Die Departement Tegniese Dienste

In 1952 het die PUK dit oorweeg om 'n departement vir tegniese dienste in te stel met 'n siviele ingenieur aan die hoof. Die verwagting was dat toekomstige bouwerk in alle opsigte deur dié departement onderneem sou kon word.[45] Uiteindelik is daarteen besluit[46] en is volstaan met die bestaande handvol tegniese personeel, waaronder 'n superintendent vir bouwerk. Meer personeel is periodiek aangestel en die werkswinkels is uitgebrei en gemoderniseer.[47] Hierdie veranderings het meegebring dat die werkslas van dié personeel, wat onder beheer van die KTG was, verlig is. Die take van hierdie personeel het ook die vervaardiging van meublement en die instandhouding van geboue en die terrein behels.[48] Uit die aard van hul funksie was hulle later aan die Direkteur: Kampusbeplanning ondergeskik en onder hóm sou dié afdeling tot 'n volwaardige departement ontwikkel.

'n Aparte tegniese komponent was die Afdeling Bouers en Dienste van die PUK wat in 1987 gestig is en verantwoordelik was vir 'n verskeidenheid tegniese funksies, insluitende kleiner bouwerkprojekte buite die kampus om op hierdie wyses fondse te genereer. Die onderneming is aan die einde van 1996 beëindig toe besluit is om alle tegniese werk op tender te laat onderneem.[49]

### 9.1.7 Befondsing

Verreweg die belangrikste beperkende invloed op sowel die projeksie oor as die uitvoering van die fisiese ontwikkeling van die PUK was finansies. Onbeperkte fondse was daar nooit nie, maar beperkings het soms swaarder geweeg as in ander tye. Die twee bene waarop die PUK se kapitaalvermoëns gesteun het, was staatsubsidie, wat in die meeste gevalle 50% van die boukoste gedek het, en die Universiteit se vermoë om die balans te voorsien. Sy deel het die PUK langs verskeie weë bekom. Die vernaamste was lenings en die belangrikste bron daarvoor was weer eens die staat. In 1952 is vir die bou van die Dawie du Plessis-koshuis £15 700 geleen.[50] In 1954 is £123 000 uit 'n totale kapitaalbehoefte van £302 000 vir drie geboue van die staat geleen.[51] In 1962 het die staat 'n kapitaallening van £60 000 toegestaan[52] en vir die 1969-1970-begrotingsjaar moes reeds R1 640 000 van die staat geleen word.

Ander sporadiese bronne van kapitaal is na gelang van die behoeftes gebruik. In 1953 was die finansiële vermoëns van die PUK sodanig uitgeput dat 'n staatsubsidie alleen nie die bou van 'n nuwe koshuis sou bolwerk nie.[53] Die Koshuisvader, prof. Dirk van Rooy, het die saak beredder deur 'n belofte vir £20 000 by die Uniale Komitee van die Gereformeerde Sustersorganisasie en ander Gereformeerde gemeentes landswyd te verkry nadat 'n versoek vir 'n lening by die beheerliggaam van die Gereformeerde Kerk nie geslaag het nie.[54] Vir die oprigting van 'n administrasiegebou is in 1957 skenkings of lenings verkry van die Gereformeerde Kerk, Ou Mutual en Sanlam.[55] Met laasgenoemde se skenking van £20 000 oor vyf jaar kon 'n administrasiegebou in sy geheel bekostig word.[56] In 1989 is skenkings van R900 000 vir die oprigting van woongeriewe vir anderskleurige studente bekom.[57]

Soms is lenings en geskenke ook van die Potchefstroomse Stadsraad[58], ander Wes-Transvaalse stadsrade en verskeie organisasies verkry. Die skenkings moes, volgens die Registrateur, mnr. F.A. du Toit, gesien word as 'n monument vir dié families, liggame en organisasies.[59] Sulke skenkings het van enkele sjielings tot aansienlike bedrae gewissel. Dawie du Plessis-manskoshuis is vernoem na die donateur wat £2 000 vir die oprigting daarvan geskenk het – die grootste sodanige skenking wat die PUK tot op daardie datum ontvang het.[60] Sedert 1946 is aan donateurs erkenning verleen op koperplate wat in vertrekke oral op die kampus aangebring is.[61]

Hierdie middele was egter steeds onvoldoende om verbeeldingryke beplanning te onderneem en in 1954 is dit aan die Plantfisiologiedosente gestel dat indien hulle hul begeerde navorsingsinstituut wou hê, hulle self die geld daarvoor sou moes insamel.[62]

Toe die PUK in 1950 'n vyfjaaruitbreidingsplan opgestel het, het die Registrateur, Fanie du Toit, aangebied om vir twee jaar landswyd geld in te samel.[63] Sy teikengroep was Gereformeerde gemeentes en verenigings,[64] maar die uitbreidingskommissie het besef dat eerder op kapitaalkragtige persone en organisasies vir groot skenkings toegespits moes word.[65]

Die finansiële stand van die PUK het gedurende die vyftigerjare egter steeds sorgwekkend gebly. Die vertroetel-

de uitbreidingsfonds was na die oprigting van die eerste twee geboue van die vyfjaarplan uitgeput en teen 1962 was die PUK-bates aan grond en geboue slegs R2 595 833 terwyl die leningskuld R1 406 443 bedra het.[66] Die gevoel van die TGK in 1957 dat die kapitaalskuld eers afgewerk moes word voordat enige verdere bouprojekte onderneem word, is gerugsteun toe die staat 'n moratorium op alle nuwe universiteitsbouwerk geplaas het. Gedurende samesprekings met verskeie ministers en die Departement van Openbare Werke het die Rektor, prof. Bingle, daarop gewys dat dié verbod vir die PUK fataal kon wees aangesien dit in die middel van 'n R26 000 000-uitbreidingsprogram was wat tot 1977 gestrek het. 'n Meer toegeeflike regeringsbeleid was gelukkig die gevolg van hierdie vertoë.[67]



***Die laaste van die tydelike geboue, wat vroeg uit die twintigste eeu dateer, en wat vanaf die Militêre Basis na die kampus verskuif is. Die gebou op die foto was eers die Plantkunde-laboratorium, daarna die studente-ontspanningsaal. Voor is die enigste telefoonhokkie wat vir manstudente beskikbaar was (Bron: PUK-Argief)***

Eskalerende konstruksiekoste was 'n verdere kopseer. Dit word onder meer daarin weerspieël dat 'n lening van R3 200 000 aan die begin van die 21ste eeu aangegaan moes word vir die opknapping van die Hennie Bingle-studentesentrum terwyl tussen die voorlegging van die tender en die aanvaarding daarvan daar 'n 64% kosteverhoging was.[68]

## 9.2 Die terrein

### 9.2.1 Die voorkoms van die terrein in 1950

Die Hoofgebou, wat in 1931 in gebruik geneem is, was nie slegs die sierlikste en grootste gebou op die kampus nie, maar naas slegs Heimat, Postma-huis en die ou Fisika-laboratorium, die enigste permanente gebou op die terrein. Teen 2004 was hierdie vier strukture as nasionale gedenkwaardighede verklaar.




***Die besondere Hoofgebou op die PUK-kampus, ca. 1935 (Bron: B. Pieterse)***

Tydelike sinkgeboue, wat vir die Britse leër in Indië vervaardig is en uit die jare onmiddellik na die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) in die Britse kantonnemente (kwartiere) in Potchefstroom opgerig is, is na die kampus verplaas om as eerste koshuise en laboratoriums te dien. Omdat die sinkgeboue tydelike strukture was, is nie veel aandag geskenk aan hul plasing op die kampus nie. Nogtans was die ongeordende terreingebruik in die vroeë jare 'n grondliggende oorsaak vir die probleme rondom alle latere pogings tot ordelike kampusbeplanning.

Hoewel die rektor aan die einde van die twintigerjare aan meer en permanente geboue gedink het en daarvan gewag gemaak dat "die tyd van hout- en sinkgeboutjies ... amper verby [is]",[69] het die Depressie van die vroeë dertigerjare ongelukkig die teendeel teweeggebring. Terwyl die Lettere- en Opvoedkunde-departemente in die Hoofgebou gehuisves kon word, kon slegs die allernodigste laboratoriums vir die natuurwetenskappe in die dertiger- en vroeë veertigerjare gebou word. Die oorlogsjare (1939-1945) het verdere beperkings meegebring, maar in 1944 kon vir die eerste keer beplan word vir die uitleg van die kampus in sy geheel.[70] Slegs aan enkele aspekte daarvan, soos die oprigting van manskoshuise, werkswinkels, pakhuise en laboratoriums, is egter uitvoering gegee.

Die gebrek aan geld was nie tot die geboue beperk nie, maar het deurgewerk na alle aspekte van die terreinvoorkoms. Die vernaamste strate wat die kleinskaalse geordende verkeer op die terrein bedien het, was beperk tot die straat vanaf die hoofingang aan die einde van Presidentstraat en wat om 'n verkeersirkel voor die Hoofgebou noordwaarts na nog 'n straat gelei het. Teen 1950 was die manskoshuise Postma-huis, Ons Huis, Heimat en Uitspan aan hierdie straat geleë. Nog 'n pad op die terrein was die dienspad wat vanaf Universiteitstraat om die westelike en noordelike sye van die terrein na Meyerstraat gele



*Die Heimat-, Ons Huis- en Postma-manskoshuise (Bron: PUK-Argief)*


Moontlik met die rasionalisering van toekomstige ontwikkeling in gedagte, is die terrein in 1952 opgemeet en 'n landmeterskaart geteken met aanduidings van elektriese bedrading, watertoevoer en riolering.[71] In 1962 was dit nodig om hierdie kaart op te gradeer en daarna deurlopend op datum te hou.[72]

Met die uitsondering van grond in die middedorp, wat later van die hand gesit is, het die PUK-terrein aansienlike uitbreiding in alle rigtings gedurende die tweede helfte van die eeu beleef.

## 9.2.2 Uitbreiding weswaarts

Die eerste betekenisvolle uitbreiding was die ontwikkeling van die sogenaamde Weskampus oorkant die treinspoor vir die oprigting van koshuise. Die aanvanklike 7,3 ha grond daar was die grootste skenking wat die Universiteit tot in daardie stadium van die Stadsraad ontvang het.[73] Aan die begin van die sestigerjare is hierdie grond vergroot deur verdere aankope van 11 ha van die Stadsraad en die Departement van Verdediging.[74]

In 1966 het die raadgewende ingenieurs van die PUK, Bruinette en vennote, met die opspraakwekkende voorstel vorendag gekom dat die PUK die




*'n Model van die Hoof- en Weskampus, 1969. Dit dui die strate aan; die eerste verskuiwing van die sportterrein; die ou laboratoriums; die huisvaderswoning, die pas voltooide Heide en Karlien en die eerste fase van die Skuur-kompleks. (Bron: PUK-Argief)*

Militêre Basis moet oorneem om sodoende sy terrein te verdubbel.[75] Uitgerekte onderhandelings met die owerhede het egter op niks uitgeloop nie.

Daarna is ewe verrassende omgekeerde pogings aangewend om die hele PUK-kampus aan die militêre owerhede en Onderwyskollege te verkoop en die PUK na 'n geheel nuwe terrein buite die dorp te verplaas. Dié onderhandelings het eweneens doodgeloop. Daarna is besluit om op die uitkyk te wees vir terrein wat aan die bestaande kampus grens.[76]

## 9.2.3 Uitbreiding noordwaarts

Die ruimtebeperkinge van die Hoofkampus het drie jaar na die aanvang van die Bingle-tydperk die verkryging van meer grond gebiedend noodsaaklik gemaak.[77] Die behoefte om die kampus uit te brei het gespruit uit die projeksie wat reeds in 1964 gemaak is[78] dat studentegetalle elke tien jaar sou verdubbel. Die rigting wat aangewys is vir uitbreiding was noord van die Fisika- en Chemie-geboue op die onbeboude 13 ha tussen die ou sportterrein en die die dorpsdam.

## 9.2.4 Die rektorswoning

'n Vername stap in die vestiging van die Noordkampus was die aankoop van die rektorswoning. Reeds in 1961 het prof. L.J. du Plessis die KTG aangeraai om die spoghuis van mev. Robertson, bekend as die Calderbank-huis by die Potchefstroom-dam te koop – hoofsaaklik vir spekulasie. Dié aanbeveling is nie opgevolg nie.[79] Drie jaar later, pas nadat prof. Bingle rektor geword het, is die saak weer te berde gebring, dié keer deur prof. W.P. Robbertse wat die behoefte aan ruimte vir onthaalfasiliteite vir die rektor aangevoel het. 'n Kommissie het aanbeveel dat dié Tudorstylwoning as rektorswoning gekoop word.[80] Hierdie huis

met sy dertig vertrekke is in 1942 op 1,52 ha grond opgerig en die Universiteit het R50 000 aangebied as koopsom. Die aankoop van twee verdere stukke aangrensende grond van Robertson het die erf met 2,28 ha vergroot. Die terrein is herbeplan met behulp van die Direkteur vir Parke van die Stadsraad.[81] Al die rektore wat die huis bewoon het, het bygedra tot die uitbouing en verfraaiing daarvan.[82]



***Die rektorswoning (Bron: J. du Toit – fotograaf van foto's van rektorswoning)***

Die aaneenskakeling van die bestaande kampus en die rektorswoning deur al die grond tussen die twee persele te verkry, was dus die aangewese weg om te volg. Die eerste stap was om 'n verdere 10,3 ha grond suid van die huis van die Stadsraad vir R40 000 te koop. Ten spyte van 'n besluit, skynbaar uit hoofde van hierdie transaksie, dat geen verdere grond in die afsienbare tyd bekom moes word nie,[83] is twee verdere kleiner stukkies grond in dié omgewing wel in 1972 deur die Stadsraad aan die PUK geskenk.[84]

Ter bevordering van kampuskonsolidering is ook met die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste onderhandel toe die verlegging van die Fochville-spoorlyn tussen die Hoofkampus en die nuwe rektorswoning sedert 1959 ter sprake was. Die verlegging sou meebring dat meer grond in dié omgewing, wat die Stadsraad sou toeval, aan die PUK geskenk kon word.[85]

Die laaste noordwaartse uitbreidingspoging het in 1976 gekom toe dit oorweeg is om die grond van die moutfabriek wes van die spoor en noord van die Weskampus te koop.[86] In dieselfde jaar is die Ferdinand Postma-huishoudskool na 'n nuwe terrein verskuif en wou die regering die ou terrein van 44 ha aan die PUK vir R67 200 verkoop. Die prys is as te hoog geag en ook dié onderhandelings het nie geslaag nie.[87] Teen 1964 het die PUK-terrein in dié omgewing nogtans vanaf Meyerstraat tot aan die Damterrein gestrek en 35,43 ha beslaan.[88]

Die beplanning vir die benutting van die nuwe Noordkampus het verskeie fases deurgemaak. In die middel van die sestigerjare, en ten spyte van die uitleg van 'n sportveld op die Oude Molen-terrein in dié tyd, is oorweeg om 10 ha van die terrein vir die aanlê van meer voetbalvelde te gebruik. Geld vir dié doel is voorsien, maar 'n ondersoek deur die ingenieursfirma Bruinette en vennote het aan die lig gebring dat die grond nie daarvoor geskik was nie.[89] Daarna is die moontlikheid oorweeg om die hele terrein vir koshuise te gebruik, waaroor hieronder meer.

## 9.2.5 Die vestiging van die Ooskampus

In 1984 het die KTG weer nuwe aanbevelings oor langtermynbeplanning voorgelê. In dié tyd is gevoel dat die beskikbare ruimte op die ou kampus ten volle benut is. Die nuwe voorstelle het behels dat erwe oos van die Hoofkampus in Hoffman- en Tomstraat vir uitbreiding aangekoop moet word.[90]

Die weg vir die beleid was reeds gebaan. In 1979 is Tomstraat 27 aangekoop en in 1983 is besluit om ook die aangrensende huis te bekom vir gebruik deur die Buro vir Militêre Aangeleenthede. In 1984 is meer huise in die omgewing gekoop.[91] Teen die einde van die jaar het die PUK reeds vyf erwe en gedeeltes van nog vier in Jooste-, Hoffman-, Universiteit- en Venterstraat besit. Na die reeds vermelde aankope het die PUK ook die erwe teenoor hierdie erwe in Tomstraat verkry, asook sekere erwe in Meyerstraat. Naas die gebruik van die huise op die erwe vir kantore was die oogmerk met hierdie aankope om die PUK-terrein oor Hoffmanstraat heen te konsolideer.[92] In 1994 was 20 erwe in die omgewing in besit van die Universiteit. 'n Reeks samesprekings is met die Stadsraad gevoer oor die heraanwending van die wonings vir "doeleindes van onderrig" en om hulle te konsolideer.[93]

## 9.2.6 Die Karnavalplaas

In die vyftiger- en sestigerjare is vlotte vir Vreugdedag (later Karnaval genoem) by die koshuise op die kampus self gebou en beoordeel. In die middel van die sewentigerjare is 'n aparte karnavalterrein aangelê. Op hierdie terrein kon ander aktiwiteite behalwe vlotbou tydens Karnavalweek plaasvind. Die Karnavalterrein is aangelê op 20 ha grond op die Weskampus wat van die Stadsraad bekom is. Hierdie stuk grond was by die suidelike verlenging van Meyerstraat en voorheen die eiendom van die Departement van Verdediging. Die aanvanklike bedoeling was dat die grond vir die bou van koshuise aangewend sou word, maar verdere onderhandelings het daarop uitgeloop dat die Universiteit die reg verkry het om 18 ha van die grond na goeddunke aan te wend.[94] Die eerste Karnavalplaas is op die noord-oostelike hoek van hierdie stuk grond aangelê.

Die ligging van die Karnavalterrein moes verskuif word toe Medicor in 1987 dele van die grond, insluitende die Karnavalplaas, gekoop het. Die volgende aangewese terrein vir 'n nuwe Karnavalplaas was suid van en aangrensend aan die Fanie du Toit-sportterrein

aan die oostekant van die Mooirivier en ver genoeg van enige woonbuurt om steurend te wees.[95] Onderhande-lings daaroor met die Stadsraad het gevolg[96] en in 1988 is vlotte vir oulaas op die ou terrein gebou.[97]

Die opgradering van die nuwe terrein het gevolg, hoewel dit vir eers teen 'n slakkegang gevorder het – deels omdat die stand van die ekonomie dit vertraag het, en deels weens die voorrang wat aan die opgradering van die Onderwyskollege-terrein en -geboue in die negentigerjare verleen is.[98] In 1994 is toilette, sementvloere vir vlotbouafdakke, verbeterde watertoevoer, 'n biertuin, sokkievloer en verhoog met sitplekke daaromheen voorsien.[99]

## 9.3 Terreinuitbreiding elders en op die dorp

Behalwe wat as uitbreiding van die hoof- en sekondêre kampusse beskou kan word, het die PUK verdere eiendom in die dorp en elders besit. Met die oog op die voorgenome stigting van 'n fakulteit landbou het Wessel Meyer, lid van die Stadsraad, 13 ha grond aan die randgebied van die dorp in 1958 aan die PUK geskenk. Die skenking was egter nie groot genoeg vir die beoogde nuwe fakulteit nie en die Raad het aangebied om nog grond van Meyer te koop. Na uitgerekte onderhandelings is van die saak afgesien toe die vestiging van 'n landboufakulteit misluk het.[100]

In 1959 is 240 ha grond, bekend as Pienaarskamp, van die plaas Vyfhoek gekoop.[101] Die terrein is aanvanklik vir plantkundige navorsing gebruik, maar saam met ander landbougrond, in die negentigerjare weer verkoop.[102] Verskillende eiendomme is ook in Klerksdorp en Stilfontein as beleggings bekom.

Die PUK het 279 ha van die plaas Witstinkhoutboom aan die Mooirivier in 1922 gekoop vir die produksie van grassaad wat 'n projek van die Departement Plantkunde was.[103]



*'n Gedeelte van die Nooitgedacht-terrein (Bron: PUK-Argief)*

'n Gedeelte van die plaas Nooitgedacht aan die Vaalrivier was die belangrikste eiendom wat die PUK buite Potchefstroom bekom het. Die plaas is in 1980 aangekoop met die oog op spekulasie, maar dit is algaande vergroot en as 'n konferensie- en ontspanningsoord vir personeel ontwikkel.[104] In teenstelling met dié beoogde ontwikkeling van 'n ontspanningsoord is afstand gedoen van Kollege-oord, 'n terrein van die Kollege aan die Boskopdam, ná die oorname van die Onderwyskollege. Kollege-oord was tot op daardie stadium in leenbruik van die Departement van Waterwese en is as ontspannings- en konferensieoord gebruik.[105] Aan die noordelike rand van Potchefstroom is die plot, Die Nes, in 1986 gekoop en vir omgewingsnavorsing gebruik.

In 1988 het die blok erwe tussen Meyer-, Tom-, Borcherd- en Hoffmanstraat, die sogenaamde "Cachet-erwe", wat die eiendom van die Onderwyskollege was, in besit van die PUK gekom. Aanvanklik is die beskikbare huise in dié blok verhuur, maar die inkomste daaruit was gering en daar is besluit om 'n sakesentrum daar op te rig. Die Stadsraad het die onderneming met agterdog bejeën, deels uit vrees vir spekulasie en deels uit teenkanting teen die ontwikkeling van 'n tweede sakesentrum naas die reeds gevestigde een op die Bult. Ten spyte hiervan is die bestaande huise, met die uitsondering van die SENRIO-gebou en die huis op die noordoostelike hoek, bekend as die Van der Benthuis wat reeds lank in PUK-besit was,[106] in 1996 gesloop en die Cachet-sakesentrum, wat reeds in 1992 beplan is, is daar aangelê.[107] Hierdie ontwikkeling staan in kontras met 'n versoek van die Universiteit in 1968 dat die terrein rondom die kampus gesoneer word, juis ten einde die oprigting van sakeondernemings daar te verhoed.[108] Die sakesentrum en spekulasie-eiendom van die PUK elders word deur die PUK-ontwikkelingstrust bestuur.[109]



***Cachet-sakesentrum soos laat in die negentigerjare (Bron: PUK-Argief)***

## 9.4 Terreinverfraaiing

### 9.4.1 Die kampus

Tot die sestigerjare was alle aspekte van kampusbeplanning in die hande van prof. A.L. Meiring van die Universiteit van Pretoria. Sy vernaamste bydrae tot die terreinontwikkeling was die plasing van die kampus tussen die Hoofgebou en die Joostestraat-ingang.



*Die Joostestraat-ingang teen die vyftigerjare. In die agtergrond is die Ekonomiese Wetenskappe-gebou (tans Joon van Rooy) (Bron: PUK-Argief)*

Met hierdie terreinbenadering van Meiring het hy die standpunt van al die argitekte wat ná hom, en waarskynlik vóór hom in die diens van die PUK was, onderskryf. Meiring het naamlik die mening gehuldig dat die Hoofgebou met sy Neo-Kaaps-Hollandse styl die estetiese fokuspunt van die kampus is en dat die terrein voor die Hoofgebou tot by Hoffmanstraat die sentrale trefpunt van die kampus moet wees. In ooreenstemming met dié siening was dié sentrale fokuspunt die binneplein van die PUK waaromheen die akademiese en administratiewe geboue geskaar moes wees. Om dié rede het hy, met verwysing na Romeinse gebruike, dié plein met die titel kampus aangedui.

Die uitleg daarvan moes die vorm, verwantskap, boulyne, plasing en hoogte van dié geboue bepaal en 'n ordelike en waardige voorkoms aan die PUK verleen. Hierdie sentrale funksie het die kampus belangriker gemaak as die geboue daaromheen. Op hierdie binneplein was slegs die Hoofgebou, wat die Universiteit se sieraad was, en ook die ligging van die kampus bepaal het, die uitsondering. Meiring sou verkies het dat die kampus uitsluitlik 'n voetgangerterrein moes wees en dat die strate daaromheen agter om die geboue moes loop. Hy het egter toe reeds voorsien dat die behoefte aan die toekomstige uitbreiding van die geboue, veral van 'n nuwe biblioteek, so iets nie sou toelaat nie. Die kampus het ten tyde van sy uitleg reeds 'n straat daaromheen gehad. Ook Meiring se kompromisvoorstel dat ten minste die parkeer van motors in dié straat verbied word, sou lank moes wag om verwesenlik te word. Geen ander opdrag het Meiring so na aan die hart gelê het as die beplanning van die kampus nie, want – so het hy gesê – "so belangrik kan 'n oop stuk grond wees".[110]



*Prof. A.L. Meiring (Bron: PUK-Argief)*

Meiring se entoesiasme vir die kampus was so aansteeklik dat nie slegs die naam aanvaar is nie, maar die beplanning daarvan 'n prioriteit geword het en ten spyte van die behoefte aan nuwe geboue, geld daarvoor opsygesit is.[111] Prof. Meiring se breë standpunt oor terreinverfraaiing het wel weerklank, maar geen uitvoering by die KTG gevind nie. Gedurende die Coetzee-rektorstermyn was vordering met die terrein onderbroke, veral omdat daar min geld daarvoor was. In notules van die Komitee is feitlik geen melding gemaak van 'n kampusuitleg nie, en slegs een tuinierspos het sedert 1954 bestaan. Sy opdragte, wat van die Komitee via die terreinopsigter gekom het, het die plant van gras, uithaal van bome wat die plaveisel beskadig het, die instandhouding van die groentetuin agter Uitspan en die klawerlandjie vir die PUK se muile ingehou.[112] Hierdie klawerlandjie was die terrein waarop die dameskoshuis, Klawerhof, later sou staan. In Die Veteraan van 1955 is vermeld dat die "hoofterrein baie aandag gedurende die afgelope jaar" geniet het,[113] maar hierdie "baie aandag" het nie meer as hierdie take behels nie. Die Stadsraad het gras op die sypaadjies rondom die terrein geplant en die PUK het 'n skaduboom- en grasplantprojek onderneem, veral voor die dameskoshuise.[114]

In 1954, toe die strate op die kampus geteer is, is 'n terreinplan wel deur Meiring opgestel waarvolgens

toekoms-tige terreinbeplanning moes geskied. Daarvolgens is die ou houthekke by die President- en Joostestraat-ingange vervang deur 'n siersteenhek terwyl twee metaal "gedenknaalde" op die oostelike en westelike geplaveide uiteindes van die kampus geplaas is. [115] Die Stadsraad het 19 straatligte vir die buiterand van die kampus voorsien wat die PUK self moes oprig. Voetpaadjies is tussen die koshuise en lesinglokale gebou.[116] Vir die aanleg van siertuine is nie voorsiening gemaak nie.[117]






*Die geteerde wandellaan op die kampus laat in die vyftigerjare met Oosterhof in die agtergrond voor die aanbou van die Frans du Toit- en J.C. Coetzee-gebou. Die tweede geslaglaboratoriums wat in hierdie dekade nog in gebruik was, is links. Ons Huis is regs. Geeneen van die laasgemelde geboue het teen 2004 meer bestaan nie.*

Die Studenteraad het in 1960 twee vlagpale as versiering voor die pas voltooide Totius-gedenksaal aangevra in 'n stadium toe die PUK-owerhede self weinig kon vermag.[118]





*Die kampus wat prof. Meiring so na aan die hart gelê het (Bron: G.N. van den Berg)*



*Die kampus aan die einde van die Van der Walt-rektorstermyn: die kontoere, bome en struike was 'n welkome verbetering (Bron: PU-Kaner Skakelblad, 2(84), 1984, pp. 44-45.)*

## 9.4.2 Nuwe terreinontwikkeling

Met die aanvang van die sestigerjare het terreinverfraaiing meer aandag ontvang. 'n Ad hoc-kommissie wat die uitleg van die Oude Molen-terrein ondersoek het, het in 1960 onder meer aanbeveel dat gras, struike en bome voor die Konservatorium geplant word.[119]

Sedert 1964 is 'n veldtuin op die deel van die terrein suid van die Vereeniging-spoorlyn uitgelê. Dit was eers onder toesig van die terreinpersoneel en is vanaf 1965 beheer deur die Departement Plantkunde. Die veldtuin was beoog om gebruik te word vir plantkundenavorsing en as 'n versiering vir die laan na die Dam.[120] Die Van der Walt-rektorskap is gekenmerk deur 'n beleid om karakter te verleen aan die terreine.[121] Na die omvattende Bingle-bouprogram het die terrein onnet voorgekom en die Komitee het reeds besluit om op die opruiming en verfraaiing van die terrein toe te spits.[122] Hierdie mikpunt sou verwesenlik word in landskapargitektuur, wat sowel versierend sou wees as 'n middel om die verskeidenheid argitektuurstyle te versoen.[123]

Met dié projek is gevorder en die Tuinboukomitee is daarvoor aangestel. Voetpaaie is geplavei en meerjarige struike langs die grasperke geplant. Aan die einde van prof. Van der Walt se rektorskap was die kampus 'n sieraad en is die afhandeling van die projek, wat R95 000 gekos het en uit 'n terreinuitlegbegroting bekostig is, as geslaagd bestempel.[124]

Die volgende fase het aan die einde van die tagtigerjare gevolg toe gekla is dat sommige van die ouer strukture, ook dié wat rondom die kampus geplaas was en uit die "armoedige" vyftigerjare gedateer het, 'n onestetiese indruk begin maak het en 'n "onooglike en irriterende situasie" geskep het. Gereelde bespreking is daaroor in die vergaderings van die KTG gevoer, en het in 1988 en 1989 uitgeloop op 'n konsepterreinbeplanningsbeleid wat oor die volgende vyftien jaar verwesenlik sou word.[125] Die poging het eers voldoende momentum gekry toe prof. B.A. Farrell van Pretoria in 1993 opdrag gekry het om behulpsaam te wees met die makrobeplanning vir die kampus, insluitende die tuinuitleg.[126] Prof. Farrell het onder die aandag van die Universiteit gekom ná sy beplanning van die nuwe RAU-kampus. Sy aanstelling was ook die gevolg van die konsolidering van die PUK- en die Onderwyskollege-kampus.

As uitvloeisel van die hernude belangstelling in die estetiese voorkoms van die kampus is 'n "Boomroete" in 1993 vir die kampus beplan, met besoekpunte aan 50 boomsoorte. 'n Jaar later het 'n "Kampuswandelroete" gevolg.[127]



***Die landskapsargitek, prof. B.A. Farrell (tweede van regs) van die UP, wat vanaf 1993 met makrobeplanning op die PUK-kampus gehelp het. Die res is v.l.n.r. P. Jordaan (ook van die Maatskappy Farrell en Van Riet), L. van der Ryst, Simon Geertsema en I. Vermey van die Departement Kampusdienste (Bron: PUK-Argief)***

Farrell se bydrae tot die verfraaiing van die kampus was omvattend. Die estetiese eenheidsuitleg daarvan, soos dit teen 2000 daar uitgesien het, was aan hom te danke. Sy uitgangspunt was die vestiging van 'n kampus met 'n afwisseling van geboue met oop terrein daartussen. Hierdie beleid het die herontwerp van sekere oop areas meegebring, onder meer die binnehof van die Studentesentrum.[128] In harmonie met die argitektoniese voorkoms van die Studentesentrum en die gebruikmaking van skuins hoeke is ook daardie eienskap met die uitleg van sekere voetpaaie eerbiedig. Farrell was ook verantwoordelik vir die uitvoer van die kampus-voorkoms wat Meiring 40 jaar vroeër bepleit het, naamlik 'n plein wat uitsluitlik vir voetgangers ingerig is. Verder het hy die siening gedeel dat die Hoofgebou, as vernaamste argitektoniese skat van die Universiteit, vanaf die hoofingang beklemtoon moes word deur ander geboue om die kampus heen te onderbeklemtoon. Hierdie effek is verkry deur die buitelyne van hierdie geboue te "versag" deur bome tussen die Ferdinand Postma-biblioteek en die kampus te plant terwyl die Joon van Rooy-gebou "verskuil" is deur die reuseplataanbome wat hierdie gebou en die kampus vir meer as 'n halfeeu geskei het.

Die beklemtoning van die kampus en die Hoofgebou is nie slegs deur die landskapsargitektuur verseker nie, maar ook deur die herontwerp van die Hoffmanstraat-uitleg. Teen 2004 het die kampus die knooppunt gevorm van 'n onderbeklemtoonde simmetrie van geboue. Die Frans du Toit- en Joon van Rooy-geboue aan weerskante van die kampus komplementeer mekaar en weerskante van hulle word die simmetrie herhaal deur die J. Chris Coetzee-gebou en die Hennie Bingle-studentesentrum met hul skerphoekige fasades.

Sedert 1992 was Farrell se vernaamste taak die konsolidering van die PUK- en Onderwyskollege-kampus. Hierdie omvattende vergroting van die PUK-terrein het nuwe uitdagings aan terreinontwikkeling gestel wat geslagte sou neem om te verwesenlik. Vir Farrell se reuse-opknappingsprojek is telkens vir tien jaar vooruit beplan.[129] Die eerste fase van die POK-terreinontwikkeling was die opknapping van die terrein tussen die POK-biblioteek in die rigting van die Administrasiegebou in Hoffmanstraat. Hierdie opknappingsfase het aan die begin van 1995 'n aanvang geneem en R480 000 is hiervoor begroot.[130] Die Kollege-personeel, die parkeafdeling van die Stadsraad en die Transvaalse Onderwysdepartement is daarby betrek.[131]

Teen die einde van die eeu was die opgradering van die vergrote terrein nog nie afgehandel nie. Die afhandeling van die verbeterings was in verskillende fases van uitvoering en is gedeeltelik deur buitekontrakteurs gedoen. Ter wille van ewewigtige beplanning en afhandeling is die hele kampus in drie verdeel: die Weskampus saam met die omgewing van Patria en Veritas, die res van die Hoofkampus plus die Onderwyskollege, en die Ooskampus. Vir elke deel van die kampus is 'n taakspan aangewys wat deurlopend aan die werk was. Ten spyte van hierdie ywer was slegs 60% van die terrein in September 1999 as aanvaarbaar gereken.[132] Teen 2003 het hierdie omvangryke projek afhandeling genader.

## 9.5 Verkeer

Motor-, en later ook voetgangerverkeer was deurlopende en onverkwiklike terreinontwikkelingsprobleme. Aan die einde van die eeu moes selfs 'n verkeersingenieur aangestel word om die probleem te probeer oplos.[133]

Wat die verkeersweë op die terrein betref, was daar aanvanklik 'n netwerk van nege strate wat 'n belangrike invloed op terreinontginning gehad het. Om hierdie strate te gruis en te teer is swaar toerusting in die middel van die vyftigerjare aangekoop.[134] Namate meer geboue op die aanvanklike terrein opgerig is, is die strate verbreed en uitgebrei. Vir die Weskampus moes van meet af aan strate aangelê word en in 1952 het die Stadsraad £500 bewillig vir straatligte daar. Op dieselfde wyse is parkeerruimte in Van der Hoffweg voor die Konservatorium aangebring en op die terrein self strate en 'n parkeerplek aangelê.[135]

Die inkorporering van die Onderwyskollege het nuwe verkeersprobleme geskep, veral die aaneenskakeling van die twee strate op die kampusse.[136] 'n Aantal ontwerpe is bespreek en gaandeweg verfyn.[137]

Farrell se beplanning, wat in vyf fases afgehandel sou word,[138] het gewentel om die verlenging van die bestaande noordelike ringpad suidwaarts om die Hoofkampus tot by die Kollege-koshuise aan Von Wiellighstraat. Die vergrote kampus het die aanbring van rigtingwysers en kampusplanne by die hekke van die kampus nodig gemaak.[139] Teen die einde van die eeu was opgradering van hierdie aard steeds aan die gang.

### 9.5.1 Parkering

Die vernaamste kopseer van die terreinbeplanning was die toenemende motorverkeer op alle dele van die kampus.

Die eerste motorhuise wat op die kampus gebou is, was in 1955 en wel vir twee Universiteitsvoertuie.[140] Die enigste terrein wat in die vroeë vyftigerjare spesifiek as parkeerplek ingerig is, was agter die Hoofgebou en nuwe Administrasiegebou. Hierdie plekke is toegeken aan senior dosente wat daarom aansoek gedoen het en koeltebome is daar aangeplant.[141] Later is hele blokke vir dié doel opsy gesit.[142] Hierdie beperkte parkeergeriewe was spoedig onvoldoende en dit het mettertyd noodsaaklik geword om riglyne ten opsigte van parkering neer te lê. Probleme was teen 1960 ernstig genoeg om aandag te skenk aan boetes vir oortreders.[143] Aanvanklik is studente uitgewys as die vernaamste oortreders en in 1953 is koshuisbewoners verbied om sonder toestemming motors op die terrein aan te hou.[144] Die parkeerturksvy is vergroot toe dié beperking opgehef is – eers vir senior studente en later vir almal. Die probleem het gevolglik die grootste afmetings aangeneem op die terrein van die koshuise op die Ooskampus en is nooit doeltreffend opgelos nie.[145]

As die naaste ingang aan dorpskant was Presidentstraat aanvanklik die hoofingang tot die Universiteit, maar toenemende verkeer in Venterstraat het, weens sy ligging teenoor die Hoofgebou, die fokus daarheen verplaas. Dit, tesame met die nuwe dienspad aan die westelike kant van die Hoofkampus, het die sluiting van die Joostestraat-ingang in gedrang gebring.[146] Die plan is geregverdig deur die ongewensdheid van motorverkeer in die omgewing van die nuwe laboratoriums.[147]

Met hande in die hare het die KTG in 1977 met 'n parkeerplan vir die hele terrein vorendag gekom. Daarvolgens sou 4 150 parkeerplekke in twee fases aangelê word.[148] Die beplanning daarvoor sou deel uitmaak van 'n vyfjaarplan.[149] Twee jaar later het 'n kommissie bevind dat studente se motors 'n inherente probleem vir die parkeervraagstuk was. 'n Sensusopname van motorverkeer op die terrein in 1979 het wel tot verdere aanpassings gelei.[150] Teen 1985 was die parkeervraagstuk so kritiek dat oorweeg is om eerstejaarstudente te verbied om motors by koshuise aan te hou, aangesien parkeerregulasies nie afdwingbaar was nie.[151] Geen permanente oplossing het gevolg nie en verdere kommissies

het na 1985 die parkeervraagstuk gereeld ondersoek.[152] Ten einde parkeerruimte vir die Ekonomiese Wetenskappe-gebou te voorsien, is Piet Grobler-huis gesloop.



*Piet Grobler-huis word gesloop om 'n parkeerterrein vir die Ekonomiese Wetenskap-gebou te voorsien. Hierdie gebou is sigbaar in die agtergrond (Bron: PUK-Argief)*

Die parkeerprobleem is tot 'n mate verlig toe die Stadsraad in 1963 die deel van Hoffmanstraat wat aan die oostelike grens van die kampus is, verbreed het ten einde meer parkeerplek daar te voorsien.[153]

Die onopgeloste parkeerprobleem op die Hoof- en Ooskampus is in die tagtigerjare verlig deur sommige van die aangekoopte erwe teenoor die kampus gedurende 1993 in 'n parkeerruimte te omskep.[154] Ook departemente wat by die Konservatorium gehuisves is, is op hierdie wyse van parkeerplek voorsien.[155]

Namate die Noordkampus ontwikkel is, is meer parkeerruimtes by nuwe akademiese geboue en koshuise aangebring.[156] In 1990 is 150 parkeerplekke mét afdakke opgerig om aan personeel te verhuur.[157]

### 9.5.2 Voetgangerverkeer

Die ontwikkeling van die Weskampus het reeds teen 1958 tot voetgangerprobleme gelei. Die vernaamste struikelblok was die spoorlyn wat tussen die Wes- en Hoofkampus deurgeloop het. Herhaalde onderhandelings met Vervoerdienste om die spoor te verlê, het misluk.[158] In 1958 het die Studenteraad versoek dat 'n voetgangerbrug oor die spoor gebou word,[159] maar uiteindelik het die Spoorweë op 'n duikweg besluit. Die Raad het ingestem om die koste van £9 175 met £7 000 te subsidieer.[160] Om verskeie redes is met hierdie saak gesloer, onder meer as gevolg van die bou van 'n motorbrug oor die spoor in Meyerstraat in 1964. Eers in 1968 is die onderneming, tóé teen 'n koste van R30 000, aangepak en in 1970 voltooi.[161]

Behalwe vir die duikweg het die grootste volume voetgangerverkeer in die negentigerjare tussen die suidelike koshuise op die Hoofkampus en die Natuurwetenskapgeboue in die noorde beweeg. Voetgangerverkeer het hoofsaaklik deur die hoofkafeteria in die Studentesentrum langs een van die ou strate gevloei. Die toename in verkeer op dié pad het vroeg in die negentigerjare 'n herbeplanning daarvan genoodsaak. Dié pad is gevolglik in 1995 opgeknap en verbreed.[162]

## 9.6 Kampusbeveiliging

In die vyftigerjare was die enigste sekuriteitsmaatreëls die sluit van kantore na-ure en van die dameskoshuise saans. Enkele nagwagte het die kampus snags op 'n ondoeltreffende wyse gepatrolleer en in 1951, toe by die onvoltooide Dawie du Plessis-koshuis ingebreek is, is besluit dat die kampus omhein moes word.[163] Twee jaar later is die nagwagkorps, "weens onreëlmatighede" wat voorgekom het, vergroot.[164]

Pas in 1963 is gevoel dat die kampus met 'n sekuriteitsdraad omhein moes word, hekke saans gesluit moes word en dat twee swart diensnemers snags en een bedags die wagte tydens vakansies moes aanvul.[165] Hierdie patrolliediens, wat £99 per maand gekos het, was skynbaar voldoende, want eers in 1975, weens "ons spesifieke landsituasie" en 'n toename in diefstal,[166] het die Senaat opdrag gegee vir die instelling van 'n volwaardige sekuriteitsdiens. Ondersoek het getoon dat dit R25 000 per jaar sou kos teenoor die R1 118 wat die vergoeding van die nagwagte toe gekos het.[167] Teen 1981 is sekuriteit verder verskerp deur die uitreiking van identiteitskaarte aan swart werkers.

Die volgende stap was om, steeds "weens die onsekere toestand van die land en die kwesbaarheid van die PUK se eiendom", voertuigtoegang te beheer – 'n stelsel wat reeds sedert 1963 vir die Fanie du Toit-terrein in werking was.[168] In 1986 is begin met voertuigtoegangsbeheer op ander dele van die kampus deur toegangshekke met waglokette op te rig.[169] Die bedoeling daarmee was ook om terselfdertyd die onopgeloste parkeerprobleem te probeer verlig.

Mettertyd is besef dat kampussekuriteit slegs verseker sou kon word deur alle toegang, vir sowel voertuie as voetgangers, doeltreffend te beheer. Ten einde doeltreffend te wees sou die toegangsbeheer ook daarop moes fokus om beheer te verkry oor die strate wat dié gebied gekruis het, dit wil sê gedeeltes van Meyer-, Hoffman- Jooste-, Venter-, Goossens-, Universiteit-, Piet van der Merwe- en 'n gedeelte van Borcherds- en Presidentstraat. Uitgerekte onderhandelings met die Stadsraad en die eienaars van woonerwe wat geraak sou word,[170] het gevolg. Die ondersoek van die toegangsbeheerkwessie het in 1986 begin en oor jare gestrek.

### *Studentekuns in die duikweg*

In 1973, toe daar nog slegs eerste- en tweedejaarstudente by Beeldende Kunste was, het die studente besluit om die Studentekunsvereniging te stig. As eerste inisiatief is besluit dat hulle ter wille van praktiese ervaring en 'n bewusmakingsveldtog elke jaar tydens Jool 'n muurskildery in die duikweg wil maak. Geïnspireer deur "visioene" van skilderye soos dié van die beroemde skilder Leonardo da Vinci en sy Laaste Avondmaal, is die eerste skildery tydens 1973 se Jool geskilder, maar – net soos in Leonardo da Vinci se geval – het dit binne dieselfde jaar begin afdop. Teen Desember 1973 was die die muurtekeninge amper soos koning Midas se goue kleed – onsigbaar behalwe vir diegene wat vas van oortuiging was dat die muurtekeninge wel daar is! Voor 1974 se Jool is besluit om weer te skilder, maar dié keer met die behoorlike samewerking van die Departement Tegniese Dienste. Die muur is deeglik voorberei, voorsketse gemaak en aan prof. Hennie Bingle voorgelê vir goedkeuring.

Na 1974 het die duikwegskilderye die Jooltema van die betrokke jaar as tema geneem. Die tema vir 1975 was "Die oliekrisis", en gevolglik het die eerste volwaardige duikwegskildery die lig gesien. Hierna volg allerhande interessante temas, waaronder die jaar van die vrou (1975), strokiesverhale, sport en fiksheid. Selfs die dood van Walt Disney is op hierdie wyse herdenk. Deur die jare heen het voorstellings van bekende figure op die mure verskyn. Hierdie persoonlikhede het gewissel van politici tot persone waarmee goedig spot gedryf is. Op hierdie wyse het Eschel Rhoodie (te verbind met die sogenaamde Inligtingskandaal in die laat-sewentigerjare) en Mike Schutte onder studente "meegeding" om te bepaal wie die grootste aanspraak op faam het. Voorstellings van Tarzan en Jane (1982), Asterix en Cleopatra (1976), en Gone With (the Wind) verteenwoordig Hollywoodkarakters en -temas, alhoewel die verwysing na "Gone with (the Wind)" eintlik sinspeel op "Gone with apartheid" (1990), en as barometer gedien het van die studente se siening oor die politieke woelinge van daardie tyd. Nog 'n muurpaneel, 1992 se Bond, Broederbond, verteenwoordig eintlik vermaak én politiek. Met verloop van jare het bekende gesigte teen die duikwegmure verskyn. 'n Voorstelling van professor Bingle het reeds in 1974 op die muur gepryk. In 1991 sluit professor Tjaart van der Walt aan by die galery van bekendes aan en dit nogal in die geselskap van Maggie Thatcher, Madiba Mandela, F.W. de Klerk en Biskop Desmond Tutu! Uiteraard het die studente se insig (!) ten opsigte van kunsgeskiedenis telkemale 'n inset gelewer, sodat Michelangelo, Caravaggio en Leonardo da Vinci enkele panele vanaf Pollock en Lichtenstein die mure versier.

Die deurlopende uitgangspunt wanneer dit muurskilderytyd was, was dat senior studente, spesifiek derdejaars, die skildery beplan en uitvoer, terwyl die eerste- en tweedejaars al die ondersteunende "donkiewerk" moes doen. Hierdie "ondersteuning" van die junior studente het onder andere die volgende take ingesluit: mure skrop, verf meng, water (en wyn) aandra, en in die algemeen – soos slawe werk!. Die vierdejaars kon die terrein besoek, kommentaar lewer, aanbevelings maak en andersins sosiaal verkeer. Die skildery moes natuurlik ook in één uitmergelende nag net voor Jool afgehandel word. Die tradisie van muurskilderye in die duikweg aanbring was nie net tonne pret nie – uiteindelik verteenwoordig hierdie studentepogings 'n interessante bydrae tot die deurlopende bydrae en geskiedenis van Beeldende Kunste aan die PUK. Deur die jare heen het 'n aantal groot name hulle talent met die kwas tot voordeel van die verskeidenheid muurskilderye toegevoeg: Anna Marx en Casper van Wyk, Johan Venter, Penny Krog, Berici Combrink, Hennie Kruger, Abraham Coetzee en Ansa Seyffert, Martie Wannenburg en Pierre Minnie, Gwen McLellan, Ben Dreyer, Philip en Francisca Badenhorst; Braam en Wimsie van Wyk, Peet Pienaar en Mynderd Vosloo, John Myburgh, Martie Bothma, Marriana Booyens, Louisemarié Combrink; Daleen Steyn en Lise Nel – om maar enkele name te noem – kan nog steeds kom kyk waar hulle kwashale kampusgeskiedenis help maak het!

Met die uitfaseer van die Departement Beeldende Kunste in 1991 kom hierdie visuele stuk geskiedenis van die Departement dan ook tot 'n einde. Naas die Ballad to Ballot wat in 1993 sy opwagting maak, kondig 1994 nie net die einde aan van die Departement Beeldende Kunste nie, maar ook die einde van die duikwegskildertradisie – 'n nalatenskap wat voorwaar die moeite werd is om te bewaar.

(Saamgestel deur **mnr. John Botha** (Kurator, Permanente en Bruikleenversameling), 26 Jun. 2004)






In Julie 1987 het die Stadsraad ingestem dat Hoffmanstraat vanaf Meyer- tot by Goossensstraat gesluit word. Die rekening vir die sluiting, die grond en die verskuiwing van dienste het die Universiteit R250 000 gekos.[171] Terselfdertyd is besluit dat die PUK slegs een hoofingang moet hê. Ter wille daarvan om die treffende kampusaansig van die Hoofgebou te bewaar, is voorkeur daaraan gegee dat die hoofingang op die hoek van Jooste- en Tomstraat moes wees, maar vanweë praktiese verkeersprobleme wat kon ontstaan, is uiteindelik besluit om die aanloop van Hoffmanstraat as hoofingang te gebruik.[172]



*Die PUK-hoofingang teen 2000*
*(Bron: PUK-Argief {Maclez Studio-versameling})*

Die idee van 'n enkele hoofingang het egter tog tot twee sekondêre ingange gelei; een by die verlenging van Esselen- en een by Gerrit Dekkerstraat wat die ringpad oos en noord van die Hoofkampus bedien het.[173] Met die toevoeging van die Onderwyskollege-terrein tot die sekuriteitsarea, is 'n verder beheerpunt in Presidentstraat naby Borcherdstraat aangebring asook 'n aantal voetgangerbeheerpunte.[174]

Die finale fase van kampussekuriteit het die oprigting van 'n palissade regom die sentrale terrein behels. Aanvanklik is gedink aan sementpale en later aan 'n skerppuntpaaltjieheining.[175] Die eerste palissade is op die westelike grens van die Suidkampus opgerig vanaf die Meyerstraat-brug tot by die Von Wiellighstraat-brug en was ook bedoel om die onooglike treinspore te verberg.[176]

Die volgende stap het gevolg na 'n inbraak in Oosterhof. Hierdie insident het daartoe gelei dat toegang tot Oosterhof en Klawerhof voortaan slegs verkry kon word deur 'n toegangskaart by een deur by elkeen van die koshuise te gebruik. Soortgelyke reëlings vir die ander dameskoshuise het gevolg[177] – mettertyd vir die meeste van die geboue op die kampus.

Tussendeur is die aanvoorwerk gedoen vir die omheining en toegangsbeheer van die Weskampus[178] – werk wat in Oktober 1995 voltooi is.[179] Daarna het die algehele insluiting van die terrein stuksgewys gevolg. Soos gevorder is, is voetgangerhekke waar verlang, aangebring.[180] Die laaste fase het die elektrifisering van die heining behels en dit is in 2000 afgehandel.

## 9.7 Geboue

Geboue speel inderdaad 'n vername rol in die effektiewe funksionering van die Universiteit – vandaar die beklemtoning van dié faset in hierdie hoofstuk. Die strukturele ontwikkeling van die Universiteit sedert 1951 is bepaal en beïnvloed deur etlike faktore. So byvoorbeeld het die meeste geboue uit die vestigingsjare van die Universiteit gedateer. Die impak van die plasing van hierdie geboue en selfs die vorm daarvan het in 'n wisselende mate die beplanning van die kampus én die voorkoms van nuwe geboue beïnvloed. Die plek waar geboue opgerig is en die argitektoniese vorm van reeds bestaande geboue is egter grotendeels as beperkende faktore ervaar. Hierdie tipe probleme is vererger deur die dwingende behoefte om die Universiteit uit te brei.

Beperkings met betrekking tot geboue kan saamgevat word onder twee hoofde – finansies en die terrein. Eersgenoemde beperking is elders bespreek. Terreinbeperkings weer, val in twee kategorieë uiteen – uitlegprobleme en fisiese beperkings. Uitlegprobleme het die PUK self geskep deur die aanvanklike onoordeelkundige plasing van geboue. Fisiese beperkings weer, het met die beperkte terreingrootte verband gehou. Die eerste probleem sou moeilik opgelos word en die tweede kon ondervang word deur periodieke heren verbouing en deur die uitbreiding van die kampus.

Die hooftrekke van die indrukwekkende strukturele groei van die Universiteit – van ongeveer 25 geboue van allerlei aard in 1950 tot ongeveer 650 strukture teen die einde van die eeu – word in hierdie hoofstuk beskryf volgens die benutting van die geboue en, binne elke kategorie, in chronologiese volgorde volgens hul oprigtingsdatums.

### 9.7.1 Koshuise

Reeds voor die selfstandigwording van die Universiteit in 1951 is 'n paar koshuise gebou om die nodige huisvesting aan studente te voorsien. Die ontwikkeling van byvoorbeeld die koshuise Heimat, Ons Huis en Postma-huis was op die kampus self en sommer naby aan alle akademiese bedrywighede[181] (Heimat-koshuis is later van jare as historiese gedenkwaardigheid verklaar).

Wat geboue betref, het die vyftigerjare begin met 'n pasversnelling. Die inisiatief daarvoor het gekom van die latere Rektor, J. Chris Coetzee en die Huisvader, prof. D.J van Rooy. In 1950 is weggespring met 'n vyfjaarplan wat die bou van 'n manskoshuis in twee fases, 'n dameskoshuis,

'n administrasiegebou, 'n universiteitsaal, 'n nuwe konservatorium en 'n nuwe fisikagebou teen 1955 beoog het.[182] Die uitvoering van die plan sou £200 000 bedra. In 'n vroeë stadium is egter van die plan afgewyk. Teen 1953, toe prof. Coetzee die rektorskap by prof. C.J. van Rooy oorgeneem het, het 'n konservatorium en administrasiegebou nog nie eens die beplanningstadium bereik nie en aan die einde van die vyf jaar is van 'n konservatorium afgesien en is volstaan met die kleiner Totius-gedenksaal in plaas van 'n volwaardige gehoorsaal. Een van die beoogde twee dele van die manskoshuis is wel voltooi, asook die dameskoshuis en Fisika-laboratorium. Die oprig van die res van die beplande geboue moes wag vanweë nuwe bouprioriteite, waaronder 'n biblioteek en studentesaal, waaraan die nuwe Rektor, prof. J. Chr. Coetzee, voorkeur gegee het.

## • Dawie du Plessis

In 1951 was daar ruimte vir 150 manstudente in die bestaande vier koshuise. Gevolglik moes van 12 buitehuise gebruik gemaak word vir tweedejaarstudente.[183] 'n Manskoshuis was gevolglik een van die eerste prioriteite van die vyfjaarplan.[184] Vir die eerste boufase daarvan – vir 75 studente – is die koste op £37 000 beraam. Die gebou, wat gereed moes wees vir die aanvang van die 1953 akademiese jaar, is vernoem na 'n donateur, Dawie du Plessis, wat £2 000 geskenk het. Op 28 Februarie 1953 is die koshuis in gebruik geneem.

Die tweede fase van die koshuis, vir 'n verdere 75 studente, is eers in 1958 begin. Hiervoor is 'n gewysigde plan gebruik en die verdere struktuur is aan die noordekant van die eerste opgerig.[185] Naas geldgebrek is die vertraging om die gebou op te rig ook veroorsaak deur die pogings om genoeg grond van die Stadsraad vir die gebou te verkry.[186] Die koste vir hierdie tweede boufase was uiteindelik £109 000, vergeleke met die £37 000 van die eerste boufase van agt jaar vantevore.[187] Die nuwe vleuel was bekend as Dawie du Plessis Huis-noord, of in studentetaal, Liberalia. Na die ouer Dawie du Plessis Huis-suid is verwys as Makouvlei. In 1994 is die twee administratief verenig en die naam verander na Excelsior.[188]

'n Eetsaal vir die genoemde nuwe koshuise is vernoem na Pieter Hamersma wat ook 'n groot geldelike skenking aan die PUK gemaak het.[189]

## • Johannes van Rooy

Die derde nuwe manskoshuis is in 1961 opgerig. Dit kon dubbel die getal studente huisves as wat die eerste twee koshuise gesamentlik kon. Hierdie derde koshuis is gebou na 'n verdere Stadsraadskenking van 7,25 ha grond tussen Dawie du Plessis en die militêre kamp. Die eerste studente het met die aanvang van 1962 in die halfvoltooide gebou ingetrek.[190] Die studentenaam van dié koshuis was Over-de-Voor.

Al drie die koshuise het van die Hamersma-eetsaal gebruik gemaak. Na die latere aanbou van dameskoshuise op die Weskampus is die aparte Voorhuis-eetsaal opgerig vir die gebruik van hierdie koshuisinwoners. Na die bou van Heide- en Karlien-koshuis is 'n derde eetsaal, die Sentrale Eetsaal, opgerig met plek vir 800 studente. Die manseetsaal is gevolglik in 'n ontspanningsaal omskep. Ook die Sentrale Eetsaal is teen 1996 gesluit en ingerig vir meerdoelige funksies: dit is onder andere gebruik as eksamenlokaal – tot en met 2003 nog. In studente-idioom het die lokaal heel gepas die Weet-en-Sweet geheet.[191]

## • Klawerhof

Die stimulus vir die bouprogram van die tweede helfte van die eeu was die voortdurende tekort aan studenteverblyf op die kampus. Die derde bouonderneming van die vyfjaarplan was 'n dameskoshuis vir 50 studente.[192] In 1950 was daar slegs twee dameskoshuise, Piet Grobler en die jonger De Klerk-huis.[193] Laasgenoemde siersteengebou met sy platdak was die eerste moderne gebou op die PUK-kampus en dit het die standaard gestel vir toekomstige strukture. Aan die ander kant het dié koshuis afgesteek by die gepleisterde Kaaps-Hollandse fasades wat al die ouer permanente geboue op die terrein tot op daardie stadium gekenmerk het.

Die oprigting van Dawie du Plessis-koshuis en die nuwe Fisika-gebou op die terrein waar die ou sportveld was, het die finansiële vermoëns van die Universiteit sodanig uitgeput dat 'n staatsubsidie alleen nie die bou van die dameskoshuis sou kon bolwerk nie.[194] Die Koshuisvader, prof. Dirk Van Rooy, het die saak beredder deur in 1953 'n belofte vir £20 000 by die Uniale Komitee van die Gereformeerde Sustersorganisasie en ander Gereformeerde gemeentes landswyd te verkry nadat 'n versoek vir 'n lening van die Gereformeerde Kerk misluk het.[195] Intussen is met die beplanning van die koshuis voortgegaan, aangesien die bou daarvan "geen uitstel meer gedoog" het nie. In 1953 was die planne vir 'n "mooi en doeltreffende" gebou gereed.[196]

Die beraamde koste was £33 000, maar die beraamde koste vir die eerste plan het op £41 000 gedui. Soos dit die reël was en sou bly, is afgeskaal deur van enige luukshede af te sien – 'n besnoeiingswyse waardeur die finale koste tot £35 420 verlaag is.[197]

Uit die staanspoor is besluit om nie dadelik aan die koshuis 'n naam te gee nie, en skynbaar was die bouwerk reeds gevorder toe op die naam Klawerhof besluit is.[198] Die naam



*Die manskoshuise van die vyftiger- en sestigerjare op die Weskampus (Bron: PUK-Argief)*



*Lugfoto waarop die Fisika-gebou aangedui is, en regs daarvan die stuk grond wat oor is van die ou sportterrein (Bron: PUK-Argief)*



*Klawerhof (Bron: PUK-Argief)*

is ontleen aan die klawer- en lusernland wat voorheen op die terrein was waar die koshuis opgerig is. Op hierdie klawer- en lusernland is voer vir die PUK se donkies gekweek. In Maart 1955 is die nuwe koshuis voltooi en in Junie in gebruik geneem toe mev. A. Aucamp, Voorsitster van die Gereformeerde Sustersorganisasie, dit geopen het.[199] Die verwagting dat Klawerhof, soos Dawie du Plessis, in alle behuisingsbehoeftes sou voorsien, is spoedig verkeerd bewys. Binne twee jaar na die voltooiing van Klawerhof moes planne opgestel word vir ooswaartse uitbreiding om vir 'n verdere 45 tot 50 dames voorsiening te maak. Die koste hiervoor is aanvanklik op £8 700 geraam, maar was uiteindelik £19 000.[200]

## • Lettie du Plessis-eetsaal

Reeds voor die aanvang van bouwerk aan Oosterhof is aandag geskenk aan die bou van 'n eetsaal tussen De Klerk- en Piet Grobler-huis vir al drie die dameskoshuise. Die oprigting van Klawerhof het die afhandeling van die beplanning vir 'n eetsaal dringend gemaak.[201] Omdat beskikbare staatsubsidie vir ander bouprojekte geoormerk was, is besluit dat die PUK geld sou bespaar deur die eetsaal self op te rig en vir 1954 is £27 000 daarvoor begroot waarvan 40% van die staat geleen is. Soos in die geval van Klawerhof, het die PUK hom tot die Gereformeerde Sustersorganisasie vir fondsinsameling gewend en is die balans op hierdie wyse byeengebring.[202]

Weens allerlei administratiewe vertra-gings het die onderneming tot 1956 gesloer toe die bou van die kombuis en saal, wat voorlopig vir slegs 82 dames plek kon bied, onderneem is. Omdat Klawerhof nie 'n eie eetsaal gehad het nie en Piet Grobler s'n nie groot genoeg was nie, het die vertraging meegebring dat 40 dames hul etes by die mans oorkant die treinspoor moes nuttig.[203] Hoewel aanvanklik besluit is om die saal die GSO-eetsaal te noem ter erkenning van die geldinsamelingspogings van dié organisasie,[204] is dit uiteindelik vernoem na die eg-genote van die skenker na wie Dawie du Plessis vernoem is.

Tydens 'n formele plegtigheid, op 3 April 1957, is dié eetsaal deur mev. A. Aucamp, Voorsitster van die Sustersorganisasie in gebruik geneem.[205] Met die voltooiing van die eetsaal is die bestaande eetsaal en kombuis van Piet Grobler vir 'n ander doel herbou. Teen 2003 was dié saal deel van die Inwoning- en Voedseldienstekompleks.

## • Oosterhof


In 'n stadium het dit geskyn of daar nooit genoeg losiesruimte vir dames sou wees nie. Reeds tydens die aanbouings aan Klawerhof is die oprigting van nog 'n koshuis beplan. Nog voor die afhandeling van die Van Rooy-gebou is 'n aanvang gemaak met die oprigting van Oosterhof wat, soos die naam aandui, oos van Klawerhof opgerig is.[206] Oosterhof het ruimte vir 150 dames gebied teen 'n beraamde koste van R126 000. Ten einde die gebou gereed te hê vir die nuwe akademiese jaar van 1963 is dwarsdeur Desember daaraan gewerk.[207] Na omvattende opknapping gedurende die negentigerjare is Oosterhof in 'n senior dameshuis omskep.[208]



*Die Oosterhof-dameskoshuis (Bron: PUK-Argief)*



*Die imposante Heide- en Karlien-dameskoshuise teen 1972 (Bron: PUK-Argief)*



*Die koshuise Wag-'n-bietjie, Kasteel, Vergeet-my-nie en Wanda (Bron: PUK-Argief)*

- ## Heide en Karlien

'n Kenmerk van die Bingle-rektorstermyn was die volledige ontwikkeling van die Weskampus vir studentebehuising. In 1968 is bepaal dat 'n verdere behoefte aan ruimte vir 250 tot 500 dames ontstaan het. Aan die argitek, 'n mnr. Lötter, is opgedra om planne vir dié koshuise op te stel.[209] Heide en Karlien sou die eerste twee agtverdiepingkoshuise op die Weskampus wees, elkeen ingerig vir 252 koshuisinwoners. Teen 2003 was hierdie twee koshuise steeds die enigste toringgeboue op die Universiteitsterrein. Die ontwerp van hierdie twee geboue was die gevolg van die ruimtekrisis wat kenmerkend was van die eerste jare van prof. Bingle se rektorstermyn toe die KTG 'n "opwaarts[e] eerder as sywaarts[e]" bouprogram voorgestaan het. In die wandelgange het die oprigting van Heide en Karlien kritiek uitgelok weens hul versteuring van die Universiteitskampus se luglyn. Gevolglik is die oprig van geen verdere toringgeboue onderneem nie. Verdere oorwegings wat vir die beplanning van dié koshuise gegeld het, was dat die Departement van Hoër Onderwys die koste van staatsgesubsidieerde koshuise tot R2 500 per student beperk het,[210] en die oprigting van 'n toringgebou was goedkoper as dié van 'n uitgestrekte eenverdiepingstruktuur. Heide is binne 'n jaar voltooi (in 1968) en was gereed om in Februarie 1970 te open.[211] Die behuisingsnood was so groot dat met die tweede koshuis, Karlien, onmiddellik daarna begin is, en met identiese spesifikasies. Ook dié gebou is binne 'n jaar voltooi – 'n aanduiding van die nood aan studentebehuising.

Steeds kon nie in die behoefte aan koshuisinwoning voorsien word nie. In 1974 is besluit om 'n omvattende viervoudige koshuiskompleks vir sowel mans as dames op die driehoekige terrein noord van Heide en Karlien te bou. Die hoekige rooi siersteenontwerp van W.O. Meyer was in harmonie met sy ontwerp van ander geboue, soos byvoorbeeld die nuwe J. Chris Coetzee-gebou en die Hennie Bingle-studentesentrum wat hy in dié tyd vir die Hoofkampus ontwerp het. Die nuwe koshuise het 'n nuwe geboubenadering ingehou: daar is naamlik voorsiening gemaak vir 'n reeks afsonderlike wooneenhede wat elkeen om 'n binnehof gegroepeer is, met die sentrale Voorhuis-eetsaal en kombuis wat al hierdie koshuise sou bedien. Die name van die eenhede sou Wag-'n-bietjie en Vergeet-my-nie vir dames wees, met Fort en Kasteel vir die mans.[212] Die buite-aansig en ontwerp van Fort en Kasteel het aan fortifikasies herinner; derhalwe was die name daarvan heel gepas. Wooneenhede vir huisvaders en matrones is by die beplanning ingesluit.[213]



*Die Kasteel-kompleks in aanbou. Op die agtergrond is die fondamente van Vergeet-my-nie en Wag-'n-bietjie reeds voltooi (Bron: PUK-Argief)*

'n Onverwagte toename in damestudente het egter daartoe gelei dat al vier koshuise slegs vir dames gebruik is. Daardeur het die dameskoshuise op die Weskampus gesamentlik 21 146 m$^2$ vloeroppervlakte beslaan teenoor die 2 266 van Klawerhof in 1955. Met die bou van hierdie koshuise was die Weskampus, soos dit destyds daar uitgesien het, ten volle beset.

- ## Monteerkoshuise

Die toekenning van al die nuwe koshuise aan dames het 'n tekort aan mansbehuising meegebring. Aanvanklik sou dié probleem opgelos word deur die bou van 'n koshuis vir 512 mans op 'n uitbreiding van die Weskampus. Dié koshuis sou 'n projek vir studenteverblyf uitvoer wat met die oprigting van Heide en Karlien sou saamgeval het en waarvoor geld reeds beskikbaar gestel was. 'n Tender van R1 392 117 is aanvaar, en uitgrawings het begin.[214] Die bouaannemer het egter bankrot gespeel en die beste nuwe tender was R20 000 meer as dit wat beskikbaar was.[215] Ook is nou bereken dat 'n te groot konsentrasie van studente oos van die spoor met sy beperkte verkeersweg na die Hoofkampus ongewens was. Gevolglik is in 1968 van die bouwerk afgesien en besluit

om tydelike monteerkoshuise van asbes noord van die Tegniese Dienste-kompleks op die Hoofkampus op te rig.[216]

Dié koshuise is in fases opgerig. Hoewel hierdie monteergeboue vir 1 000 studente voorsiening kon maak, is in 1968 aanvanklik vir net 120 studente plek ingerig.[217] Twee jaar later is die kompleks uitgebrei vir 'n verdere 140 beddens en teen 1971 was daar ruimte vir 420 inwoners in 28 eenhede.[218] Uiteindelik sou 646 studente daar tuisgaan.

Om aan dié tydelike gebou, wat al meer permanent geword het, identiteit te verleen, is dit die Skuur-kompleks genoem na aanleiding van die basiese uitleg daarvan. Twee afsonderlike name vir hierdie strukture het egter onder die inwoners self ontstaan – Hombré en Caput. Hierdie koshuise kon spog met agt telefone en 'n eie skakelbord, vergeleke met die enkele telefoon vir al die manskoshuise in 1950.[219]

Omdat verwag is dat Skuur 'n baie kort bestaan sou hê, is beplan dat die inwoners in sommige van die bestaande koshuiseetsale sou eet, maar spoedig is besef dat naas sitkamers, siekekamers, matronewoonstelle en huisvaderswonings, ook eetgeriewe verskaf moes word. Aanvanklik was daar vier eetsale, maar namate die gebruiksperiode van dié kompleks langer en langer geword het, is 'n sentrale eetsaal in 1979 vir die kompleks gebou. Met die skryf van hierdie publikasie was die sentrale eetsaal vir hierdie kompleks die Dampad-eetsaal van Veritas en Patria. Die eetsaal en kombuis was die enigste permanente Skuur-geboue.

Na die oorname van die Onderwyskollege-koshuise vanaf die begin van 1991 en die vestiging van die Ingenieursfakulteit op die Potchefstroomkampus kon die sloping van die Skuur-kompleks uiteindelik in die vooruitsig gestel word.

Eerste aan die beurt was Hombré.[220] In 1997 is besluit om alle asbesstrukture op die PUK en Onderwyskollege weens die gesondheidsgevaar wat dit inhou, oor 'n tydperk te onttrek.[221] Teen 2003 was die oorblywende Skuur-geboue egter steeds vir tydelike laegraadse verblyf aangewend.

### • Klooster

Die monteerkoshuise het nie volledig in die aanvraag vir mansbehuising voorsien nie. Met die sluiting van die Kloosterskool in die middedorp in 1970 wou die PUK dit koop om as manskoshuis te gebruik.[222] Uiteindelik is 'n huurooreenkoms in 1973 aangegaan wat jaarliks hernu is.[223] Hierdie hele aangeleentheid moet gesien word teen die agtergrond van die vertraging met die bou van die Dampad-koshuise.[224]

### • Patria en Veritas

Soos vroeër vermeld is, was die benutting van die terrein tussen die Hoofkampus en rektorswoning lank reeds beplan, onder meer deur die beoogde oprigting van twee manskoshuise vir 250 studente noord van die Fochville-spoorlyn.[225] Na hierdie koshuise is verwys as die Dampad-koshuise.[226] 'n Potchefstroomse argitek, Nardus Conradie, het in 1972 met die beplanning daarvan begin.[227]

'n Onvoorsiene probleem was dat inwoners van die omgewing by die Stadsraad beswaar gemaak het teen die bou van die koshuise sodat besluit is om hulle verder suid, op die noordelike randgebied van die Hoofkampus, te bou.[228] Na 'n verdere gesloer oor hersonering is die koshuise in 1982 voltooi, twee jaar nadat hulle reeds betrek was.

### • Meerdoelige studente-akkommodasie

'n Nuwe akkommodasiebenadering het teen 1990 posgevat. Sekere studente wou op die kampus woon, maar nie in die tradisionele koshuise nie. Hul redes was uiteenlopend. Onder dié studente was nieblankes wat toe nog nie in die koshuise toegelaat is nie, getroude paartjies en 'n toenemende aantal buitelandse en nagraadse studente. Van hul kant het vertoë gekom vir wooneenhede waarin hulle selfversorgend kon wees en/of met hul gesinne kon tuisgaan.[229]

Die TGK het dit aan die begin van die negentigerjare oorweeg om enkel- en dubbeleenhede te voorsien vir 210 studente op 'n oop strook grond tussen die Weskampus en die militêre terrein. Uitgerekte onderhandelings oor die oordrag van die grond het die beplanning van hierdie tipe woongeriewe tot 1994 vertraag.[230] Die eenhede sou in fases gebou word, waarvan vir die eerste twee 'n tender van R703 000 aanvaar is. Vyf jaar na die beoogde datum is begin met die bou van die eenhede.[231] Geen verdere uitbreiding is na die eerste fase daarvan onderneem nie.

### • Oppipuk (die PUK-dorp)

Die tweede gedifferensieerde wooneenheid was die PUK-dorp. 'n Aantal woonhuise wat oos van die Hoofkampus aangekoop is, was meer as wat aan die begin van die negentigerjare vir administratiewe en akademiese doeleindes benodig was. Gevolglik is besluit om sommige van die huise in Tomstraat, tussen Goossens- en Joostestraat, in studente-akkommodasie te omskep. Die koste verbonde aan die opgradering van die Kollege-kampus het gedreig om hierdie projek te kelder, maar tog is die voorlegging van die argiteksfirma Theunissen en Jankowitz aanvaar.[232] Die nuwe PUK-dorp moes 'n gehalte-onderneming wees en teen 'n koste van R30 000 per bed, is 'n totaal van R2 500 000 vir die hele projek in die vooruitsig gestel.



*Die Patria- en Veritas-manskoshuise (Bron: PUK-Argief)*

Die begindatum van dié projek is gestel as Januarie en die beoogde datum van voltooiing as Desember 1994.[233] Vir twee jaar is die bouwerk uitgestel voordat met die eerste 19 kamers teen 'n koste van R753 000 begin is.[234] Die afskaffing van die Afdeling Bouers en Dienste het die werk weer tot stilstand gedwing. Met 'n skenking van R110 000 is die bouery weer eens hervat en die eerste fase is in 1997 afgehandel. Die beplande aanvangsdatum vir fase twee – 1999[235] – het waarskynlik vanweë koste en onvoldoende belangstelling nie gerealiseer nie.[236] In ooreenstemming met die beleid dat studente inspraak moet hê in sake wat hulle raak, is hul voorstel vir die naam Oppipuk vir hierdie bouprojek aanvaar.

## • Wooneenhede op die Weskampus

In hierdie onderafdeling word gekyk na pogings om behuising vir swart en kleurlingstudente in swart woongebiede te voorsien. Teen 1989 is na samesprekings met die Stadsraad van Potchefstroom en die administrateur van Transvaal[237] besluit om sulke studente voortaan op die kampus self in wooneenhede te huisves. Die befondsing van R900 000 vir hierdie projek is bekom[238] en twee woonsteleenhede is voorlopig voltooi. Aangesien die Weskampus teen daardie tyd volledig beset was, is sowat 3,7 ha grond, wat voorheen deur die Weermag gebruik is, vir R18 500 van die Departement Openbare Werke aangekoop. Hierdie terrein wat aangekoop is, is geleë aan die westelike randgebied van die Weskampus

'n Toename in studentegetalle en 'n voortgesette aanvraag na woonsteltipe wooneenhede het teen 2003 gelei tot die oprigting van 'n verdere 40 soortgelyke eenhede. Elke eenheid bestaan uit ses ewe groot enkelkamerwoonstelle vir twee persone met 'n kombuis en badkamer. Die woonstelle van ongeveer 35 vierkante meter bevat ingeboude verwarmers, telefoonkoppelpunte en televisie- en PUK-netwerkproppe. In elke eenheid is ook ruimte vir 'n yskas. Vir die inwoningsbeampte is 'n huis opgerig.



*Die Promosa-eiendom waarop huise opgerig is vir verhuring voordat dit verkoop is (Bron: PUK-Argief)*

Nadat argitekte geraadpleeg is,[239] het die Departement Kampusbeplanning self die planne onder toesig van prof. J.L. Schutte van die Instituut vir Ontwikkeling opgetrek. Die Departement Kampusbeplanning het as hoofkontrakteur opgetree, terwyl ook van verskeie subkontrakteurs gebruik gemaak is. Die hele tweede fase van die bouwerk is in 2003 onder projekleierskap van Hester Klein afgehandel. Die gebruik van sierstene vir buiteafwerking sou duursaamheid en lae onderhoudskoste verseker. Kritiek teen die projek is die verbeeldinglose eenvormigheid van sowel die uitleg as die voorkoms van die eenhede, wat skerp kontrasteer met die versigtige terreinbeplanning van die negentigerjare. Dié leemte sal waarskynlik mettertyd in 'n mate verberg word deur landskapargitektuur en die aanplant van bome.

Die eenhede is beset namate hulle afgehandel is en die hele kompleks wag nog op 'n naam. Die eerste eenhede is intussen, op versoek van die inwoners Oppirif gedoop.

## • Behuising vir swart,- kleurling- en Indiërstudente buite die Universiteitsgrense


Voor daar op die Weskampus nog voorsiening gemaak is vir woongeriewe vir studente van kleur, is 'n groot

erf in Promosa vir R36 500 gekoop om as koshuisterrein te dien. Planne vir die verblyf van 18 studente is opgestel en die bouwerk is in Februarie 1988 voltooi.[240] Dié onderneming was egter nie 'n sukses nie, aangesien studente elders vir goedkoper verblyf kon beding.[241] In byvoorbeeld 1994 is slegs vier aansoeke vir verblyf ontvang wat 'n bedryfsverlies van R30 000 ingehou het. Die hele onderneming is gevolglik laat vaar en die geboue, wat 'n munisipale waardasie van R237 000 gehad het, is aan die NG Sendingkerk verhuur en mettertyd verkoop.[242] Kleurlingdames is in 'n stadium gehuisves in 'n Universiteitsgastehuis op die kampus, die vroeëre De Klerk-huis.[243]

## • Behuising vir swart dienswerkers

Behuising het nie slegs om studente gewentel nie, maar ook om dienswerkers. Sommige van die vroeë strukturele behoeftes het ook 'n effektiewe leefruimte vir anderskleurige werknemers behels. Die behoefte om hul geriewe te verbeter en ook ter wille van beter beheer, is lank reeds gevoel.[244] In 1952 het die Raad ondersoek ingestel na die oprigting van 'n kampong.[245] Die gedagte was om die kompleks, waarvoor £2 500 opsy gesit is, aan die noordelike uiteinde van die kampusterrein te plaas. Ondertussen is die werkers in opgeknapte fietsskure en ontruimde pakkamers gehuisves.[246] Meiring het die planne kosteloos opgestel. Daarmee was reeds gevorder toe die aangeleent-heid vir die eerste keer met die Stadsraad en deur hulle, met die Departement van Naturellesake bespreek is. Albei instansies het die projek afgekeur.[247] Die Stadsraad was in dié stadium besig met die beplanning van 'n nuwe swart woonbuurt, Ikageng, en aan die PUK is die belofte gemaak dat aan sy behoeftes daar voorkeur gegee sou word. Druk van die kant van die Universiteit en die dringendheid om slaapplek, veral vir kokke te voorsien, het die Stadsraad tog oorreed om die bou van slaapkamers met ablusiegeriewe vir 12 persone op die kampus goed te keur.[248] Dié kompleks is agter Heimat geplaas.[249] Swart werknemers wat die langste in diens was, het voorkeur gekry met die toekenning van hierdie "netjiese en stewige" kamers.[250]

Vroeg in die tagtigerjare was behuising vir swart werkers weer ter sprake. Dié keer het onderhandelings met die Departement Mannekrag en die Wes-Transvaalse Ad-







*Die hostel te Ikageng in aanbou as behuising vir swart dienswerkers gedurende die tagtigerjare (Bron: Lesedi, 3(1), Jun. 1987, p. 7)*

ministrasieraad uitgeloop op die besluit om 'n hostel vir 138 manlike werkers naby die ingang van Ikageng te bou om die behuising wat intussen daar vir PUK-dienswerkers opgerig is, aan te vul.[251] 'n Terrein van 4 ha is aangekoop en R600 000 is vir dié behuising begroot.[252] Onsekerheid rondom die Groepsgebiedewet het die bouwerk vertraag sodat besluit is om die bestaande geriewe eerder op te knap. Politieke onluste het ook die vordering vertraag.[253] Teen 2003 het slegs drie swart kokke in 'n woonstel by die Dampad-eetsaal gewoon, en nog twee by Minjonet 253a.[254]

## 9.7.2 Akademiese geboue

### • Fisika-laboratorium

Die meeste akademiese geboue wat gedurende die rektorskap van prof. J. Chr. Coetzee opgerig is, was vir die Natuurwetenskappe bestem. Die eerste laboratorium was vir Fisika, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde. Met dié gebou, wat deur die 1950-vyfjaarplan in die vooruitsig gestel is, is gehoop om die nypende tekort aan moderne laboratoriums te verlig. Die moeilike finansiële omstandighede wat met die oprigting van die bestaande natuurwetenskaplike geboue gegeld het, het hul formaat beperk en aanbouings later onprakties gemaak. In dieselfde mate as wat die voorkoms van die vroeë permanente laboratoriums 'n breuk was met die sinkgeboue wat hulle voorafgegaan het, sou die nuwe Fisika-gebou, wat ontwerp, grootte en uitleg betref, toonaangewend wees vir alle laboratoriumontwerpe van die volgende twee dekades.

Hoewel met die beplanning van die drieverdiepinggebou – die hoogste op die destydse terrein – voortgegaan is[255] en voorsiening gemaak is vir 240 voorgraadse studente, het die bouwerk byna in die slag gebly. Eerstens het die oprigting van Dawie du Plessis 'n kapitaaltekort in die hand gewerk[256] en van staatsweë is gesloer met die goedkeuring vir die oprigting van die laboratorium. Ander faktore, soos onsekerheid rondom die staatsubsidie, die onaanvaarbaarheid van die eerste tenders en verskeie wysigings aan die ontwerp van die gebou, wat die prys van die aanvanklike beraming van £67 000 na £90 000 opgeskuif het, het die bouwerk verder vertraag. Die verwagting was dat daar reeds in Augustus 1952 daarmee begin sou word en dat dit binne 18 maande voltooi sou wees. Verskeie onsuksesvolle pogings om 'n aanvaarbare tender te bekom, het egter gevolg en die kontrak is eers in September 1953 toegeken. Die werk het 'n jaar na die beplande tyd teen 'n koste van £89 852 'n aanvang geneem,[257] en is eers op 11 Junie 1955 formeel in gebruik geneem toe die deure deur minister J.H. Viljoen oopgesluit is.[258]



*Die noord- en suid-aansig van die Fisika-gebou (Bron: PUK-Argief)*

### • Chemie-laboratorium

Met die beplanning van die Fisika-gebou is nie voorsien dat ook 'n nuwe en aangrensende Chemie-laboratorium binne twee jaar gebou sou word nie. Die behoefte aan meer ruimte vir Chemie was net so groot as vir Fisika, maar daar is verwag dat in die behoefte voorsien sou kon word deur die bestaande Chemie-laboratorium in 1951 te vergroot.[259] Die KTG het egter aanbeveel dat van dié standpunt afgesien word en 'n nuwe gebou opgerig word. Hierdie gebou het £40 000 gekos,[260] en is aan die begin van 1957 voltooi.[261]

***'n Student se pryslied oor die Chemie-gebou***

In 'n Besembos-uitgawe van 1957 is ontwikkeling gedurende die jare 1956-1957 in oënskou geneem. 'n Student het hom soos volg daaroor uitgelaat:

"... En watter praggebou het daar nie in die afgelope jaar verrys nie: in blouswart siersteen met groot staalvensters om genoeg lig deur te laat vir laat middagwerk, staan die Chemie-gebou van £94 000 aan die noordeflank van die universiteitsterrein. Op 11 Mei 1957 het mnr. J.J.P. Op 't Hof, Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die amptelike ingebruikneming waargeneem. Dat dit inderdaad 'n uitsonderlike gebou is, bewys ook die gesnork van jaloesie – of is dit naywer? – wat elke nou en dan in die stille aandure die wandelaar in die Universiteitstraat vanuit die Fisikagebou toeklink. Die fisici hou vol dat dit bloot die geluid van die lugsuier is, maar ek wonder darem ... 'n Besoek aan die gebou bring 'n mens inderdaad onder die indruk van die tyd waarin ons leef: die eeu van atoom en plastiek. Jy vind hier van plastiese bakke tot plastiese waaiers ... tog word hulle nie gebruik om die somerhitte te versag nie; hulle moet sorg dat die laboratorium skoon van gasse bly ..."

## • Industriële Chemie-laboratorium

Die oop grond wes van die Chemie-laboratorium is gedurende 1961 bestem vir 'n laboratorium vir Industriële Chemie. Die oprigting van hierdie laboratorium sou saam met die Fisika- en Chemie-geboue 'n eenheidskompleks vorm en die verdere uitbreiding van die geboue vir die natuurwetenskappe in 'n noordelike rigting rig.[262]

Sketsplanne wat die behoeftes van die Departement Industriële Chemie uiteengesit het en op inligting uit die buiteland gebaseer was, is deur die Departement voorgelê. Na wysigings is voorsiening gemaak vir 'n gebou van 1553 m² teen 'n beraamde boukoste van R103 000[263] met 'n verdere R20 000 vir apparaat. Die gebou was gereed om in 1965 in gebruik geneem te word.[264]

## • Die Plantkunde-gebou en Plantfisiologie-laboratorium

Die Departement Plantkunde en Plantfisiologie is aanvanklik in een van die eertydse sinkgeboue gehuisves, maar in 1940 na 'n permanente gebou buite die kampus verskuif. Ten spyte van aanbouings was die ruimte daar steeds te klein vir dié groeiende departement sodat die oprigting van 'n groter laboratorium, wat sou saamval met die instelling van 'n Plantfisiologiese Instituut, aangeroer is. Die gebou was bestem om op die terrein oos van die nuwe Administrasiegebou opgerig te word.[265] Aanvanklik is beraam dat die enkelverdiepinggebou ongeveer £40 000 sou kos.[266]

Nadat die gebou beplan is, was die gebou groter van omvang sodat dit die hele Departement Plantkunde kon huisves. Daarvoor is 'n tweede verdieping bygevoeg wat deels geregverdig is deur ook vir Rekeningkundestudente daarin plek in te ruim.[267] Hiermee het die koste, saam met meublement en uitrusting, op £102 800 te staan gekom. Bouery het in 1957 'n aanvang geneem en is in 1958 voltooi. 'n Gedenkplaat is deur die Ondervoorsitter van die Raad, H.J.R. du Plessis, gelê en die gebou is geopen deur minister John Vorster (latere Eerste Minister).[268]

In 1962 is 'n glaskweekhuis vir Plantkunde opgerig en twee jaar later 'n groter een noord van Uitspan. In 1987 is nog een in die Botaniese Tuin gebou en is die eerste een gesloop om vir parkeerruimte voorsiening te maak.[269]



*Die tweede kweek- en glashuis voor dit omskep is in die Fanus du Plessis-gebou (Bron: PUK-Argief)*

## • Die Dierkunde-laboratorium

Met die naderende voltooiing van die Plantkundegebou is aandag geskenk aan die oprigting van 'n soortgelyke gebou vir Dierkunde en Entomologie.

Die departementshoof het in 1958 gestel dat wat lokale betref, daar 'n omvattende behoefte is aan drie lesingsale, drie laboratoriums, 'n verdere agt laboratoriums vir nagraadse studie, nog ses vir navorsing en teeldoeleindes en 'n aparte laboratorium vir Fisiologie. Vyf afsonderlike kantore is vir dosente en tegniese assistente aangevra.

Daar moes voorsiening gemaak word vir 'n biblioteek, 'n kaartekamer, 'n donkerkamer, 'n werkswinkel, 'n museum, pakkamers en toilette – altesame 46 vertrekke.[270] Op die tweede verdieping moes plek vir 'n soölogiese daktuin wees.[271] Hierdie behoeftestelling was die voorloper van die omvattende benadering tot beplanning wat die reël gedurende die Bingle-rektorstermyn sou wees. In 1960 is met die opstel van die planne begin. In 1956 nog het die Raad, ter wille van 'n eenvormige boustyl, gehuiwer om van 'n ander argitek as Meiring se dienste gebruik te maak.[272] Deur 'n nuwe argitek, Johan de Ridder, te vra om hierdie gebou te ontwerp, het die PUK daarmee ook begin ruimte maak vir die moontlikheid van ander ontwerpe.




*Die nuwe Proefdiersentrum in 1984 (Bron: PUK-Argief)*

Hoewel die KTG die oprigting van die gebou as 'n prioriteit geag het, het dit voorspelbaar genoeg, voorbehoude gehad oor die omvang van die spesifikasies omdat daar ook vir ander kapitaaluitgawes, waaronder 'n Sielkunde- en Higiëne-laboratorium, voorsien moes word. Gevolglik kon vir slegs een voorgraadse lesingsaal en laboratorium plek voorsien word. Met die verwagting dat die PUK se finansies dit later sou kon bekostig, moes die plan vir die laboratorium, soos trouens alle toekomstige bouplanne,[273] vir verdere verdiepings voorsiening maak.[274]

Anders as met die Plantkunde-laboratorium wat binne twee jaar voltooi is, het die bou van die Dierkunde-laboratorium met allerlei vertragings gepaard gegaan. Die ruimte wat noord van die Plantkunde-gebou daarvoor bestem was, het te klein geblyk te wees en die probleem kon slegs opgelos word deur Postma-huis te sloop. Dit het 'n jaar se vertraging met die aanvang van die bouwerk meegebring.[275] Bowendien het die bestaande planne 'n gebou van £80 500 behels wat £10 500 meer was as die beskikbare bedrag. Besnoeiing aan die ontwerp was moeilik en 'n tender met streng besparingsvoorwaardes is uiteindelik in 1960 aanvaar.[276] Die gebou is in 1964 voltooi hoewel sommige van die personeel en studente die gebou reeds maande tevore betrek het.

Teen 1974 was die Dierkunde-laboratorium, soos die hoof van dié departement dit 15 jaar vantevore voorsien het, reeds te klein en moes 'n nuwe een vir die biologiese wetenskappe in die nuwe kompleks beplan word, hierdie keer teen 'n koste van R2 miljoen tot R3 miljoen. Die ou gebou is daarna deur Fisiologie beset.[277]

In 1962 is die Proefdiersentrum vir die Departement Dierkunde gebou en sowat R40 000 in 1974 bestee om dit te verbeter. Tien jaar later is die Proefdiersentrum met 'n nuwe vervang wat R1 349 000 gekos het en 'n vloeroppervlakte van 1 500 m$^2$ beslaan.[278]

## • Die Farmaseutika-laboratorium

Tot 1956 nog was die Departement Farmasie in die ou Chemie-laboratorium gehuisves waar periodieke aanbouings in toenemende ruimtebehoeftes voorsien het.[279] Die groei van die Departement het teen die einde van 1956 egter 'n nuwe laboratorium geregverdig en 'n gebou, wat volgens die rektor van die modernste in die land sou wees, is beplan.[280] Soos met soveel ander geboue die geval was, was geld die vernaamste beperkende faktor. Voorlopige planne het inderdaad voorsiening gemaak vir 'n gebou van slegs 1 740 m$^2$ wat R102 000 sou kos.[281] Selfs dít was bykans dubbel die bedrag van R60 000 wat die rektor daaraan wou bestee. Bowendien sou die ruimte wat aanvanklik beplan is te beperk wees en die planne is ten spyte van teenkanting deur die KTG[282] aangepas tot dubbel die aanvanklike vloeroppervlakte. Hierdie verandering het die boukoste op R220 000 te staan gebring.[283] 'n Verdere besnoeiing het die koste tot R190 000 laat daal.[284]

Die bouwerk aan hierdie laboratorium sou deel uitmaak van die 1962-1963-bouprogram en die verwagting was dat dit reeds teen die aanvang van die tweede semester van 1963 voltooi sou wees.[285] Ook in hierdie geval was die verwagting ooroptimisties en die gebou is eers teen die einde van Februarie 1964 voltooi. 'n Jaar later is dit formeel geopen deur die Minister van Volksgesondheid, dr. A. Hertzog.[286]

In ooreenstemming met die gevestigde beleid was die terreinkeuse vir die nuwe laboratorium so dat dit, saam met Fisika en Industriële Chemie, 'n eenheidskompleks gevorm het.[287]

## • Die Fisiologie-, Biochemie- en Anatomie-laboratoriums

Fisiologie, wat as 'n hulpdissipline vir Higiëne gevestig is, is aanvanklik in die ou Fisika-gebou gehuisves en het later die ou Chemie-laboratorium met ander departemente gedeel.

Teen 1956 was die Departemente Fisiologie en Biochemie sodanig gevestig dat ook hulle 'n ernstige ruimtetekort beleef het.[288] Die klein aantal studente en meer dringende behoeftes van ander departemente het 'n nuwe gebou vir dié departemente, ten spyte van 'n £20 000 testamentêre bemaking van mnr. Pieter Hamersma, op die langebaan geskuif en die bestaande fasiliteite is in 1958-1959 slegs opgegradeer.[289] Teen 1960 kon die oprig van 'n nuwe gebou nie langer uitgestel word nie.[290] Die beplande plek daarvoor was langs die ou Dierkunde-laboratorium, maar die beskikbare terrein daarvoor was te klein. Nuwe planne vir 'n gebou van £55 000 moes daarna geteken word om die beplande gebou in te pas in die terrein voor Heimat nadat die ou Liggaamsopvoedkunde-gebou gesloop is. Pogings om ook ten opsigte van hierdie projek die koste te besnoei, het die bouery laat sloer, maar dit was nogtans teen die einde van 1962 voltooi. In die daaropvolgende jaar, op 20 Maart 1964, is die twee ruim laboratoriums vir Fisiologie en Biochemie amptelik deur mev. A. Hertzog geopen.[291]

## • Die Verpleegkunde-gebou

Nadat dié departement as 't ware oor die kampus moes swerf en van verskillende beskikbare lokale moes gebruik maak, is 'n eie gebou eers in 1988 vir die Departement Verpleegkunde opgerig. Dié gebou is tussen die Totius-gedenksaal en Heimat geleë en die oprigtingskoste was R257 500. Hierdie terrein is aanvanklik vir 'n studentesentrum toegewys, maar is later as 'n pakhuis benut en in 1988 as 'n lokaal vir Verpleegkunde omskep.[292]



*Die Verpleegkunde-gebou teen 1988*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns})*

## • Die J.S. van der Merwe Aardwetenskappe-gebou

Die Departement Geografie was in 1950 gevestig in 'n laboratorium naby die Joostestraat-ingang en een van die oudste permanente geboue op die terrein. Soos met al die ander geboue in die omgewing, het dié gebou nie uitbreiding toegelaat nie, sodat met kleinere wysigings volstaan moes word. Om in die behoefte aan meer ruimte te voorsien, moes van beskikbare lokale in ander geboue gebruik gemaak word.[293]



*Die J.S. van der Merwe-gebou pas na voltooiing*
*(Bron: PUK-Argief)*

Teen 1968 was die oprigting van 'n nuwe gebou onafwendbaar en spoedeisend.[294] Daarvoor is Conradie, Thiel en Van Rooyen as uitvoerende argitekte aangestel. Sketsplanne vir 'n drieverdiepinggebou teen 'n beraamde koste van R573 000[295] met 6 000 m$^2$ vloeroppervlakte is in Maart 1969 voorgelê. Die finale planne is in Oktober 1985 aanvaar.[296]




*Die ou Geologie-gebou op die terrein waar die Joon van Rooy-gebou en Bingle-studentesentrum teen 2004 gestaan het, se ontwerp is tiperend van die tweedegeslaglaboratoriums se boustyl (Bron: PUK-Argief)*

Ook die Departement Geologie wat voorheen in twee vertrekke in die Geografie-gebou gevestig is en later sy eie laboratorium gehad het,[297] het in 1953 na tien jaar se groei, uitbreiding van lokale geregverdig.[298] Daarop is besluit om die Departement in die nuwe Geografie-gebou te huisves. Die gebou is aan die einde van 1970 voltooi en na 'n voormalige Geografie-dosent, prof. J.S. van der Merwe, vernoem.[299]

## • Meganiese Ingenieurswese-gebou

Die volgende akademiese gebou wat op die destydse noordelike randgebied van die kampus opgerig is, was vir Meganiese Ingenieurswese. Hierdie Fakulteit was aanvanklik op die Vaaldriehoekkampus gevestig, maar in 1990 is besluit om dié fakulteit na Potchefstroom te verplaas.[300] Die enigste geskikte ruimte vir die geboue was noord van die blok vir die Biologiese Wetenskappe waar Skuur gestaan het. Die oprigting van die uitgestrekte nuwe geboukompleks is in drie fases beplan, waarvan die eerste die belangrikste was, en R3 500 000 gekos het. Vir die tweede fase is R700 000 betaal, en vir die laaste fase R250 000. Die Meganiese Ingenierswese-gebou is in 1991 voltooi.[301]




*Die Meganiese Ingenieurswese-gebou in aanbou. Ten tyde van die oprigting was dit die duurste bouonderneming op die kampus (Bron: PUK-Argief)*

## • Die "Spinnekop"- Natuurwetenskappe-kompleks

Die grootskaalse aanbou van laboratoriums vir die Natuurwetenskappe sedert die vroeë vyftigerjare kan gesien word as die wegspringblokke vir die modernisering van die PUK, maar was laat teen die sestigerjare reeds in vele opsigte ontoereikend en verouderd. By Fisika en Chemie was 'n besliste behoefte aan uitbreiding.[302]

In 1968 het die KTG aanbeveel dat die geboue van 'n sekere groep departemente wat in lokale bymekaar gegroepeer was, in 'n groepkompleks herbou moes word. Hierdie departemente wat almal 'n gebrek aan ruimte ondervind het, was Farmaseutika, Chemie, Fisika, Statistiek, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap. By die geboue vir hierdie departemente was ook die volgende ingesluit: die Afdelings Rekenaardienste, Instrumentmakery en Glasblasery. In 1969 is 'n postmoderne kompleks opgerig wat op eklektiese wyse van verskillende boustyle gebruik gemaak het. Die kompleks is ontwerp deur Conradie, Muller en vennote, en noord van die bestaande Fisika-, Chemie- en Industriële Chemie- en Farmakologie-laboratorium opgerig. Die formele naam daarvan is die Natuurwetenskappe-kompleks.[303] Die plattegrondontwerp daarvan het sommer gou daartoe aanleiding gegee dat dié gebou as die "Spinnekop-gebou" bekend geword het. Die opvallende sentrale lesingsaal met sy buitestutte, is onder studente bekend as die "Kafferpot". Die bouonderneming is in 1979 afgehandel. In 2000 is 'n gedeelte van die kompleks teen 'n bedrag van R2 111 000 heringerig om ook die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese te huisves.[304]



*'n Gedeelte van die binnekant van die "Spinnekop"-gebou Die sogenaamde "Kafferpot" is links. (Bron: PUK-Argief)*

## • Die gebouekompleks vir die Biologiese Wetenskappe

Die Plantkunde- en Dierkunde-laboratoriums, wat pas 'n geslag vroeër gebou is, was teen 1965 eweneens ontoereikend, terwyl hul ligging – eerder as hul ontwerp – uitbreiding nie toegelaat het nie. Die gedagte het gaandeweg ontstaan om 'n gebouekompleks vir die Biologiese Wetenskappe op te rig wat sou dien as argitektoniese teenhanger vir die Natuurwetenskappe-kompleks. Die idee was nie nuut nie en 'n kommissie het reeds op die voordele daarvan gewys. Planne is opgestel wat op 'n koste van R720 000 gedui het, waarvan slegs 25% aan die struktuur en die res aan "binnedienste" bestee sou word.[305] Die nuwe kompleks is in fases noord van die Chemie- en Fisika-laboratoriums gebou. Die eerste boufase het in 1972 'n aanvang geneem.[306] Die Biologiese Wetenskappe-gebouekompleks was die eerste akademiese geboue wat noord van die "Spinnekop"-gebou, dit wil sê noord van Venterstraat, gebou is.

## • Die Ekonomiese Wetenskappe-gebou

'n Laaste groot gebou wat gedurende die Bingle-rektorstermyn opgerig is, was die Ekonomiese Wetenskappe-gebou. Die oprigting van dié gebou is moontlik gemaak deur 'n skenking van R100 000 in 1973 vir die vestiging van die Adviesburo vir Kleinsakeondernemings (ABKS). Op grond daarvan het die KTG 'n nuwe Ekonomiese Wetenskappe-gebou, waarin die Buro ook gehuisves kon word, aanbeveel. Conradie, Muller en vennote is weer eens as argitekte aangestel.[307] Die gebou is tussen die koshuise Piet Grobler en Klawerhof geplaas en in 1977 voltooi.[308]

## • Die (Sielkunde) Sosiale Wetenskappe-gebou



*Die (Sielkunde) Sosiale Wetenskappe-gebou (Bron: PUK-Argief)*

Hierdie gebou was eweneens die gevolg van langdurige, maar onsuksesvolle pogings om die bestaande beperkings van die Sielkunde-gebou te oorkom deur die uitbreiding en desentralisasie van hierdie Departement se fasiliteite.[309] In 1960 is besluit dat die gebou op die plein tussen die ou manskoshuise opgerig sou word. Die terreinkeuse was 'n logiese voortsetting van die terreinbesetting wat met die bou van die Plant- en Dierkunde-laboratoriums begin is. Ook was dit 'n uitvloeisel van die fisiese langtermynbeplanningstrategie wat behels het dat manskoshuise voortaan wes van die spoor opgerig sou word en die terrein van die

ou koshuise vir akademiese geboue herbestem sou word.[310] Die plasing van die nuwe gebou was die gevolg van hierdie strategie en het bygedra tot die sloping van Postma-huis waarop in beginsel reeds besluit was.[311] Die argitek, De Ridder, moes 'n nuwe gebou met drie verdiepings ontwerp ten einde dit gerieflik te laat inpas op die terrein tussen die bestaande manskoshuise.[312] Sowat £40 000 is op die kapitaalbegroting vir 1961 vir hierdie projek bestem. Nadat die aanvanklike sketsplanne gewysig is, is finale planne vir 'n gebou van £45 000 opgestel. Die bouwerk is in Augustus 1961 begin en in die daaropvolgende jaar voltooi.[313]

## • Die J. Chris Coetzee-gebou

Opvoedkunde was die laaste fakulteit wat nog in die Hoofgebou gevestig was en in 1970 is met die beplanning van 'n aparte gebou vir dié fakulteit begin.



***Die Ons Huis-koshuis. In baie opsigte was dit die spieëlbeeld van die reeds bestaande Heimat-gebou. Ons Huis is mettertyd gesloop om plek te maak vir die Sielkunde-gebou (Bron: PUK-Argief )***



***Die oos-aansig van die pas voltooide Sielkunde-gebou. Op die voorgrond is 'n stuk van die straat wat voor Ons Huis verby geloop het, sigbaar (Bron: Besembos, 1961)***

Op 'n vroeë stadium is besef dat die nuwe Sielkunde-gebou nie aan die behoeftes van Opvoedkunde voldoen het nie; derhalwe is besluit om ook vir hierdie fakulteit 'n nuwe plek in te ruim.[314] Terreinondersoek het die ruimte tussen die Frans du Toit-gebou en Oosterhof bepaal as die mees geskikte.[315] Voor die gebou opgerig kon word, moes die oorspronklike huisvaderwoning gesloop word. Die beplande gebou sou 5 000 m² beslaan. Gedurende 1973 is met die bouwerk begin en na ses jaar, in 1979 afgehandel.



***Die Universiteit het in die begin van die vyftigerjare slegs een huisvader vir al die koshuise gehad. Sy woning het gestaan waar die J. Chris Coetzee-gebou later sou verrys. (Bron: PUK-Argief)***

## • Die Dawie du Plessis-kompleks: noordelike en suidelike lesingsale

Sedert die tyd toe die Frans du Toit-gebou opgerig is, moes vir 'n toenemende aantal studente voorsiening gemaak word. Ruimte vir lesingsale met tot 200 sitplekke is vir die meeste van die nuwe akademiese geboue beplan en kon gebruik word deur 'n bepaalde departement of fakulteit. Teen die aanvang van die negentigerjare was daar 'n behoefte aan meer en ook groter lesinglokale wat voortaan nie aan 'n bepaalde vakgroep gekoppel sou wees nie. Die idee hiervoor het voortgespruit uit die rasionalisering van akademiese behoeftes en die nuwe strategiese beplanning van fakulteite in die negentigerjare. Eventueel is op hierdie beplanning besluit ten spyte van 'n kommissiebevinding dat sulke geboue ondoeltreffend by ander universiteite blyk te wees.[316]

Drie sulke komplekse is beplan: een vir die Hoofkampus, aanvanklik bedoel om Opvoedkunde en Ekonomiese Wetenskappe te bedien, 'n tweede aan die noordekant vir die Natuurwetenskappe en 'n derde op die terrein van die Onderwyskollege of Suidkampus.

Die ligging wat vir die eerste gebou aangewys is, sou gebruik word vir 'n aanbouing aan die westekant van die J. Chris Coetzee-gebou. Behalwe vir 'n saal met 308 sitplekke is vyf seminaarkamers beplan. Die aanvanklike kosteberaming was weer eens te hoog en 'n afskaling het gevolg om die prys tot R1 324 000 te verlaag. Uiteindelik is dubbel die bedrag bewillig en 'n verdere R850 000 vir meublement. Die einde van Junie 1996 is as afhandelingsdatum gestel, maar die teikendatum moes tot die einde van 1997 verleng word.[317] Dié gebou is die Dawie du Plessis-lesingsaal genoem ter ere van die skenker na wie Dawie du Plessis-manskoshuis vernoem is. Die naam van dié manskoshuis is intussen verander.[318]

As uitvloeisel van die rasionalisering van die Fakulteit Farmakologie en die Departement Verpleegkunde is 'n soortgelyke gebou ook vir die Noordkampus beplan. Gevoeligheid vir die beleid van die Wêreldgesondheidsorganisasie, wat hierdie gebou as 'n samewerkingsentrum sou beskou, is met die beplanning van dié gebou aan die dag gelê [319]

Die tweede kompleks was enigsins kleiner beplan, maar was weens die koste van sy toerusting, veel duurder as die Dawie du Plessis-lesingsaal. In die tweede kompleks is een saal vir 320 studente en een vir 150 ingerig. Dit beskik ook oor kleiner, sogenaamde "wegbreek"-lokale, wat vir selfstudie ingerig is en 'n aantal kantore. Met die uitgrawings vir die fondamente is in November 2000 'n aanvang gemaak,[320] en in die tweede semester van 2003 is dié kompleks betrek (en word as G20 aangedui).[321]

Die verwagting wat tot bogenoemde twee lesingsaalkomplekse gelei het, het op die beplanning van 'n derde kompleks op die Suidkampus uitgeloop. Hierdie kompleks is bestem vir die Opvoedingswetenskappe en die Ekonomiese Bestuurswetenskappe. In dié gebouekompleks is voorsiening gemaak vir drie sale – elkeen met 180 sitplekke.[322] Dié gebouekompleks is gedurende 2003 in gebruik geneem, en word as C5 aangedui.[323]

- **Die Konservatorium**[324]

Die Konservatorium vir Musiek is in 1950 in die lewe geroep met 230 studente en leerlinge wat binne 'n jaar die 450-kerf verbygesteek het. Vir hulle was daar geen sentrale fasiliteit nie en in 1955 is gekla dat die "musieklikes" van gebou tot gebou rondval en "dat mens al skuldig voel as jy van die Konservatorium praat".[325]

Die eerste gebou wat vir musiekopleiding gebruik is, was die ou meule op die Oude Molen-terein.[326] Die toename in studente het ook veroorsaak dat gebruik gemaak moes word van die Liggaamlike Opvoedkunde-gebou, die ou Teologiese Skool, 'n koshuis van die Gimnasium Hoërskool, die Mooirivier Laerskool-saal en 'n huurhuis. Daardeur is voorlopig genoeg lokale voorsien, hoewel dit geensins die ideale ruimtes was nie.[327] Die beste geriewe was in 'n redelike groot gebou in Potgieterstraat in die middedorp – 'n gebou wat aan die PUK behoort het en vroeër reeds as musiekskool gedien het.[328] Dit was in 'n vervalle toestand, maar is opgeknap en gemoderniseer. Weens 'n gebrek aan ruimte op die erf het die beoogde aanbouings daar skipbreuk gely; gevolglik is die oprigting van "'n klein, maar sierlike gebou" oorweeg.[329] Die ou Teologiese Skool op die Bult is opgeknap en het saam met sy koshuis vanaf November 1952 as tydelike konservatorium gedien.[330] In die proses het dié gebou ook in Universiteitsbesit oorgegaan.[331] Musiekuitvoerings moes, totdat die nuwe konservatorium gebou is, in die nuwe Totius-gedenksaal aangebied word.[332] Dit was egter nogtans 'n verbetering op die vorige situasie toe die stadsaal gebruik moes word[333] vir PUK-musiekfeesgeleenthede, soos byvoorbeeld tydens die selfstandigwordingsviering van die Universiteit.

Om verskeie redes, waaronder 'n gebrek aan ruimte en mislukte pogings om staatsubsidie te bekom, is in die loop van die volgende tien jaar afgesien van 'n nuwe konservatorium in Potgieterstraat.[334] Die toekomstige beplanning sou fokus op die uitbreiding van die akademiese afdeling van die Departement op die Bult.[335] Die beplanning vir 'n konservatorium op die Oude Molen-terrein is heroorweeg, maar sonder die beoogde universiteitsaal. Ten spyte van 'n gebrek aan fondse, toe nie meer vreemd ten opsigte van alle projekte wat aangepak is nie, en die feit dat planne vir nuwe geboue 'n jaar vantevore vir goedkeuring aan die staat voorgelê moes word, is die beplanning van hierdie gebou vanaf 1952 onderneem.*336* Selfs buitelandse universiteite is oor aspekte van die ontwerp geraadpleeg.[337] Die keuse van die Oude Molenterrein is herbevestig omdat die verwagte motorverkeer vir uitvoerings slegs daar hanteer sou kon word. Die gesoute argitek, Meiring, was die aanvanklike keuse, maar daar het ook stemme opgegaan om ander argitekte te oorweeg. Johan de Ridder was onder die name wat genoem is en hy is dan ook vir hierdie taak benoem.[338]

Soos wat dit die reël geword het, was die beraamde koste van die aanvanklike beplanning te ruim vir die begroting en het 'n proses van afskaling van die sketsplanne gevolg om die aanvanklike koste van £192 100 tot die beskikbare £75 000 te verlaag.[339] Die Transvaalse Onderwysdepartement het £10 000 van die boukoste gedra uit erkenning vir musieklesse wat aan skoliere gebied is.[340]

In die finale planne is voorsiening gemaak vir 'n gehoorsaal met 1 200 sitplekke, 20 klein oefenkamers, 12 ateljees, vier klaskamers, 'n biblioteek wat ook as diskoteek moes dien, twee orreloefenkamers, 'n instrumentepakkamer, drie kantore, 'n personeelkamer, kombuis, kleedkamers en toiletgeriewe. Die totale koste van £70 710, wat lugreëling en toebehore ingesluit het, was steeds meer as die beplande bedrag. Die ad hoc-komitee wat die saak ondersoek het, het egter aanbeveel dat met enkele wysigings soos die weglating van 'n orkesruimte en die verkleining van die gehoorsaal tot 350 sitplekke, die nuwe planne aanvaar word ten spyte van 'n uiteindelike kostestyging tot £78 000.[341]

Die bestaande geboue op die terrein, insluitende die ou Hjull-meule, is vooraf gesloop.[342] Die gebou is formeel op 8 April 1960 geopen deur die Kanselier, F.J. du Toit, en in Mei feestelik in gebruik geneem.[343]

'n Probleem wat nie voorsien is nie, het weldra kop uitgesteek. Dit is bevind dat die klankdigting van die oefensale nie die geraas van die verkeer in Van der Hoffweg uitgesluit het nie. Die Departementshoof, prof. M.C. Roode, het versoek dat 'n verdere saal aan die agterkant aangebou word en ook 'n verdere sewe meter-aanbouing vir nog oefenkamers en ateljees bygevoeg word. Na ondersoek is R4 800 bewillig vir die saal, maar die res van die versoeke is afgekeur.[344] 'n Tender van Bolton en Kie is aanvaar en die werk is in Augustus 1963 voltooi.[345] Voorts is 'n orrelgehoorsaal en nuwe biblioteek/diskoteek in 1974 aangebou. Gedurende 1993 is die lae muur en hek voor die Konservatorium verwyder om aan die gebou 'n beter straataansig te verleen.[346]

## • Die Frans du Toit-gebou

Midde in die bloeitydperk vir nuwe geboue vir die Natuurwetenskappe sedert 1950, het die Geesteswetenskappe 'n skraal tyd beleef. Die Lettere en Wysbegeerte-departemente was steeds in die Hoofgebou gevestig. As gevolg van 'n ruimtetekort moes die ou sinkgeboue, wat eintlik vir die Administrasie opgerig is, as lesinglokale gebruik word.[347] Reeds in 1948 is in beginsel besluit op die oprigting van 'n aparte gebou vir Lettere, maar die biblioteekbrand, saam met die groter behoefte aan nuwe laboratoriums, het hierdie onderneming op die langebaan geskuif.[348] Die beplanners het die oprigting van so 'n gebou egter nooit buite rekening gelaat nie en in 1956 het die Voorsitter van die KTG, prof. Dirk van Rooy, die terrein oos van die nuwe biblioteek aangedui as bestem vir 'n gebou vir die Fakulteit Lettere.[349]

Op aandrang van die Dekaan van die Fakulteit Lettere, prof. J.H. Coetzee, het die TGK die oprigting van die gebou in 1960 goedgekeur en is slegs op die afhandeling van ander bouwerk gewag.[350] Die voordeel van die vertraging was dat toe die gebou aan die beurt gekom het, dit meer doelmatig beplan kon word. Coetzee het gehoop dat die gebou ruim genoeg sou wees om al die departemente van die Fakulteit Lettere te huisves. 'n Chroniese geldtekort het veroorsaak dat slegs 19 departemente aanvanklik in dié gebou gehuisves kon word. Die oorblywende sewe departemente moes steeds in die Hoofgebou aanbly.

Die gebou is langs Hoffmanstraat opgerig. Die beplanning van die gebou is vir oulaas aan die ervare argitek Meiring en sy vennoot, Naudé, toevertrou. Die behoeftes van die Fakulteit moes bepaal en deur 'n ad hoc-komitee oorweeg word.[351] Omdat die gebou 'n fakulteit moes huisves en nie slegs een of enkele departemente soos in ander geboue nie, het dit heelwat probleme opgelewer, want uiteenlopende behoeftes moes versoen word. Naas kantore en lesinglokale moes lokale ingerig word vir gespesialiseerde onderrig, byvoorbeeld seminaarkamers, 'n taallaboratorium, 'n volkekundemuseum, 'n dekaanskantoor, 'n konferensiesaal, 'n personeelkamer en 'n uitstallokaal.[352] Verder is 'n behoefte vir 29 gewone lesinglokale en twee groot lokale uitgewys. Vir alle personeel kon afsonderlike kantore ook nie voorsien word nie, maar hoogstens een kantoor per professor, en vir die res gemeenskaplike kantore vir elke ses personeellede.[353]

Tenders is vroeg in 1963 gevra vir die oprigting van dié klassiek-moderne gebou. Die koste van die bouwerk is op R239 000 beraam en die afleweringsdatum vir 30 September 1964 bepaal.[354] Hierdie teikendatum is, soos met die meeste nuwe bouondernemings, nie gehaal nie, deels as gevolg van verdere besparingspogings en probleme rondom die verkryging van apparaat wat ingebou moes word. Toe die aanvanklike afleweringsdatum aanbreek, was minder as die helfte van die gebou voltooi. Die Frans du Toit-gebou, vernoem na 'n kanselier van die PUK, is uiteindelik in April 1965 voltooi.[355]




*Die nuwe Konservatorium. Die foto vertoon die oorspronklike Van der Hoffweg-ingang (Bron: PUK-Argief)*



*Die vooraansig van die Frans du Toit-gebou. Op die voorgrond is die tweede ontwerp van die Joostestraat-hoofingang tot die kampus sigbaar. Die behoud van 'n motorhek vir die keer van vee val op (Bron: PUK-Argief)*

## 9.7.3 Administratiewe en nutsgeboue

- **Die Ferdinand Postma-biblioteek**

Al die geboue wat in die vroeë vyftigerjare opgerig is, was nie deel van die vyfjaarplan nie. Twee van die belangrikste uitsonderings was die Ferdinand Postma-biblioteek en die Totius-gedenksaal. Ten spyte van die brand wat die Universiteitsbiblioteek in 1949 verwoes het, is 'n nuwe biblioteekgebou nie as deel van die vyfjaarplan ingesluit nie. Die rede was dat die staat onmiddellik na die brand, as 'n noodmaatreël, 'n skenking van £40 000 vir 'n nuwe biblioteek op die 1950-1951-tesouriebegroting bewillig het.[356] 'n Bouplan is opgetrek en met die bouwerk is begin. Boonop was die eerste stappe in dié rigting reeds geneem deur 'n kommissie wat pas voor die brand benoem is om 'n aparte biblioteek te beplan. Die ruim skenking het van die brand 'n bedekte seën gemaak. Nie alleen sou vir 100 000 tot 120 000 boekdele voorsiening gemaak word nie, maar ook vir ander uiters nodige lokale, soos 'n lesingsaal in die kelder en ekstra kantore.



*Die Ferdinand Postma-biblioteek in aanbou in 1950. Op die voorgrond is die verkeersirkel wat voor die Hoofgebou was.*



*Die uitsig vanaf die dak van die Ferdinand Postma-biblioteek op die Hoofgebou en die verskuifde Calvyn-fontein soos teen 1984 (Bron: PUK-Argief, {Fotografiese Dienste: Leith Haarhoff})*

Soos dit die geval was met die geboue wat volgens die vyfjaarplan opgerig is, is in Meiring se planne vir die biblioteek voorsiening gemaak vir toekomstige uitbreiding.[357] In latere planwysigings is lokale ook ingeruim vir kunsuitstallings, 'n Afrikana-museum met projektorfasiliteite en kantoorruimte vir 12 departementshoofde van die Fakulteit Lettere asook studeervertrekke vir nagraadse studente.[358] Voorheen was die enigste kantoorruimte vir dosente van die Fakulteite Lettere en Opvoedkunde 'n studiekamer in die Hoofgebou.[359] Daarna is die kantoorruimte daar vermeerder en tussen Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe en Sosiale Wetenskappe verdeel.[360]

Die oprigting van 'n nuwe biblioteek het met aansienlike vertragings gepaardgegaan. Eerstens het die tesourieskenking slegs die helfte van die beoogde koste gedek en moes meer as die helfte van die res van die begroting vir 1950-1951 aan 'n biblioteek bestee word.[361] Daarnaas was daar om verskeie redes vertraging met die bouwerk – veral omdat subkontrakteurs se werkafhandeling nie na wense was nie. Hierdie situasie is tot 'n mate ondervang deur studente in te span om die staalboekrakke te monteer.

Die uiteindelike gevolg van die vertraging was dat die teikendatum vir die ingebruikneming – die gradeplegtigheid van April 1952 – nie gehaal is nie en die gebou eers in Junie betrek is, waarna dit op 29 November formeel in gebruik geneem is. Mnr. Jan Steyn, lid van die Volksraad vir Potchefstroom, was die geleentheidspreker tydens hierdie geleentheid. Dit was ook deur sy bemiddeling dat

die staat 'n skenking gemaak het.[362] Die nuwe biblioteek is na 'n voormalige Rektor, prof. Ferdinand Postma, vernoem. Na drie jaar se inperking in die Liggaamopvoedkunde-gebou, wat as tydelike biblioteek ingerig is, kon die boekery en personeel die nuwe biblioteek met sy ruim leeskamer betrek. Die Liggaamopvoedkunde-gebou was op die plek waar die Fanus du Plessis-gebou tans staan.

Die groeitempo van die PUK het vanaf die einde van die vyftigerjare op deurlopende grondslag die uitbreiding en vergroting van die Biblioteek vereis.[363] Vir die eerste uitbreiding van die Biblioteek is sketsplanne reeds in 1958 voorgelê, waarna besluit is om 'n ekstra verdieping aan te bring op al die grondvlakgedeeltes van die gebou, asook om die kelder groter te maak.

Behalwe vir 'n bindery en meer rakruimte is ook vir 'n verdere agt groot en 12 kleiner kantore voorsiening gemaak. Die koste van die uitbreiding het £120 450 beloop.[364] Vir etlike jare het die biblioteekstruktuur en -infrastruktuur aan die steeds toenemende behoeftes voldoen. Vroeg in die sewentigerjare is bevind dat die geprojekteerde rakbehoefte vir 1975 reeds ontoereikend was. Verdere en omvattende aanbouing is teen 1972 as noodsaaklik beskou.[365] Hierdie keer was die uitbreiding aan die weste- en suidekant en dit sou twintigvoudig die koste van die vorige aanbouings bedra. Aansienlike verbouings van die binneruimte moes ook onderneem word.[366] Die volgende uitbreiding was nog meer omvattend, maar het geen verband met die boekery gehad nie. Hierdie uitbreiding was naamlik 'n poging om die voortdurende tekort aan lesinglokale vir die Geesteswetenskappe te verlig. 'n Derde verdieping is aangebou vir lesingkamers wat deur twee buitetrappe bereik kon word. Hierdie lokale is in 1973 in gebruik geneem.[367] Daarna is gereelde kleiner verbouings van die binneruimte onderneem om in veranderende behoeftes te voorsien.

## • Die "ou" Administrasie (L.J. du Plessis)-gebou

Naas die behoefte aan nuwe akademiese geboue en meer koshuise was daar ook teen 1950 'n "nypende tekort" aan ruimte vir die administratiewe personeel. Soos vroeër met lesinglokale en laboratoriums die geval was, moes sinkgeboue agter die Hoofgebou opgerig word vir gebruik deur die personeel van die registrateur.[368]

As deel van die vyfjaarplan is die oprigting van 'n nuwe administrasiegebou reeds aan die begin van 1951 as 'n prioriteit uitgewys. Planne vir 'n dubbelverdiepinggebou is opgetrek,[369] maar die gebrek aan kapitaalvermoëns ná die oprigting van die nuwe manskoshuis en Fisika-gebou was van so 'n omvang dat voorlopig van die bouwerk, wat £30 000 sou bedra, afgesien is[370] – 'n staatsubsidie op 'n pond-vir-pond-basis ten spyt. Die onderneming het egter wel as 'n beoogde item op die 1954-1955-begroting verskyn, maar daar is gevrees dat koste-oorwegings vir eers die oprigting van die tweede verdieping sou verhinder.[371] Teen die tyd dat tenders vir die bouwerk teen Maart 1955 aangevra kon word, was die finansiële vooruitsigte meer rooskleurig en is die volledige uitvoering van die gebouplan onderneem.[372] Die beoogde gebou sou die administratiewe personeel en die rektor akkommodeer. 'n Wigvormige senaatsaal is as 'n anneks aan die noordekant aangebring.

Die Eerste Minister, J.G. Strijdom, het op 25 Augustus 1956 die hoeksteen gelê. Sowel die nuwe Fisikalaboratorium as die Administrasie-gebou is tydens 'n feestelike seremonie deur die Sekretaris van Nasionale Onderwys, mnr. Op 't Hof, oopgesluit.[373] Die eerste Senaat- en Raadsvergaderings is in Mei en Junie 1957 daar gehou.[374] Op grond van 'n groot geldskenking van SANLAM is dit aanvanklik die SANLAM-gebou genoem.

## • Die Totius-gedenksaal

Teen die begin van die vyftigerjare was een van die vernaamste leemtes in die algemene fisiese beplanning van die PUK die gebrek aan studente-ontspanningsfasiliteite – die beplanning van die sportveld was egter in hierdie opsig 'n uitsondering. Tussen die Hoofgebou en Heimat-koshuis was 'n sinkgebou wat eers as laboratorium gedien het. Teen 1950 was dit die SR-kantoor, -argief, -pakkamer en studentesaal waarin 200 persone staande kon inpas. Nog voor die selfstandigwording in 1950 het die studente begin agiteer vir 'n ruimer studentesentrum wat aan verskeie behoeftes moes voldoen. Onder meer was die behoefte aan 'n ontspanningsarea, 'n kafeteria en nuwe Studenteraadskantore as dwingend beskou.[375] Die versoek is met begrip behandel, maar die Raad het nie die £20 000 vir dié projek gehad nie,[376] en slegs £112 is vir die opknapping van die bestaande gebou bewillig.[377] Tot daardie tyd was die Hoofgebousaal oor naweke, wanneer dit nie deur die Administrasie benodig was nie, vir studentebedrywighede beskikbaar. Vertoë van die kant van die Studenteraad het daartoe gelei dat ook die Liggaamlike Opvoedkunde-saal en -voorsaal vir studente-aksies beskikbaar gestel is.[378]

Die toegewing het te min beteken om die onderliggende behoefte aan eie studentefasiliteite te ondervang. 'n Reeks samesprekings tussen die Studenteraad, die Huisvader, prof. Dirk van Rooy, en die TGK het gevolg. Die studente se argument dat die sinksaal te klein was vir die 500 studente en dat die twee ander sale wat hulle kon gebruik, nie geredelik beskikbaar was nie, is aanvaar.[379] Uiteindelik is 'n vorige besluit dat die studente self die fondse vir die verbetering van hul fasiliteite sou insamel, gehandhaaf.[380] Die Studenteraad het reeds oor £2 000

vir die doel beskik en sou verantwoordelikheid aanvaar vir 'n verdere £2 000 van die geprojekteerde koste van £6 000.[381] 'n Fondsinsamelingsprojek is onder meer deur oudstudente onderneem. Studente het gedurende vakansies tydens die oprigting van die gebou sommige van die take wat ongeskoolde arbeid vereis het, verrig.

Gerugsteun deur die studente se entoesiasme en die steun van prof. Van Rooy het die Raad opdrag gegee dat met die beplanning voortgegaan moet word. Die eerste gedagte was dat 'n studenteklubgebou 'n integrale deel sou vorm van 'n konservatorium en universiteitsaal wat op die Oude Molen-terrein opgerig sou word[382] – soos wat aanvanklik in die vyfjaarplan beoog is. Toe die Raad van die konservatoriumbouery afsien, is besluit om wel voort te gaan met 'n studentekompleks, maar op die Hoofkampus.




***Die Totius-gedenksaal (Bron: PUK-Argief)***

Op grond van samesprekings tussen die Studenteraadvoorsitter, Victor d' Assonville (sr.), en die argitek het die onderneming as 'n studentesaal begin vorm aanneem. Die saal sou aanvanklik ruimte hê vir 700 studente met 'n verdere 300 sitplekke op 'n galery wat later aangebou sou word. 'n Snoepwinkel, waaraan ook 'n groot behoefte bestaan het, is aangebou.[383]

Die sketsplanne en die beraamde koste het die verwagting dat die gebou vir £6 000 opgerig sou kon word, die nek ingeslaan en in Junie 1953 het die TGK die bedrag wat bestee kon word, op £10 000 vasgepen.[384] Die finale planne het egter gedui op 'n koste van £14 000 waarvan die Studenteraad die helfte moes voorsien.[385] Die aanbou van toilette, die kafeteria en Studenteraadskantore het mettertyd gevolg.[386]

Met die vooruitsig op genoemde ontwikkeling het die skoonmaak van die terrein en die grawe van fondamente in September 1953 'n aanvang geneem.[387] Teen die tyd dat met die bouwerk begin moes word, het die studente slegs £4 300 kon insamel en die werk is gestaak. Die Studenteraad het die saak beredder deur te versoek dat die Raad aan hulle die balans van hul helfte van die boukoste leen.[388] Dit het die knoop deurgehaak en met die bouwerk is begin. 'n Verdere meevaller was dat die staat 'n subsidie van een derde van die boukoste beskikbaar gestel het wat die boukoste van die galery, kafeteria en Studenteraadskantore gedek het.[389]

Eerste aan die beurt was die studentesaal, die Totius-gedenksaal genoem, wat in 1954 geopen is. Die "kleine" £14 000-koste waarna die rektor in sy jaarverslag verwys het, was te danke aan die ywer van die studente-"bouers" en die voorspraak van die Huisvader.[390]

Pas na die voltooiing van die saal is 'n begin gemaak met die bou van die kafeteria, kombuis en Studenteraadskantore as anneks. Hierdie aanbouings het £2 000 meer gekos as die saal self. Die Studenteraad sou weer eens die helfte daarvan insamel.[391] Die aanbouing is teen die middel van 1956 voltooi, op 4 Augustus in gebruik geneem en die deure seremonieel deur die Eerste Minister, J.G. Strijdom, op 25 Augustus geopen. Soos reeds vermeld, het minister Strijdom nog dieselfde dag ook die hoeksteenlegging van die nuwe Administrasie-gebou waargeneem.[392]

Die ou Studenteraadskantore en studentesaal is daarna afgetakel en na die PUK-plaas, Somerville, verskuif.[393] Hierdie plaas in die Ventersdorp-distrik was 'n skenking van die Departement van Lande aan die Universiteit vir plantkundige navorsing.[394] Dié plaas is mettertyd verruil vir Nooitgedacht aan die Vaalrivier.

## • Die Hennie Bingle-studentesentrum

Een van die belangrikste oorblywende studentebehoeftes teen die sestigerjare was behoorlike binnemuurse sportbeoefening. 'n Gebrek aan fasiliteite hiervoor het dikwels tot spanning tussen die Studenteraad en die Universiteitsowerheid gelei.

Die Totius-gedenksaal het slegs gedeeltelik in die behoefte voorsien, veral omdat die gebruik daarvan onderhewig was aan die Universiteitsowerheid se gebruik van die saal. Wat die studente verlang het, was geriewe waartoe hulle onbelemmerde toegang kon hê.[395] Vir 'n tyd het die KTG oorweging daaraan geskenk om Piet Grobler-koshuis in 'n studentesentrum te omskep, maar die enigste vordering met die hele saak was die bou van twee muurbalbane op die Weskampus in 1972.[396]

In 1963 is die hele saak nogmaals te berde gebring. Aanvanklik is daaraan gedink om die Totius-saal te verbou om in 'n verskeidenheid studente- en ander behoeftes te voorsien, soos die aanbieding van konserte deur die PUK, 'n vooruitsig wat uit die vyftigerjare gedateer het en waarvoor nie in die Konservatorium voorsiening gemaak is nie. Sketsplanne wat vir die verbouing opgetrek is, het die sloping van die bestaande kafeteria, die Studenteraadskantore en pakhuise noord van die saal genoodsaak.[397] Na uitgerekte besprekings is besluit om die verbouing van die

saal as moontlike konsertsaal te laat vaar en slegs kleiner wysigings aan die kantore en kafeteria aan te bring.[398] Die fondse wat op daardie stadium reeds vir die bouwerk voorsien is, is gevolglik vir ander bouprojekte herbestem.[399]

Die besef van die noodsaaklikheid vir 'n studentesentrum – en daarmee saam die behoefte aan 'n gehoorsaal wat ruimer moes wees as dié van die Konservatorium en die Totius-gedenksaal – is in daardie stadium alom gevoel. Die besluit is dus geneem om 'n gebou wat aan die menigvuldige en uiteenlopende behoeftes sou voorsien, elders op die kampus op te rig.

Hierdie keer is groot en omvattend gedink. Aan die hand van 'n memorandum deur lede van die Komitee is 'n ad hoc-kommissie, mét studenteverteenwoordiging, benoem om die behoeftes vir die gebou te bepaal. Oudstudente is ook in Die Veteraan genooi om met voorstelle vir die nuwe studenteontspanning- of gemeenskapsentrum vorendag te kom. Die bevinding was dat daar 'n ruimtegebrek was vir binnemuurse sportbedrywighede en dat minstens drie kultuurverenigings met mekaar en die Universiteit gewedywer het vir gebruik van die Totiussaal. Verder was daar geen spysenieringsgeriewe vir gaste van die PUK en die Studenteraad nie. Ook was daar geen of min sportontspanningsgeriewe beskikbaar.[400]

Etlike vergaderings van die KTG is in 1968 uitsluitlik gewy aan die beplanning van 'n studentesentrum. Onderliggend aan die ontwerp vir en beplanning van die sentrum was die verwagting dat die PUK binnekort vir 10 000 studente sou moes voorsien. Met dié beplanning in gedagte moes ruimte ingerig word vir ontspanning, kultuur, binnemuurse sport en spysenieringsdienste. Vir laasgenoemde moes voorsien word deur 'n kafeteria en twee koffiekroeë wat 400 mense kon bedien.

Aanvanklik is die mening geopper dat die gehoorsaal ook vir volkspele geskik moes wees en vir eksamendoeleindes gebruik kon word. Van hierdie vereistes is afgesien, waarskynlik omdat die Totius-saal daarvoor geskik was. Gevolglik is besluit om 1 500-2 000 permanente sitplekke in die nuwe saal beskikbaar te stel en om ook 'n orrel te voorsien. Onder dié saal sou 'n kleiner een gebou word.[401] Die moontlikheid van parkeerruimte onder die gebou is ook ondersoek.[402] Anders as met die Totius-saal is besluit om geen akademiese of administratiewe bedrywighede in dié saal te akkommodeer nie.


'n Verdere vereiste was dat die argitekplan voorsiening moes maak vir projeksiekamers, lees- en sitkamers sowel as vir studenteverenigings- en komiteekamers. 'n Aparte vleuel sou vir sport voorsien met een groot saal, tien oefenkamers en pakkamers vir apparaat. Ook is gedink aan kamers waar stokperdjies beoefen kon word, noodkamers en 'n biertuin. Geen winkels of 'n radio-ateljee is voorsien nie, maar wel 'n ruim amfiteater bo-op die sportkompleks. Die gebou is geplaas waar die ou Sielkunde-, Mikrobiologie- en Chemie-laboratoriums en Ons Huis-manskoshuis destyds was.[403]

### *Amfiteater*

Die amfiteater met sy 3 500 sitplekke wat in 1980 in gebruik geneem is, is ook deel van die Studentesentrum, en word hoofsaaklik gebruik vir massabyeenkomste, monstervergaderings (in die taal van 1980), buitelugkonserte, sportbyeenkomste en individuele sportaktiwiteite – ook 'n droom wat waar geword het. Oorspronklik was die betonsitplekke bedek met hout, maar dit is later verwyder. Indien die amfiteater 'n dak gehad het, sou die gebruiksfrekwensie vir kultuuraktiwiteite (en baie ander aktiwiteite) veel hoër gewees het.

Saamgestel deur **mnre. Horst Bütow** en **Peet Ryke** (Kultuurkantoor), Jun. 2003.

Die argiteksfirma van W.O Meyer en B. Brits is aangewys om die omvattende planne op te stel, en G.A. du Toit en vennote is as meganiese en elektroniese ingenieurs benoem.[404] 'n Reeks sketsplanne het gevolg. Die planne is telkens gewysig met die oog op besparing, ontwerpprobleme en 'n voortdurende herbepaling van behoeftes. Spoedeisendheid en eskalerende boukoste ten spyt, is die finale planne nie voor 1970 goedgekeur nie.[405] 'n Verdere vertraging is meegebring deur die noodsaaklikheid om huisvesting te vind vir diegene wat die geboue wat gesloop moes word, moes ontruim. 'n Inkorting van kapitaalvoor-siening vir 1972 van regeringskant het natuurlik ook bygedra tot die vertraging.[406] Teen daardie tyd het die aanvanklik beoogde koste van R2 000 000 verdubbel. Vir hul voortreflike ontwerp het die argitekte 'n merietetoekenning van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte ontvang. In 1979 het die KTG aanbeveel dat die gebou die Hennie Bingle-studentesentrum genoem word, en die ouditorium die SANLAM-ouditorium op grond van 'n verdere ruim skenking van dié maatskappy.[407] Die gebou is in 1980 voltooi.[408]




***Die binne-aansig van die SANLMAM-ouditorium (Bron: PUK-Argief)***

### *SANLAM-ouditorium*

Met die Ouditorium is die ideaal om 'n meerdoelige saal met die nodige fasiliteite daar te stel, verwesenlik. Die ingebruikneming op 1 Maart 1980 was onder meer 'n luisterryke aanbieding deur die SAUK Simfonie-orkes, onder leiding van wyle Anton Hartman. Met die gelyktydige totstandkoming van die Departement Kultuur op die PUK, het die Ouditorium dadelik sy plek as kultuursentrum van Potchefstroom en omgewing ingeneem. Alhoewel aanvanklik beplan as 'n eenvoudige, meerdoelige gehoorsaal, is daar gelukkig in 1979, toe die basiese struktuur al gebou was, 'n herbeplanning gedoen. Op aandrang van kunstenaars onder leiding van Johan van Rensburg, is besluit om addisionele fondse beskikbaar te stel om die Ouditorium ook as teaterruimte in te rig met beligting- en klankfasiliteite. Die staat het in 1979 sy beloofde fondse vir 'n eie Potchefstroomse teater onttrek. Gelukkig is addisionele fondse uit alternatiewe bronne bekom sodat die kunstenaars se aanbevelings wel deurgevoer kon word. In die foyer van die Ouditorium het ook die visuele kunste 'n besondere plekkie gekry. 'n Indrukwekkende olieverfplafonskildery, met die Nuwe Jerusalem as uitgangspunt, is op 'n oppervlakte van 11x4.5 meter deur Judith Mason aangebring. Hierdie unieke skildery was 'n geskenk aan die Sentrum deur die argitek, mnr. Barney Britz.

Die Ouditorium het sedertdien as 'n kultuur- en kunssentrum ontplooi, met 'n geweldige verskeidenheid uitvoerings en opvoerings, plaaslik sowel as internasionaal. Voorts word 'n groot getal funksies van allerlei aard hier aangebied. Teen 2003 nog, tydens kwartale, was die Ouditorium feitlik elke dag in gebruik. Vir die eerste keer in die geskiedenis kon Potchefstromers aanbiedinge sien wat vroeër net vir stadsbewoners beskore was. In hierdie opsig kan gedink word aan uitvoerings soos die volgende: die King's Singers, die SAUK Simfonie-orkes met kore, die Weense Seunskoor, blyspelproduksies soos "Fiddler on the Roof", "Sound of Music", "Gigi", sanguitvoerings van ons eie Mimi Coertze en Rudi Neitz, balletproduksies soos "Die Neutkraker", groepe soos Four Jacks and a Jill, Smokey, die Kasatka Kosakke, nasionaal en internasionale sangers soos David Kramer (debuutkonsert), Nic Taylor, Rolf Harris, Cesaria Evora, opera-uitvoerings soos "Amaal en die Nagbesoekers", die Alt Wiener Strauss-ensemble, asook talle reuseproduksies tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees. Met hierdie indrukwekkende lys word al die studenteprodukies wat oor die jare die lig gesien het, nie eens ingesluit nie. Die ouditorium is voorwaar die saamtrekpunt van kultuur op die kampus!

Saamgestel deur mnre. **Horst Bütow** en **Peet Ryke** (Kultuurkantoor), Junie 2003



*'n Skaalmodel van die Hennie Bingle-studentesentrum en die SANLAM-ouditorium*

In 1988 is die binnehof van die Studentesentrum verbou om spysenieringsmoontlikhede uit te brei.[409] Verdere aanbouings is in 1991 teen 'n koste van R2 500 000 aangebring, dié keer aan die binnekant van die gebou. Hierdie veranderings het 'n dameskroeg, 'n rektorsonthaallokaal, 'n nuwe kombuis vir die Drakenstein-restaurant, die studenterestaurant, die vergroting van die bedieningslokaal in die kafeteria en die opknapping van die Alumni-saal ingesluit.[41]

### *Alumni-saal*

Die Hennie Bingle-studentesentrum wat in 1980 geopen is, het onder andere twee sitkamers op die tweede vloer bevat – bekend as die "Klein" en "Groot" sitkamers. Dit het ook 'n leeslokaal, 'n vergaderlokaal, 'n snoekerkamer met twee tafels, en die tuiste van Radio-Puk ingesluit. Na die besluit dat studente op die kampus mag dans, het 'n behoefte ontstaan aan 'n danslokaal. Gevolglik is dié sitkamerruimtes toe omskep in een groot ruimte met 'n buitetrap en teëlvloere. Kleedkamers en 'n hyser vanuit die kafeteria is ook bygevoeg. Die oudstudente (die Alumni) het 'n stewige bydrae gegee vir die meublement (tafels en stoele) Die lokaal en is amptelik geopen met die naam Alumni-saal. Hierdie saal is in 1990 aan die Studenteraad oorhandig vir hulle beheer en gebruik. Die Alumni-saal is ook vrugbaar gebruik vir departementele uitstallings en baie konsertaanbiedinge, soos onder andere die bekende TRUK-reeks "Kerslig, vers en melodie". Die afgelope paar jaar is die saal hoofsaaklik aangewend vir amptelike onthale en dinees – waaronder die Kanseliersetes tydens hoofgradeplegtighede.

Saamgestel deur mnre. **Horst Bütow** en **Peet Ryke** (Kultuurkantoor), Jun. 2003

Die verbreding van die wandellaan wes van die Joon van Rooy-gebou het gepaardgegaan met die verdere opknapping van die binnehof van die Sentrum. 'n Sprekerspodium is byvoorbeeld aangebring en die kleedkamers is opgeknap. Die werk was betyds afgehandel vir die ontvangs van eerstejaarstudente in 1999.[411] Kantore vir die dorpskoshuise is ook ingerig terwyl die koshuise wat nie op hierdie stadium gehelp kon word nie, in die ou Beeldende Kunste-lokale gehuisves is waar 'n klubhuis vir hulle gevestig is.[412]

In 2000 is 'n verdere uitbreiding van die kafeteria onderneem. Hierdie vergroting is genoodsaak deur die toename in deeltydse en voltydse studente wat nie in koshuise gehuisves was is nie en 'n behoefte gehad het aan etes wat op die kampus verskaf word. Hierdie opgradering en uitbreiding van die kafeteria het uiteindelik R6 000 000 bedra.[413] In dié tyd is die naam van die winkel in die Studentesentrum, na aanleiding van die bynaam van prof. Bingle, die "Klipoog" gedoop.

Die Studentesentrum het sedertdien die Totius-gedenksaal as middelpunt van studentebedrywighede vervang, en in 1983 is die vrees uitgespreek dat die voltooiing van die nuwe sentrum die gevaar meegebring het dat die Totius-gedenksaal 'n wit olifant sou word.[414] Gelukkig het dit nie gebeur nie. Sedertdien is die Gedenksaal in beheer van die Departement Administrasie, en was dit teen 2003 nog gebruik vir onder meer eksamens en kulturele funksies.

- **Die Joon van Rooy Administrasie-gebou**

'n Tekort aan voldoende kantoorruimte is teen 1968 weer eens deur die administratiewe personeel geopper. Beperkte aanbouings is in 1968 aan die oostekant van die Administrasie-gebou onderneem. Toe R500 000 in 1973 bewillig is vir verdere vergroting, is gevind dat terreinbeperkings dit nie toegelaat het nie,[415] en by die Raad is aanbeveel dat 'n nuwe gebou opgerig word. Hierdie gebou sou opgerig word op die terrein wat deur die ou laboratoriums beset was, dit wil sê teenoor die Frans du Toit-gebou. Met die ontwerp van die gebou is beoog dat dit as argitektoniese teenhanger vir die ontwerp van die Frans du Toit-gebou moet dien. Die firma Conradie het die gebou in klassiek-moderne styl ontwerp.[416] Tenders wat in 1979 ontvang is, het die aanvanklike beraming van R500 000 viervoudig oorskry.[417] Die nuwe Administrasie-gebou het ruim drie maal die vloeroppervlakte van die ou een beslaan. Dié gebou is na die voormalige Rektor, prof. Joon van Rooy, vernoem.[418]

## 9.7.4 Die PU-Kanamuseum

Die eerste gedagtes rondom die moontlike oprigting van 'n interne Universiteitsmuseum vir die PUK is in 1977 geopper. By gebrek aan ruimte is die behoefte aan 'n museum op die langebaan geskuif. Die Stadsraad het 'n huis in Joostestraat as museumterrein gesoneer om op hierdie wyse die PUK in sy ideaal te ondersteun. 'n Museumkomitee, met prof. Hendrik van der Wateren prominent in die proses, is in 1988 saamgestel om te begin om stukke vir die museum te versamel. Die fonds en aktiwiteite in verband met die versamelingsproses het sodanig gevorder dat die museum, die PU-Kanamuseum ('n Kaaps-Hollandse huis in Joostestraat) op 26 Mei 1989 amptelik deur die Rektor, prof. Carools Reinecke, en die Kanselier, prof. Hennie Bingle, geopen is.

Voorstellings in hierdie museum het gepoog om historiese gebeurtenisse uit die Universiteit se geskiedenis sedert 1869 visueel uit te beeld. 'n Onderliggende doel met die uitstallings was ook om die Christelike karakter van die Universiteit te benadruk. Met die museum en sy uitstallings moes fasette van die verlede opnuut in die hede ingedra word sodat die verlede onlosmaaklik met die hede verbind sou bly.[419] Hierdie museum is in 2002 verskuif na addisionele lokale in die Ferdinand Postma-biblioteek wat beskikbaar gestel is vir die museum.[420]

## 9.7.5 Die versiering van geboue

As gevolg van 'n knaende geldnood is die estetiese aspek van geboue en die terrein se voorkoms in die vyftigerjare afgeskeep. Van die vroegste versierings in dié tyd was die reeks Boesman-rotsgravures wat voor die Ferdinand Postma-biblioteek aangebring is. Hierdie gravures is later tydens die

herbeplanning van die kampus verwyder[421] en word tans geberg in die Galery in die Ferdinand Postma-biblioteek.[422]


Die eerste betekenisvolle stappe om geboue te versier het in die middel van die vyftigerjare gekom. In 1957 het die Studenteraad ná die oprigting van die Totius-gedenksaal die voortou geneem deur 'n reliëfbeeld van Totius daarin te plaas.[423] Hierdie reliëfbeeld is deur Laurika Postma gemaak en dit het bygedra om iets van die karakter wat opgesluit lê in die benaming van die saal, visueel en konkreet uit te beeld.

In dié jare het die KTG die vraag gestel of die tyd nie aangebreek het om 'n vaste beleid vir die aanbring van kunswerke as versiering vir alle nuwe geboue te formuleer en die koste by die oprigtingsprys in te reken nie.[424] Om die daad by die woord te voeg, is 'n kommissie aangewys om beheer te hê oor sodanige versiering.[425] Die beeldhouer, Gerard de Leeuw, is genader vir voorstelle vir reliëfbeelde vir die nuwe Administrasie-gebou en Plantkunde-laboratorium. De Leeuw het aan die hand gedoen dat 'n reliëfbeeld van 'n sekretarisvoël by die Administrasie-gebou aangebring word en 'n mieliekop by die Plantkunde-laboratorium.

Die uitvoering van die werk is egter aan Laurika Postma opgedra. Die beraamde koste van elke reliëfbeeld sou sowat £120 bedra.[426] Daarna is egter weer besluit om geen versiering aan die Admini-strasiegebou aan te bring nie – moontlik omdat daar nie 'n geskikte muur daarvoor was nie. Ook is besluit om 'n voorstelling van 'n kameeldoringboom teen die oostelike muur van die Plantkunde-laboratorium aan te bring [427] en bokkies aan die oostelike muur van die Dierkunde-gebou. Toe die tweede uitbreiding van die Biblioteek in 1968 afgehandel is, is 'n reliëfborsbeeld van Ferdinand Postma teen die voorste fasade van die Biblioteek aangebring.[428]

Volgende aan die beurt was die Konservatorium. 'n Aanbod van die kunstenaar, Elly Holm, om 'n inskripsiekunswerk teen die noordelike muur van die voorportaal aan te bring is aanvaar. Die fooi daarvoor was £300. Mev. Joan Ingram het ook £105 geskenk vir 'n sierdammetjie onder die trap in dié portaal met 'n bokkie daarby, ook deur Elly Holm.[429]

In 1953 het voorstelle dat 'n fontein op die kampus aangebring word nie geslaag nie,[430] maar in 1965 is dié gedagte van 'n fontein weer geopper. Die fontein sou gekoppel word aan die 400ste herdenking van Calvyn se sterfjaar. Die Raad het besluit om spuitfonteine aan weerskante van die Biblioteek op te rig. Uiteindelik is besluit op 'n vywer aan die westelike muur van die Biblioteek. Die koste van R4 500 is deur donasies aangevul, maar is uiteindelik deur die Afrikaanse Calvinistiese Bond aan die PUK geskenk. 'n Vywer is op 1 April 1966 onthul,[431] maar het ongelukkig in die slag gebly toe die Biblioteek weswaarts uitgebrei het. 'n Nuwe en groter Calvynfontein is egter later voor die Hoofgebou aangebring.




***Die inskripsie van die ou Calvyn-vywer langs die Biblioteek (algemeen bekend as die Calvynfontein) wat mettertyd na die voorkant van die Hoofgebou verskuif is (Bron: PUK-Argief (Beyers Claassen Fotograwe))***

Danksy die ywer van die Dekaan van Lettere en Wysbegeerte, prof. J.H. Coetzee, is verskeie versierings aan die buite- en binnemure van die Frans du Toit-gebou aangebring. Sy omvattende voorstelle vir kunswerke het onder meer die abstrakte metaalontwerp van Ernst de Jongh aan die noordelike muur bo die hoofingang ingehou.[432] Aan die westelike buitemuur, ook by die hoofingang, wou prof. Coetzee gekleurde glaspanele hê wat die hoofmomente uit die Westerse beskawings- en kultuurgeskiedenis, met Calvyn as sentrale hoogtepunt, sou voorstel.

Die KTG het die opset en omvang van die ontwerp skynbaar be-vraagteken en op die handhawing van 'n bepaalde boustyl vir die kampus gewys. Gevolglik is die ontwerp gewysig na 'n keramiekvoorstelling deur Dirk Meerkotter aan die binnekant van die westelike muur by die hooftrap op die eerste verdieping. Deur gebruik te maak van stereometriese vlakverhoudings stel dit die verskillende vakdissiplines van die Fakulteit voor. 'n Vlakreliëfbeeld van Frans du Toit deur E.l. Botha is in die hooflesingsaal aangebring. Die binnehof van die gebou is versier met 'n Leo Theronbeeld van gebrandskilderde glas en beton ter ere van vooraanstaande Potchefstromers uit die Voortrekkertydperk. Inheemse struike is ook in die binnehof aangeplant.

Die Potchefstroomse beeldhouer, Petro van der Walt, het oor 'n lang tydperk verskeie werke vir die PUK gelewer. Sy eerste werk was die figuurgroep van beton en brons suid-oos van die Hoofgebou. Hierdie werk is in 1969 voltooi. Hierdie figuurgroep wat studente voorstel wat kom en gaan, was 'n geskenk van die studentekorps ter herdenking van die

honderdjarige bestaan van die Universiteit. Dit is een van twee losstaande beeldhouwerke op die kampus. Die tweede, ook deur Van der Walt, is by die Liggaamlike Opvoedkunde-gebou en dra die titel "Stoeiers". Dié beeld van vlekvrye staal, gedenk die vestiging van die Johannes van der Walt-sportinstituut. Verdere werke van Van der Walt is 'n betonbeeld by die toegangshek van dieselfde gebou. Nog 'n beeld van vlekvrye staal, die "Farmakon", is in die voorportaal van die Farmakologie-vleuel van die Natuurwetenskappe-kompleks. 'n Verdere beeld van vlekvrye staal stel kosmiese strale voor en is aangebring aan die suidelike muur van dieselfde gebou. 'n Ander beeld van metaalplaat gevorm, is die vryhangende "Druppel kennis" in die binnehof van die Joon van Rooy-gebou. Voorbeelde van die gebruik van ander materiaal is die muurpaneel in die voorportaal van die ITB-gebou, "Van Klippos tot netwerke", wat rekenaarhardeware voorstel, en die betonfigure by die ingang tot die Liggaamlike Opvoedkunde-gebou.

Ander kunstenaars se werk wat aan die binne- of buitekant van geboue aangebring is, is Heidi Smallwood se keramiekbeeld by die Voeding en Gesinsekologie-vleuel van die Huishoudkunde-gebou en Maureen Quinn se "Insek" van beton en metaal by die suidelike ingangstrap van die Biologiese Wetenskappe-gebouekompleks. Nola Strauss was verantwoordelik vir die mosaïek van drukkersplate op hout in die Kommunikasiekunde-gebou. Barend Grobbelaar se vlakbetonreliëf is by die ingang van die Joon van Rooy-administrasiegebou en George Boys se metaalreliëf versier die kelderverdieping van die J.S. van der Merwe-gebou, waar ook 'n kompasroos van teëls op die vloer aangebring is. Judith Mason was verantwoordelik vir die plafonskildery in die foyer van die Sanlam-ouditorium.

### 9.7.6 Naamgewing van geboue

Die naamgewing van geboue het verskeie fases deurgemaak. Aanvanklik was dit byna noodwendig dat koshuise na sommige van die eerste grondleggers van die Universiteit vernoem sou word. Dameskoshuise het die name gedra van persone soos Postma, De Klerk en Grobler. Die name van manskoshuise was egter meer verbeeldingryk: Uitspan, Ons Huis en Heimat. Akademiese geboue het die name van hul funksies gedra – Hoofgebou, Geografie-laboratorium, Aardrykskunde-gebou, Administrasie-gebou, ensovoorts. Hierdie gebruik is na die vyftigerjare voortgesit – hierdie keer met manskoshuise wat na persone vernoem is en die benoeming van dameskoshuise wat aanvanklik hul ligging aangedui het – Klawerhof en Oosterhof.

Sedert die vyftigerjare is ook ander geboue na persone vernoem. Voorbeelde hiervan is die Ferdinand Postma-biblioteek, die J. Chr. Coetzee-gebou, die Joon van Rooy-gebou, die Hennie Bingle-studentesentrum en die Fanus du Plessis-gebou. Op dié wyse is gesiene persone wat in diens van die Universiteit was, vereer. Hierdie beleid is egter nie konsekwent toegepas nie. Daar was 'n stadium wat dié gebruik as mensverheerliking geag is. In die sewentigerjare is besluit dat skenkers van donasies aan die PUK op een of ander wyse in Universiteitsgeboue erken moet word, maar nie deur naamgewing nie.[433] Tog is die nuwe ouditorium in hierdie tyd die SANLAM-ouditorium genoem en nog 'n gebou is vernoem na prof. J.S. van der Merwe, die nuwe Studentesentrum na die voormalige Rektor, prof. Bingle, en die ou Administrasie-gebou na prof. L.J. du Plessis.[434]

Met die hertoekenning van lokale aan departemente in 1987 is die vorige beleid omgekeer toe besluit is dat geboue waarin meer as een departement gehuisves is, 'n tydelike neutrale naam moet kry met die oog op latere vernoeming.[435] Voorbeelde hiervan is die Sosiale Wetenskappe-gebou en die Ekonomiese Wetenskappe-gebou.[436]

Sedert die Caput- en Hombré-dae besluit die inwoners self op koshuisname. In die geval van Veritas en Patria is 'n volle 29 benamings in 'n oop kompetisie voorgelê.[437]

Die fisiese groeitempo van die PUK teen die einde van die eeu het aanleiding gegee tot 'n alternatiewe stelsel om geboue te identifiseer, naamlik deur 'n stelsel van numering. Die KTG het 'n subkomitee, die Komitee vir Korporatiewe Identiteit, benoem om die stelsel te ontwerp en te implementeer. Die stelsel het ook 'n korporatiewe stelsel van nommertoesegging aan kantore behels.[438]

### 9.7.7 Hertoewysing, aanbouings en verbouings

'n Groot aantal kleiner geboue is periodiek gebou en soms weer afgebreek of vir ander doeleindes gebruik as waarvoor hulle opgerig is. Dit geld vir fietsskure, waarvoor daar tans feitlik geen aanvraag meer is nie, pakhuise, motorhuise, verbranders, brand- en suurpakhuise, herbariums en brandstofhervullingspunte.[439] Onder hierdie kategorie geboue moet ook die petrochemiese proefaanleg, noord van die tegniese geboue, gereken word. Dié gebou is nooit vir die doel waarvoor dit ontwerp is, gebruik nie. Teen die einde van die eeu was die kantore vir die Tegniese Departement daar gehuisves.

Groter aanbouings vir gespesialiseerde gebruik is ook onderneem. In 1995 is 'n subkafeteria, die Boitumelo-restaurant, vir dienswerkers van die PUK by die werkswinkels aangebring.[440] Daarna is dit, na opgradering, as onthaalruimte gebruik.[441]

Na die voltooiing van die Fisika-laboratorium het die behoefte ontstaan aan 'n aparte gebou vir 'n kernversneller wat tot beskikking van die Universiteit sou wees. In 1960 is besluit om die gebou en 'n aparte een vir die magneet

as anneks van die laboratorium op te rig. Na stadige vordering is die geboue aan die begin van 1962 voltooi.[442]

Aan vloerruimte sou daar by die PUK nooit genoeg wees nie. Sedert die vyftigerjare is nie net nuwe geboue opgerig nie, maar is bestaande geboue wat beskikbaar geraak het omdat nuwe geboue intussen opgerig is, ook op omvattende wyse hertoegewys vir ander doeleindes.


Ten nouste verbonde aan die akademiese en gevolglike fisiese groei van die PUK was die steeds toenemende probleem om ruimte doeltreffend te benut. Die klein begin van



a)



b)



c)

*Van die versierings aan geboue deur kunstenaars:*
*a) Petro van der Walt se staal beeldhouwerk teen die suidemuur van die Natuurwetenskappe gebou*
*b) Heidi Smallwood se keramiekbeeld by die Voeding en Gesinsekologie-vleuel*
*c) Nola Strauss se mosaïek van drukkersplate op hout in die Kommunikasiekunde-gebou*

die PUK en die voortdurende gebrek aan fondse het in die eerste vyftig jaar van sy bestaan die fisiese groei beperk. Vir vooruitbeplanning was die middele eenvoudig nie daar nie.

'n Mindere of meerdere mate van verbouing was soms noodsaaklik. Die opdrag om sulke nuwe lokale aan spesifieke departemente of afdelings toe te ken, asook die beplanning van verbouings was die taak van die KTG. Verbouings het spoedig meer plek op die agenda beslaan as wat aan die oprigting van nuwe geboue afgestaan is. Die weg van hertoekenning was met dorings besaai. Die proses was dat departementshoofde en dekane hul behoeftes aan die Komitee stel, die Komitee die meriete van die versoeke teen mekaar opweeg, prioriteite stel en op grond daarvan die lokale toeken. Sodanige toekennings kon daarna om verskeie redes periodiek gewysig word sodat toesegging steeds 'n lappieskombers van besetters tot gevolg gehad het. Aan die ander kant moes sekere geboue deur meer as een departement gedeel word. In 1958 is afdelings van die Biblioteek, en die Departemente Dierkunde, Liggaamlike Opvoedkunde en Huishoudkunde in dieselfde gebou gehuisves.[443]

In die vyftigerjare het verskeie akademiese departemente 'n ernstige gebrek aan lokale ondervind. Vir sommige van hulle is nuwe laboratoriums gebou, maar vir ander departemente, soos Huishoudkunde, Higiëne, Farmakologie, Sielkunde, Bantoetale, Volkekunde en Naturelle-administrasie kon vir eers geen nuwe geboue in die vooruitsig gestel word nie.[444]

In afwagting op die voltooiing van die nuwe Fisika-laboratorium is besluit dat die ou Fisika-gebou aanvanklik deur die Departemente Fisiologie en Huishoudkunde gedeel sou word, maar later het eersgenoemde die hele gebou gekry. Die Departement Huishoudkunde, wat weens gebrek aan ruimte die fasiliteite van die Onderwyskollege moes gebruik,[445] is na verskeie geboue verskuif.[446]



***Die ou Fisika-gebou (na 1998 bekend as die Voeding en Gesinsekologie-gebou). Die vooraansig is in Kaaps-Hollandse styl wat tiperend was van die eerste geboue (Bron: PUK-Argief)***

Dit was die soveelste keer dat die Departement Huishoudkunde 'n permanente tuiste gesoek het. In 1951 het die Raad besluit dat sodra die tydelike biblioteek ontruim is, twee afdelings van die Departement daarin gehuisves sou word. Dit, tesame met die toekenning van 'n gedeelte van die ou Fisika-gebou, sou in die behoeftes van die Departement voorsien,[447] maar vyf jaar later het die Departement verdere aanbouings vir 'n navorsingslaboratorium aangevra.[448] Daarop is 'n omvattende nuwe vleuel beplan.[449] Voordat die aanbouing in 1969 kon begin, moes 'n gedeelte van die ou gebou gesloop word. Dié werk is in September 1960 voltooi.[450]

Die onsekerheid rondom Huishoudkunde was ook die lot van ander departemente. Aanvanklik is verwag dat Higiëne in die nuwe Dierkunde-laboratorium gehuisves sou kon word, maar later is besluit dat dié departement sy intrek in die ontruimde Dierkunde-gebou sou neem.[451]

Soos met die ou Fisika-laboratorium, het daar ook 'n "waglys" ontstaan wat aanspraak gemaak het op die ou Chemie-laboratorium namate die nuwe een voltooiing genader het. Afrikatale, Opvoedkunde en Volkekunde het daarvoor gevra, net om te verneem dat dit reeds vir Ekonomiese Wetenskappe bestem was. Uiteindelik het die gebou egter na Fisiologie en Farmakologie gegaan.[452]

'n Soortgelyke wedywering om meer vloerruimte het ook oor die ou Plantfisiologie-laboratorium ontstaan. Toe die nuwe Plantkunde- en Fisiologie-laboratorium pas die beplanningstadium bereik het, was die ou gebou reeds aan Opvoedkunde en Ekonomiese Wetenskappe toegeken. [453]

In die middel van die sewentigerjare het die staat se SANSO-voorskrifte vir vloerruimte vir inrigtings, waaronder vir universiteite, in werking getree. Volgens hierdie bepalings het die PUK meer ruimte gehad as wat die getal studente geregverdig het.[454] Hierdie bevinding het gelei tot 'n rasionalisasie van ruimtetoekenning aan akademiese departemente, administrasie-, ondersteunings- en hulpdienste. Op sy beurt het dit weer gelei tot die grootskaalse herbenutting en optimale gebruik van bestaande strukture. Vergaderings van die KTG is laat in die sewentigerjare en tagtigerjare gekenmerk deur die bespreking van die verbouingsbeplanning van bestaande geboue eerder as die oprig van nuwe geboue. Die beskikbare kapitaal vir 1980-1981 het slegs fondse voorsien vir die afhandeling van drie nuwe geboue.

In 1987-1988 was 42 geboue in die proses van wysiging, nog 29 pas afgehandel en 'n verdere 19 in die beplanningstadium.[455] Klagtes dat departemente "onrealistiese doelwitte" ten opsigte van hul nuwe akkommodasie gestel het, is heel gereeld gehoor.[456] Die omvang van die werk word daarin weerspieël dat indien al die werk wat in 1989 aangevra is, onderneem sou word, dit vir sowel

die Potchefstroom- as die Vaaldriehoekkampus R1 050 000 sou kos.[457] Die gevolg was dat die Komitee 'n rangorde vir veranderings moes instel, 'n taak waarmee die Direkteur van Tegniese Dienste, mnr. L.G. van der Ryst, belas is. Hy moes 'n gedetailleerde skedule vir 'n langtermyn-onderhoudsprogram aan die rektor voorlê met die oog op finansieringsbeplanning.[458] In 1992 was 110 projekte aangedui as van die hoogste prioriteit. Van die oorblywende projekte is 22 beskou as van normale belangrikheid, terwyl 18 bestempel is as van laer prioriteit.[459] In 1991 is R810 800 vir 79 ondernemings aangevra.[460] Etlike versoeke van departemente moes oorstaan vanweë 'n gebrek aan fondse.[461]

Onder die belangrike omskeppings was dié van die versnellerkamer by Fisika in 'n lokaal vir Rekenaardienste en -wetenskap en waarvoor die beplanning in 1986 begin het. Die werk was bestem vir afhandeling teen Januarie 1988, maar weens 'n brand in die lokaal is herbeplan en die omskepping is finaal in 1990 voltooi teen 'n koste van R2 158 000.[462]

As gevolg van die bedrae wat aan verbouing bestee moes word soos teen 1992, is die ontwerp van nog 'n vyfjaarplan beoog, asook beheermaatreëls oor fondse wat aangewend sou word vir die herbouing.[463] Gedurende 1998 is R19 000 000 aan instandhouding, verbouing en nuwe geboue bestee.[464]

Verdere voorbeelde van die herbenuttig van geboue is die twee ou manskoshuise Heimat en Uitspan. Uitspan sou benut kon word deur respektiewelik Biokinetika, Plant- en Bodemwetenskappe, die Buro vir Universiteitsonderrig en as predikantespreekkamers van die verskillende kerklike denominasies. Heimat was derhalwe op al genoemde afdelings en departemente se "aanvraaglys". Heimat het byna in die slag gebly toe besluit is dat dit as gebou ondoeltreffend en te alleenstaande was. Gelukkig is bepaal dat die gebou vir ander doeleindes aangewend kon word.[465] In 1991 is dit aan die Weermag verhuur vir navorsingsdoeleindes.

Sedert 1992 was dit vir twee jaar deur die Studenteraad gebruik en daarna deur die Studentedekaan en Sportburo.[466] Heimat het ook gedien as lokaal vir die Buro vir Universiteitsonderrig, die Departemente Openbare Betrekkinge en Beskermingsdienste. Uiteindelik sou geen ander gebou agtereenvolgens vir soveel verskillende funksies aangewend word nie. Aanvanklik is besluit dat sodra die nuwe Industriële Chemie-laboratorium voltooi is, Fisiese Chemie Heimat sou gebruik nadat die departementshoofde van Fisika en van Dierkunde ook daarvoor beding het.[467] Daarna het Beeldende Kunste in 1974 sy intrek daar geneem toe dié departement se versoek vir 'n afsonderlike gebou nie geslaag het nie.[468] Met die sluiting van dié departement is die gebou aan Kultuuraangeleenthede toegesê nadat dit vir 'n tyd lank in die Studentesentrum gehuisves was.[469] Teen die einde van die eeu is die gebou gebruik vir die kantore van al die kultuurorganisasies wat op die PUK verteenwoordig was.

### *Heimat en sy saal*

Die Heimat-gebou was tot 2003 die oudste bestaande gebou op die Universiteitskampus (1927). As enigste gebou met 'n saal het baie tipes byeenkomste waarskynlik hier plaasgevind; etes, konserte, vergaderings, ensovoorts. 'n Vol verhoog met gordynstawe en proscenium was deel van die toerusting van hierdie lokaal – soos ook tans. In 1930 is die Hoofgebou wat ook 'n saal het, in gebruik geneem. Amptelike byeenkomste van die PUK het daarna hier plaasgevind. Die Heimatsaal was waarskynlik toe slegs 'n eetsaal, en die verhoog is op 'n stadium afgesluit met 'n tydelike muur. Die saal is vanaf laat in die sewentigerjare nie meer as eetsaal gebruik nie omdat die gebou as koshuis gesluit is en hertoegewys is aan die Departement Beeldende Kunste. Daarna is die saal gebruik as onderrig- en uitstalruimte vir kunswerke en is die westelike vleuel aan die Departement Beskermingsdienste toegewys. Met die sluiting van die Departement Beeldende Kunste in 1991 het die Heimat-gebou (behalwe Beskermingsdienste) vir 'n ruk leeg gestaan. Die gebou is vir kort periodes gebruik as kantore vir die PUK Militêre Eenheid en vir vakbonde. In November 1996 is die gebou betrek deur die Departement Kultuur, en het dit onderdak en administratiewe ruimte gebied vir die Elektroniese Klankateljee, Alabama, die Universiteitskoor en die Serenaders. Die Heimat-saal word steeds aangewend vir konserte, produksies en ander kultuuraktiwiteite soos byvoorbeeld aanbiedinge van Aardklop. 'n Tydelike verhoog en beligtingsbalke met die oog op opvoerings is in die saal aangebring. In 2002 het die Departement Beskermingsdienste verhuis en is die hele gebou aan die Departement Kultuur toegewys. Die verhoog is na baie dekades oopgemaak en word steeds aangewend vir sy oorspronklike bedoelde funksie.

Saamgestel deur **mnre. Horst Bütow** en **Peet Ryke** (Kultuurkantoor), Jun. 2003

'n Grootskaalse akademiese herorganisasie wat die Universiteit teen die eeuwending gekenmerk het, het 'n nuwe fase van verskuiwing en vestiging van ou en nuwe departemente, nou afdelings genoem, in die vooruitsig gestel. Vir die jaar 2000 is 15 sulke ondernemings beplan.[470] Teen die aanvang van die nuwe eeu was 'n vername taak van die Departement Tegniese Dienste die voorsiening van rekenaarnetwerkpunte vir koshuise wat aan die sentrale rekenaarnetwerk van die PUK gekoppel is. Die kapitaal wat daarvoor opsy gesit is, het R5 500 000 bedra. Die eerste prioriteit, netwerkkoppeling, was egter nie vir navorsing nie, maar om die koshuisprimarii en -primariae met die Studenteraadskantore in verbinding te stel. 'n Verdere installasie van die punte was vir algemene studentegebruik en dit het het geskied met die periodieke opgradering van afsonderlike koshuise.[471]

## 9.8 Aanwending van woonerwe op die Ooskampus

Vroeër is daarop gewys dat erwe oos van die Hoofkampus vir verskeie doeleindes aangekoop is. Die omskep van huise om te pas by hul nuwe funksie het aansienlike koste meegebring. So byvoorbeeld het huise wat vir R140 000 gekoop is, tot R82 000 gekos om te verander.[472]

Die huise is vir 'n verskeidenheid funksies aangewend: spreekkamers vir predikante, die huisvesting van Universiteitsgaste, die Kampus Mediese Dienste, 'n opleidingsentrum vir begaafde leerlinge, vir Koshuisadministrasie en vir Verkeersveiligheidsopleiding. Ook die Instituut vir Reformatoriese Studies, die Buro vir Boedelbeplanning, die Buro vir Universiteitsonderrig, Kampusbeveiliging en die PU-Kanamuseum is in hierdie herboude huise geakkommodeer. Die PU-Kanamuseum weer is aan die begin van die 21ste eeu as personeelklubhuis omskep. Sommige van die huise is ook verhuur, weer verkoop of gesloop om parkeerplek te voorsien.[473] Ook is hele akademiese departemente op dié erwe gevestig. Onder hulle tel Spraakleer en Drama waarvoor een van die huise teen 'n koste van R180 000 omskep moes word.[474] Nadat dié departement ge-sluit het, is die gebou en aangrensende geboue teen 'n ongehoorde koste van R2 300 000 verbou as die Perskor-geborgde Bedryfskommunikasiesentrum.[475]



*Die Perskor-sentrum vir Kommunikasiestudies (Telematiese Onderrig word ook in die gebou gehuisves). Een van die spoggeboue op die Ooskampus (Bron: PUK-Argief)*

'n Reeks samesprekings is vooraf met die Stadsraad gevoer om die woonhuise vir "doeleindes van onderrig" te mag gebruik en om die erwe te konsolideer.[476]

## 9.9 Sportfasiliteite

In 1950 het die PUK se sportfasiliteite bestaan uit 'n swembad wat deel was van die Liggaamlike Opvoeding-kompleks wat toe pas voltooi is.[477] Verder was daar drie voetbalvelde noord van die akademiese geboue. Om die westelike veld was die atletiekbaan en tussen hierdie twee die krieketblad. 'n Klei-hokkiebaan was op die noordelike hoek van die huidige Goossens- en Tomstraat, en twee korfbalbane wes daarvan. Die tennisbane was waar die Frans du Toit-gebou later sou staan en twee van hierdie tennisbane het reeds in die slag gebly met die oprigting van die nuwe biblioteek. Die gimnastieksaal van Liggaamlike Opvoedkunde is gebruik vir binnemuurse sport soos boks, stoei en gimnastiek.

Al die sportterreine was in 'n swak toestand en het voortdurende onderhoud en herstel geverg waarvoor daar slegs een tegniese personeellid afgestaan kon word.[478] Die noordelike sportvelde sou teen 1960 almal herbestem word vir die nuwe Chemie- en Fisikalaboratoriums.[479] Mettertyd is al die sportvelde verskuif.

Nuwe tennisbane is aan die noordelike uiteinde van die ontwikkelde terrein gebou. Hierdie terrein moes spesifiek vir hierdie doel ontgin word.[480] Aanvanklik is gehoop om die aanvoorwerk vir die ontwikkeling en voorbereiding van die terrein aan te pak met behulp van werk wat studente gedurende vakansies kon doen,[481] maar daarvoor was die klippe op die terrein te groot en moes militêre stootskrapers ingespan word.[482]

Met verdrag is meer tennisbane aangebou en mettertyd met 'n rubberbedekking afgewerk. In 1956 is 'n tennishuisie opgerig, in 1963 kleedkamers, 'n apparaatkamer en 'n verversingsloket. Vir drie bane is spreiligte voorsien.[483]



***Die tennishuisie (Bron: PUK-Argief)***

## 9.9.1 Die Tomstraat-sportterrein

Weens die druk van sportklubs[484] is in 1955 besluit om sommige van die sportvelde na die aangrensende terrein op die noord-oostelike hoek van Noord- (Gerrit Dekkerstraat) en Tomstraat te verskuif. Die onderneming sou 'n volle £10 000 kos.[485] Die uitleg daar was 'n kopie van die ou voetbal-, krieket- en atletiekbane – twee voetbalvelde, 'n krieketblad tussen die twee en 'n atletiekbaan om die hoofveld. In drie opsigte was die nuwe terrein 'n verbetering op die oue. Die pawiljoen het sementtrappe gehad wat as sitplek vir 800 toeskouers gebruik kon word en het ook kleedkamergeriewe gehad. Die krieketspe-lers, wat op die ou blad 'n mat moes gebruik, het danksy die pogings van prof. R. Davies toe 'n turfblad deur die toedoen van die Transvaalse Krieketunie bekom. Die nuwe krieketblad is in die lente van 1953 gelê om gereed te wees vir die 1954-1955-seisoen.

Intussen moes die ou veld, nou aansienlik kleiner as gevolg van die oprigting van die Skeikunde-laboratorium, gebruik word.[486] Ook is 'n betonoefenblad vir die Klub aangelê.[487] Vir die deelnemers was daar in die kleedkamers vir die eerste keer bad- en stortgeriewe. Nog 'n nuwigheid was verversingsgeriewe vir toeskouers. Die £300 vir 'n dak vir die pawiljoen was daar egter nie. Alle versoeke van die Studenteraad daarvoor het aanvanklik misluk. Toe dit uiteindelik in 1961 gebou is, het dit £800 gekos.[488]

Die nuwe sportterrein was teen April 1953 gereed om gebruik te word. Van 'n amptelike ingebruiknemingseremonie is afgesien omdat die Studenteraad nie hul samewerking wou gee nie, skynbaar weens ontevredenheid omdat slegs vir drie sportsoorte op die nuwe terrein voorsiening gemaak is.[489]

## 9.9.2 Die Fanie du Toit-sportterrein

'n Terrein wat uiteindelik bestem was om al die buitelugsportvelde van die PUK te huisves was die uitgestrekte Oude Molen-terrein.

Reeds voor die aanleg van die Tomstraat-sportveld is 'n tydelike atletiekbaan op die gelyk terrein tussen die latere Konservatorium en die rivier uitgelê. In 1951 is oorweeg om alle sportvelde daarheen te verskuif, maar met die ambisieuse bouprogram wat toe pas geloods is, sou daarvoor vir baie jare nie geld wees nie. Versoeke van sportklubs en die Departement Liggaamlike Opvoeding vir geriewe daar het skipbreuk gely. In 1957 is wel in beginsel aanvaar dat die sportvelde daarheen sal verskuif en is met die opvullingswerk van die terrein begin. Die beplanning het ook voortgegaan[490] en geld is daarvoor bewillig. Hierdie voorbereiding en beplanning is aangepak met die oog daarop dat die Konservatorium binnekort daar gebou sou word. Bome is verwyder en 'n bestaande gebou, moontlik die Hjull-meule, is opgeknap.[491]

Met die aanvang van die sestigerjare is die behoefte aan meer sportvelde in verhouding tot die toenemende getal studente weer benadruk – hoofsaaklik op grond van die volgehoue ontevredenheid by verskeie klubs oor die swak bestaande fasiliteite. Ook was die nuwe krieketblad nie 'n sukses nie en die Krieketklub het selfs gedreig om te ontbind.[492] Op grond van 'n kommissieverslag het prof. Coetzee in sy laaste rektorsverslag in 1963 aangekondig dat alle sportvelde na die Oude Molen gaan verskuif; meer nog, dat die terrein voortaan uitsluitlik vir sport gebruik sou word.[493] 'n Kommissie het sketsplanne vir die terreinuitleg voorgelê. Daarin is voorsiening gemaak vir agt rugbyvelde, vier hokkievelde, sestien tennisbane, nege netbalbane, 'n atletiekbaan, vyf krieketvelde, 'n sokkerveld, 'n jukskeibaan, 'n rolbalbaan, 'n krieketoefennet en 'n gholfdryfbaan. Voorsiening moes ook gemaak word vir 'n pawiljoen en twee klubhuise wat as pakkamers moes dien. Parkeerruimtes vir 636 motors is beoog.[494] Die omvang en aantal beoogde geriewe dui op die optimisme wat by die Komitee geheers het en was kenmerkend van die ondernemingsgees eie aan die sestigerjare. 'n Geldskaarste het tot 'n uitgerekte afskaling gelei. Sportsoorte wat nie baie aftrek geniet het nie, soos jukskei, sokker[495] bofbal,[496] rolskaats[497] en die luukse van 'n gholfdryfbaan het in die slag gebly. Ook is afgesien van die beoogde pawiljoen.[498] Meer bane en velde is mettertyd aangebring, onder andere 'n trapkarbaan in 1979.[499]

Deskundige herbeplanning deur die koördinerende argitek, B. Kruger, en die ingenieursfirma, Bruinette en vennote en die Stadsraad van Klerksdorp het in 1967 gevolg. Hul bevinding was dat die projek meer sou kos as die beraamde R250 000.[500] Omdat die Registrateur

van die PUK, mnr. Fanie du Toit, hom besonder beywer het vir die daarstelling van hierdie kompleks, is in hierdie tyd besluit om die kompleks na hom te vernoem.[501]

Met die beplanning was dit uit die staanspoor duidelik dat die bestaande terrein van 20 ha te klein was.[502] 'n Langdurige proses van grondaankope suidwaarts aan albei kante van die Mooirivier het dus gevolg.[503] In 1962 is 10 ha grond aan die oos-oewer van die Mooirivier op die plaas Vyfhoek vir R10 600 gekoop.[504] Nog 2,25 ha is in 1964 in dieselfde omgewing vir R3 000 gekoop.[505] In 1967 het meer uitbreiding gevolg, meestal van klein stukkies grond. 'n Skenking deur 'n sakeonderneming[506] het die uitbreiding ook 'n hupstootjie gegee. Ook is grond aan Van der Hoffweg gekoop ten einde toegang tot die sportvelde te vergemaklik en die uitleg meer koste-effektief te maak.[507]

Sommige van die rugbyvelde is oos van die rivier op 'n gedeelte van die sogenaamde Brits- en ander plotte wat daarvoor aangekoop is, uitgelê. Om toegang tot hierdie rugbyvelde te kry het die PUK in 1978 selfs 'n voertuigbrug oor die rivier gebou.[508]


Die voltooiing van die sportgronde het om verskeie redes gesloer.[509] Baie tyd is aan die opvulling en gelykmaking van die uitgestrekte terrein afgestaan en dit was soms tydrowend om die oordrag van nuwe grond af te handel. Toe wel met die uitleg begin is, is stadig gevorder, deels omdat sommige van die velde nie die regte afmetings gehad het nie.[510]

'n Verdere probleem was om te verseker dat daar genoeg besproeiingswater sou wees. Hierdie probleem het reeds gedateer uit die begin van die vyftigerjare toe water vir die swembad voorsien moes word. Die swembadwater is aangevul deur water uit die ou Hjull-meulvoor en boorgate op die Oude Molen-terrein.[511] 'n Stadsraadsubsidie van £1 per student het egter meegehelp om die ontwikkeling van die terrein te kon onderneem. Meer boorgate, die bou van leidamme en probleme met dreinering verteenwoordig sommige van die probleme wat toe hanteer moes word.

Na die uitleg van die sportgronde is 'n aanvang gemaak met die bou van kleedkamers en klubhuise. Die eerste en steeds die belangrikste was die Piet Malan-klubhuis net oos van die Konservatorium en vernoem na 'n vorige



*Die Fanie du Toit-sportterrein (Bron: PUK-Argief)*



*Die sierlike Piet Malan-klubhuis wat staan waar die eerste watermeule van Potchefstroom was. Daarom dat die omgewing as De Oude Molen bekend is (Bron: PUK-Argief)*

sportdirekteur. Die verbetering en die vergroting daarvan, insluitende die aanbring van spyseneringsgeriewe, het van tyd tot tyd gevolg.[512]


Mettertyd is besluit dat dit gewens was om weens die uitgestrektheid van die terrein, afsonderlike kleedkamers vir die verskillende sportsoorte te bou. Die eerste was die tweeverdieping-krieketklubhuis en -pawiljoen, wat in 1972 voltooi is. Ook dié geboue is meermale opgeknap.[513] In Maart 1974 is die Fanie du Toit-sportterrein amptelik in gebruik geneem.[514]

Enkele jare later is 'n tennishuis vir die gebruik van studente en personeel opgerig, 'n woonhuis is in Van Rooystraat vir die Netbalklub gekoop en dit is oorweeg om vir die Atletiekklub 'n voorafvervaardigde klubhuis op te rig.[515] Ook vir die Rolbalklub, wat vir personeellede bedoel was, is 'n klubhuis gebou en twee keer vergroot. Na die ontbinding van dié klub is die gebou aan die Dameshokkieklub toegeken.

Die gebrek aan groot pawiljoene, veral by die rugbyvelde, het 'n probleem gebly.[516] In 1995 is die PUK 'n rat voor die oë gedraai deur 'n instansie wat een pawiljoen gratis sou bou in ruil vir die uitsluitlike advertensieregte daarop. Vreemd genoeg moes 'n deposito wel betaal word, wat die PUK gedoen het, en dit moes uiteindelik afgeskryf word.[517]

As afsluiting van die terreinontwikkelingsprogram tydens die Van der Walt-rektorstermyn is aan die einde van die tagtigerjare weer besin oor die ontwikkeling van die kompleks. Van die Stadsraad is 'n verdere 11 ha oos van die Mooirivier vir R15 000 gekoop.[518] 'n Probleem wat die uitgebreide sportterrein meegebring het, was die instandhouding daarvan. Sedert 1999 is hierdie voltydse taak aan 'n beslote korporasie toevertrou.[519]

Verhoudings met die Stadsraad was gewoonlik hartlik en teen die agtergrond van wedersydse afhanklikheid. Die Loopstraat-aangeleentheid het egter gedreig om spanning te veroorsaak. In ruil vir meer grond aan die PUK oos van die rivier het die stadsvaders reeds in 1972 gestel dat hulle 'n gedeelte van die sportvelde oos van die rivier sou moes onteien ten einde Loopstraat, wat die suidelike grens van die terrein gevorm het, te verbreed. Ook moes Loopstraat oor die rivier verleng word om by 'n beoogde nuwe noordelike toegangsweg aan te sluit.[520] Die saak het lank gesloer en heelwat spanning veroorsaak. Toe hierdie aangeleentheid in 1987 weer aangeroer is, met die vooruitsig dat die projek teen 1995 in werking sou tree, het die PUK beswaar gemaak – die voorneme van die Stadsraad om die straat na prof. Bingle te vernoem ten spyt. Verdere onderhandelings is in 1989 uiteindelik ondervang toe die Stadsraad self van die projek afgesien het.[521]




*Mickey Gordon (Bron: PUK-Argief)*

Die verkryging van nog grond oos van die rivier het in 1989 tot verdere beplanning gelei. Verskeie Universiteitsliggame is hierdie keer betrek – onder hulle die Sportburo, die Departemente Tegniese Dienste, Openbare Betrekkinge, Kampusbeplanning en Stads- en Streeksbeplanning.[522]

'n Belangrike bykomende rede vir die nuwe ondersoek het gewentel om dorpstigting in die omgewing – 'n faktor wat die oordrag van grond geraak het[523] deurdat die uitleg van strate in berekening geneem moes word. Ook is probleme uitgewys rondom die omskrywing van die gebruik van grond vir "opvoedkundige doeleindes". Alles het herbeplanning spoedeisend gemaak.

Die onsekerheid wat op grond van hierdie situasie ontstaan het, was so groot dat ondersoek weer eens ingestel is na die geskiktheid van die terrein suid van die rektorswoning vir die aanlê van bykomende sportgronde. Die bodemgesteldheid is weer nie geskik gevind nie en 10 ha daarvan is met die goedkeuring van die Departement van Nasionale Onderwys vervreem.[524] Die sportterreinprobleem is egter na samesprekings met die Onderwyskollege op 'n konstruktiewe wyse hanteer. Daar is naamlik besin oor die gemeenskaplike gebruikmaking en selfs konsolidering van die aangrensende sportfasiliteite van die twee instansies.[525] Die hele aangeleentheid het momentum verkry toe die PUK in 1992 'n mate van beheer oor die Kollege verkry het. Om verskeie redes is nie onmiddellik met die konsolidering



*Die nuwe hokkieveld by die Tomstraat-sportgrond – mnr. Mickey Gordon het besondere leiding geneem vir die oprigting hiervan. Regs is die netjiese Astro Villa-verblyfkompleks van die Hokkie-akademie en in die agtergrond 'n gedeelte van die Noordkampus in 2003 (Bron: PUK-Argief, lugfoto A. Geldenhuis)*

begin nie en vir 'n tyd lank is aandag aan die verbetering van die PUK se eie geriewe geskenk. Spreiligte is by die onderskeie terreine vir al die sportsoorte aangebring, die sportfasiliteite is verbeter en tartan-aanloopbane vir velditems is byvoorbeeld by die atletiekbaan aangebring.[526]

'n Ooreenkoms met die Stadsraad het die PUK direkte toegang tot die Olën- en Kenneth McArthur-atletiekbaan vir tien jaar verleen. Hierdie reëling het probleme met atletiekbyeenkomste aansienlik verminder.[527]

Hierdie faktore is oorskadu deur gebeure op die gebied van hokkie en krieket. Samesprekings was 'n geruime tyd reeds tussen die PUK en die Stadsraad gevoer oor die moontlike oprigting van 'n sportsentrum vir Wes-Transvaal op die Oude Molen-terrein. Sketsplanne van die herbeplanning is in 1987 en 1988 voorgelê, maar die moontlikheid het eers teen 1997 so sterk geword dat die herontwikkeling van die Fanie du Toit-terrein vir eers agterweë gelaat is ten einde volle aandag aan dié saak te skenk.[528] Tog was die eerste stap die aanleg van 'n astroturfhokkiebaan op die ou Tomstraat-sportterrein wat in onbruik geraak het en vir 'n tyd lank vir Gimnasium Hoërskool beskikbaar gestel is. Hierdie nuwe hokkiebaan is opgerig met geld wat van die Stadsraad geleen is. Die betekenis van hierdie ontwikkeling moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat Potchefstroom gaandeweg ontwikkel het as die sporthoofstad van Wes-Transvaal.[529] Die baan en sy fasiliteite sou van die beste in die land wees en vir provinsiale en internasionale wedstryde gebruik kon word. Met die lening is 'n nuwe pawiljoen ook gebou en is die projek in Junie 1998 afgehandel.[530]

Die vestiging van die Hokkie-akademie by die nuwe hokkieveld het aanleiding gegee tot die oprigting van verblyffasiliteite en administratiewe geriewe in afsonderlike klein eenhede. Die besondere dryfkrag daaragter was Mickey Gordon. 'n Projek om verblyf en administratiewe fasiliteite te verskaf is aan die begin van 2002 van stapel gestuur en het R6 000 000 gekos.[531] Na die voltooiing van die hokkieveld het die aanleg van 'n nuwe krieketveld aan die beurt gekom. Soos met die hokkieveld, is hierdie projek ook in oorleg met provinsiale en nasionale liggame aangepak. Hierdie ontwikkeling het gevolg op 'n kontrak met die Stadsraad wat reeds in 1978 aangegaan is, naamlik dat die hoofkrieketveld van die PUK aanvanklik vir die Dorpsklub en later vir besoekende internasionale spanne gebruik kon word.[532] Onder toesig van prof. B.A. Farrell is die veld verder opgegradeer om as die hoofkwartier van die Wes-Transvaalse Krieket-unie te dien met die oog op die 1995 nasionale klub-kampioenskappe daar.[533] Ten spyte van die opgradering[534] en die besondere ligging van die veld, was dit uit 'n toeskouers-

en gerieweoogpunt, nie op peil nie. Uiteindelik was dit nie die veld van die PUK nie, maar die hoofsportterrein van die Kollege wat aan die einde van die eeu opgegradeer is tot 'n spogkrieketstadion, eweneens volgens internasionale standaard. Hierdie ontwikkeling was 'n sege vir die PUK en Potchefstroom wat gewedywer het met Klerksdorp en Fochville om die hoofkwartier van die Wes-Transvaalse Krieket-unie te word. Die veld is deur die Stadsraad ontwikkel in ruil vir 20 jaar beheer daaroor.[535]

Verder is die lang gekoesterde ideaal vir 'n pawiljoen vir die hoofrugbyveld in 1999 verwesenlik. Eers is slegs die hoofstruktuur en dak, en daarna die onderbou van kleedkamers en 'n verversingsloket, gebou.[536] Eweneens is hierdie pawiljoen bekostig uit die geld wat van die Stadsraad gekom het in ruil vir die gebruik van die Onderwyskollege-sportgrond vir die Wes-Transvaalse Krieket-unie.

## 9.10 Inkorporering van die Potchefstroomse Onderwyskollege

Die grootste enkele uitbreiding van die PUK was die inkorporering van die Onderwyskollege-kampus, wat as die Suidkampus bekend sou word.

### 9.10.1 Koshuise

Onderhandelings oor die inkorporering van die Kollege of gedeeltes daarvan het 'n lang pad geloop. In 1991 is 'n ooreenkoms met die Departement van Nasionale Opvoeding aangegaan vir die huur van die Here XVII- en Eikenhof-koshuis vir die huisvesting van studente wat Hombré moes ontruim.[537] Dié ooreenkoms was 'n verdere stap in die verligting van die behuisingstekort.

Ten einde die oplossing permanente beslag te gee was die PUK gretig om hierdie en ander koshuise van die Kollege te koop. In 1992 is die saak beklink deurdat nie net die koshuise nie, maar die hele Onderwyskollege met al sy eiendom aan die PUK oorgedra is. Die waarde van eiendom is geskat op tussen 20 en 24 miljoen rand.[538]

Die meeste van die koshuise was tot 20 jaar ouer as die bestaande koshuise van die PUK. Die eerste taak van die PUK was om hierdie koshuise op te gradeer tot dieselfde peil as dié van die Universiteit. Die koste van hierdie verbeterings is op R3 500 000 bereken.[539]

Die toevoeging van die groot aantal Kollege-koshuise het enersyds die oprigting van nuwe koshuise onnodig gemaak. Andersyds was die KTG nou genoodsaak om in 1996 'n bestuursmatige beleid vir hul benutting, gebruik en onderhoud te formuleer ten einde die Kollege-koshuise optimaal, kostedoeltreffend en strategies te bestuur.[540] Na die opgradering kon Barnard- en Van Heerden-huis vir eers aan die S.A.P. verhuur word.[541] Na Junie 1994 is ook hulle deur manstudente beset. Toe alle huurkontrakte vir Kollege-eiendom aan die einde van 2000 verval het, is die geboue deur die PUK self gebruik.[542] So is Dennepark, naas De Klerk-huis, as gastehuis ingerig.[543]

Die Kollege-koshuise het, soos dié van die PUK, ook naamsveranderings ondergaan nadat die inwoners geraadpleeg is. Nellie Swart het Minjonet geword, Here XVII Die Wilgers en Izak Meyer die nuwe Hombré. Laasgenoemde is teen die einde van die eeu gebruik as deurgangkoshuis vir studente wie se koshuise om die beurt tydelik ontruim moes word vir onderhoud. Die toepaslike naam Kom-en-Gaan is toe aan die nuwe Hombré gegee. Hierdie naamsverandering het meegebring dat Van Heerden-huis benoem is as Caput (die derde) en Barnard-huis as Hombré. Die druk waaronder die onderhoudsprogram uitgevoer moes word, is in 2002 vergroot toe Kom-en-Gaan as gewone koshuis gebruik moes word weens die groot getal aansoeke vir verblyf. Die instandhoudingsprogram is daardeur vir vier jaar ontwrig.[544]

### 9.10.2 Akademiese geboue

Aangesien die Kollege steeds die funksie van onderwyseropleiding gehad het, is slegs aan enkele van sy geboue nuwe funksies toegeken. Die belangrikste was die Kollege-biblioteek en -administrasiegebou.

In die Kollege-administrasiegebou is die Departemente Geografie en Stads- en Streeksbeplanning gehuisves, en die gebou sou voortaan bekend wees as die Gencorsentrum vir Regionale Ontwikkeling en Stads- en Streeksbeplanning (SENRIO). Die omskepping van die gebou het in twee fases geskied: die eerste fase is aan die einde van 1995 teen 'n koste van R271 800 afgehandel terwyl die tweede fase – die vestiging van Geografie – in 1999 'n aanvang geneem het.[545] Die J.S. van der Merwe-gebou moes deur die Departement Geografie ontruim word na die toekenning van dié gebou aan Plant- en Bodemkunde en teen 2003 aan Omgewingstudies. Planne vir die omskepping was eers in November 1997 gereed. Die koste om die gebou te verander, wat ook vir 'n bykomstige verdieping vir 'n glaskweekhuis voorsiening moes maak, is op R3 610 000 beraam, maar die afhandeling van slegs die tweede verdieping het R4 289 000 bedra.[546]

Die ou Plantkunde-gebou, toe reeds 40 jaar oud, is aanvanklik herbestem vir Voedingsfisiologie en die Buro vir Universiteitsonderrig, maar is uiteindelik vir 'n tyd lank aan Akademiese Steundienste en Telematiese Onderrig toegeken.[547] Teen die einde van die eeu is dié gebou omskep vir gebruik deur Grafiese Kuns, Kunsgeskiedenis en die huisves van die PUK-kunsversameling. Die

voorkeur wat aan dié twee departemente gegee is, is genoodsaak deurdat hul lokale in die Ferdinand Postma-biblioteek vir die PUK-argief benodig is en heelwat ruimte benodig is vir praktiese onderrig. Die kunsversameling is wel nie in die gebou geplaas nie, maar 'n permanente uitstallingslokaal, die Galery, met 'n aparte ingang, is op die grondvlak van die Biblioteek ingerig.[548]

Die vestiging van 'n kunssentrum het 'n aanloop van 'n halfeeu gehad. In die vroeë vyftigerjare reeds het 'n museumkomitee bestaan wat aansoeke vir museumfasiliteite hanteer het. Hierdie komitee is benoem na aanleiding van verskeie versoeke vir 'n Volkekunde- en 'n Aardrykskunde-museum. Die versoeke is nie toegestaan nie en 'n afvaardiging van die Raad het sonder sukses samesprekings met die Stadsraad gevoer oor die oprigting van 'n museumgebou op Cachet-plein, of oor die moontlikheid dat die ou Presidentswoning daarvoor aangekoop moes word. Kosbare museumstukke moes tydelik in die ou Teologiese Skool, ou Konservatorium en meule op die Oude Molen-terrein geberg word. In die meule is sommige van hierdie museumstukke erg deur boorwurms verniel. Later is vertoonkaste in die Ferdinand Postma-biblioteek aan Volkekunde beskikbaar gestel.[549] Sommige van die groter departemente soos Higiëne, Geologie, Dierkunde, Aardrykskunde en Sielkunde het hul eie museums in stand gehou.

***Die Galery - tuiste van die PUK se kunsversameling sedert 2002***

'n Aanhaling uit Wonderdaad! (p. 5) "Kultuuraanvoeling noop rektor Postma om in die loop van 1932 twee skilderye vir die PUK aan te koop. Hierop besluit die Komitee vir Terreine en Geboue dat 'n begin gemaak moet word met die aankoop van Afrikaanse skilderye terwyl Afrikaanse skilders ook genader sal word oor moontlike skenkings. 'n Kommissie vir Kunssake (proff. Postma, A.H. van der Walt en G. Dekker) is benoem en by 'n volgende vergadering in 'n permanente kommissie omskep, met 'n jaarlikse aankopebegroting van £6." Hierdie vroeë insette het gegroei tot waar die versameling teen 2004 groot en uitgebreid is. Die bewaringsfunksie word vervul deur die kurator van die versameling in oorleg met die Kunstekomitee. Een van die vroeë aanwinste in die versameling, 'n werk van Pierneef, is onlangs waardeer teen R400 000. Sommige van die groot name in Suid-Afrikaanse kuns, soos Bettie Cilliers-Barnard, Maud Sumner, Gregoire Boonzaaier, Pierneef, W.H. Coetzer, Dirk Meerkotter, Christo Coetzee, George Boys, Marjorie Wallace, Maureen Quinn, Cecil en Pippa Skotnes en Frieda Lock word verteenwoordig in die versameling, sowel as meer onlangse kunstenaars soos Chris Diedericks, Gwen McClellan, Annelise Marais, Titia Ballot, August Venter, Klaas Havenga, Louisemarié Combrink, Marriana Booyens, Tsietsi Matubaku en John Clarke.

Die Permanente en Bruikleenversameling van die Universiteit, waaronder die werke van die voormalige POK ook ressorteer, is groot en uitgebreid – die katalogus bevat digby 1 000 werke van die ou PU vir CHO en in die omgewing van 300 van die ou POK (dit sluit 'n aantal treffende beeldhouwerke van Coert Steynberg in). Hierdie werke is versprei oor die hele kampus in kantore en raadsale – daar is in totaal 200 werke in die Ferdinand Postma-biblioteek. Die kern van die versameling is vir 'n lang tyd in 'n kleinerige en swak ingerigte lokaal bo-op die Ferdinand Postma-biblioteek gehuisves, totdat 'n beter oplossing in 2002 bereik is toe die ou leessaal in die Biblioteek as 'n galery ingerig is. Klimaatbeheerde bergruimtes agter die galery is ingerig vir die werke uit die versameling wat nie op 'n gegewe stadium uitgestal word nie. Die Galery word baie gebruik vir amptelike Universiteitsfunksies, vir die Aardklop-feeskunstenaar en ongeveer 12 groot uitstallings per jaar. Dit is in 2002 luisterryk geopen met 'n woordprogram getitel "Boerneef en Pierneef", met 'n gepaardgaande uitstalling van die PUK se aansienlike aantal Pierneef-werke.

Saamgestel deur **Prof. Annette L. Combrink** (Kampusrektor, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit November 2004.

Om tot die Onderwyskollege terug te keer: die biblioteek van die Kollege (die ENAN-gebou) is vir verskeie nuwe gebruike oorweeg – onder andere om die PUK-kunsversameling te huisves en as 'n kunssentrum ingerig te word.[550] Hierdie oorweging het nie gerealiseer nie en die gebou is, naas sy oorspronklike biblioteekgebruik, tydelik ingerig om die lokaalvoorsiening vir Ekonomiese Wetenskappe aan te vul.

## 9.11 Uitdagings na 2003

Die PUK het gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu 'n fisiese groei in omvang en tempo beleef wat buite verhouding en inderdaad bo verwagting was, vergeleke met die ontwikkeling van die voorafgaande halfeeu.

Aan die einde van die 20ste eeu was daar op die gesamentlike kampus van die Universiteit en die Onderwyskollege sowat 300 onderskeie strukture of deelstrukture op die kampusplan, vergeleke met 25 in 1950. Die kampus is vyfvoudig vergroot. Die Fanie du Toit-sportveld is omskep van 'n biesiebegroeide moeras tot 'n funksionele, aanskoulike sportterrein.

Die vernaamste strukturele toekomsuitdagings skyn enersyds gekoppel te wees aan toenemende studentegetalle wat die bou of inrigting van ruimer lesingsale noodsaak[551] en andersyds aan nuwe benaderings ten opsigte van rekenaargesteunde selfstudie wat 'n behoefte aan gespesialiseerde kleiner studievertrekke skep.[552]

Die grootste persentasie van die geboue wat oor jare opgerig is, was om aan die studente 'n professionele diens te lewer en die Suid-Afrikaanse gemeenskap by wyse van 'n verskeidenheid akademiese funksies te bedien. Nuwe moontlikhede is ook in die proses verken om die studerende massa te bereik. In Hoofstuk 10 val die kollig op die infrastrukturele sowel as die akademiese ontwikkeling van die Potchefstroom- en die Vaaldriehoekkampus.